

MN 28

I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
P  
O  
W  
E  
R  
R  
E  
S  
E  
A  
R  
C  
H  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
P  
O  
W  
E  
R  
R  
E  
S  
E  
A  
R  
C  
H  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
P  
O  
W  
E  
R  
R  
E  
S  
E  
A  
R  
C  
H  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
P  
O  
W  
E  
R  
R  
E  
S  
E  
A  
R  
C  
H  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
P  
O  
W  
E  
R  
R  
E  
S  
E  
A  
R  
C  
H

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING



HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

## NAVORSINGSBEVINDING

\*

## RESEARCH FINDING

Die toetrede van hoërskoolseuns tot die boerdery  
as beroep

001.3072068 HSRC

MN 28

**HSRC**  
HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

**BIBLIOTEK  
LIBRARY**

**RGN**  
RAAD VIR  
GEESTSWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

|                   |             |
|-------------------|-------------|
| Klasnr./Class No. | 001.3072068 |
| Registrernr./No.  | HSRC MN 28  |
|                   | 30305/4     |



RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

SUID-AF

3

VERVALDATUM / DATE DUE

29. 10. 76

DIE TC


EP

d.

ENG

DIREKTEUR : W. VERHOEF

0000521617



PRETORIA

2844363866



1975

Navorsingsbevinding M-N-28

ISBN 0 86965 274 5

Kopiereg voorbehou

Prys R4,35

001.3072068 HSRC MN 28



\* 0 5 2 1 6 1 \*

|             |                                     |                                     |
|-------------|-------------------------------------|-------------------------------------|
| 4           | 30303<br>88 MN 28<br>REGISTERNUMMER | 5<br>01-3012068 H.S.RC<br>STANDKODE |
| RGN<br>HSRC |                                     |                                     |



## VOORWOORD

Een van die doelstellings met Talentopname is om 'n raming van die Blanke mannekragpotensiaal van Suid-Afrika te verkry. Hierdie doelstelling impliseer onder andere dat die toetrede van hoërskoolleerlinge tot verskillende beroepe of beroepsgroepe bestudeer moet word. Die spesifieke beroep wat in hierdie verslag ter sprake kom, is boerdery en die implikasies daarvan vir die landbousektor.

Dit blyk uit die Kommissie van Onderzoek na die Landbou se derde verslag dat gedurende die jaar 1964/65, 38,7 persent van die boerderyeenhede in die Republiek van Suid-Afrika slegs 3,5 persent van die bruto landbouproduksie kon lewer. Dit is dus duidelik dat daar boere is wat onekonomies boer. Redes vir hierdie toedrag van sake kan gesoek word in faktore soos ekonomiese probleme en onwetenskaplike boerderymetodes, maar veral ook is die menslike faktor van besondere belang. Faktore soos onder andere aanleg, deursettingsvermoë, belangstelling, bestuursvermoë en selfs aanpassing ten opsigte van die leefwyse van die boer, is van belang vir sukses in boerdery. Dit kan dus van besondere betekenis vir die landboubedryf wees om te bepaal wie die persone is wat hulleself as toekomstige boere sien en wat waarskynlik boere word.

Die algemene doel met hierdie verslag is om na te gaan watter eienskappe kenmerkend van potensiële boere is, met ander woorde of hulle sodanig van ander leerlinge onderskeibaar is dat hulle vroeg reeds vir die boerderyberoep gekeur en opgelei sou kon word.

  
WAARNEMENDE PRESIDENT



Met dank word ook verwys na die meer as duisend persone, meesal onderwysers, wat by skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het, en na personeellede van die afdelings sielkundige en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente, wat toetsafnemers opgelei het en 'n belangrike skakel in die organisasie van die toetsprogramme was. Ten slotte sou die uiteindelijke sukses van Talentopname nie moontlik gewees het sonder die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat daarby betrokke was nie.

## ERKENNING

Die gegewens wat in die navorsing waaroor hierdie verslag handel, gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se Blanke mannekragpotensiaal is, en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Talentopname is onderneem met die samewerking van al die onderwysdepartemente vir Blankes van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en van die verenigings van kerk- en privaatskole.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, voormalige President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS, en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, en dr. W.L. Roos, Assistent-direkteur van die Instituut vir Mannekragnavorsing. Die meetinstrumente wat in Talentopname se drie groot toetsprogramme op standaard ses-, agt- en tien-vlak gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is.

Gedurende die beplanningstadium en met die toepassing van die toetsprogramme is Talentopname se personeel bygestaan deur 'n advieskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die onderwysdepartemente van die RSA en SWA, verenigings van kerk- en privaatskole en die Nasionale Onderwysraad. Hierdie advieskomitee se hulp en bystand word in die besonder gewaardeer. Die komitee is gedurende 1973 ontbind en die funksies daarvan is deur die Advieskomitee vir Mannekragnavorsing oorgeneem.

Talentopname geskied in noue samewerking met die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing wat verantwoordelik is vir die masjinale verwerking en opberging van alle Talentopnamegegewens. Vir laasgenoemde word die Departement van Nasionale Opvoeding se IBM- optiese leser en rekenaar gebruik.

## OPSOMMING

Die ondersoekgroepe vir hierdie ondersoek was (a) standerd 6-leerlinge wat aspireer om boere te word, (b) standerd 8-leerlinge wat aspireer om boere te word, (c) standerd 10-leerlinge wat aspireer om boere te word, (d) skoolverlaters voor standerd 10 uit gewone skole wat boere geword het, (e) skoolverlaters voor standerd 10 uit Landbouskole wat boere geword het, (f) skoolverlaters na standerd 10 uit gewone skole wat boere geword het en (g) skoolverlaters na standerd 10 uit Landbouskole wat boere geword het. Hierdie groepe is vergelyk met ooreenstemmende groepe op dieselfde vlak wat aspireer na ander beroepe as boerdery of wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het.

Dit het geblyk dat die ondersoekgroepe se vaders hoofsaaklik boere is en dat die ondersoekgroepleerlinge in hoofsaak Afrikaanssprekend is en skole bywoon wat in 'n dorp of op 'n plaas geleë is. Wat aanleg betref, was daar nie groot verskille tussen die twee groepe nie, maar die ondersoekgroepe het beslis in 'n groter mate as die kontrolegroepe belangstelling geopenbaar in boerdery en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word.



## INHOUD

BLADSY

### OPSOMMING

#### HOOFSTUK

|      |  |    |
|------|--|----|
| 1    | INLEIDING EN DOEL  | 1  |
| 1.1  | Inleiding  | 1  |
| 1.2  | Probleemstelling   | 2  |
| 1.3  | Projek Talentopname  | 2  |
| 1.4  | Doel met ondersoek   | 8  |
| 1.5  | Omskrywing van faktore wat in hierdie ondersoek nagegaan word  | 8  |
| 2    | METODE VAN ONDERSOEK   | 12 |
| 2.1  | Die ondersoekgroepe  | 12 |
| 2.2  | Die kontrolegroepe   | 12 |
| 2.3  | Die meetinstrumente  | 12 |
| 3    | 'N VERGELYKING OP STANDERD 6-, 8- EN 10-VLAK TUSSEN SEUNS WAT TOT DIE BOERDERY AS BEROEP WIL TOETREE EN SEUNS WAT TOT ANDER BEROEPE WIL TOETREE  | 17 |
| 3.1  | Inleiding  | 17 |
| 3.2  | Die ondersoekgroepe  | 17 |
| 3.3  | Die kontrolegroepe   | 18 |
| 3.4  | Opmerking  | 18 |
| 3.5  | Biografiese en agtergrondgegewens  | 19 |
| 3.6  | Onderwysersbeoordeling   | 35 |
| 3.7  | Intellektuele vermoë   | 39 |
| 3.8  | Skolastiese bekwaamheid  | 39 |
| 3.9  | Aanleg   | 43 |
| 3.10 | Belangstelling   | 47 |
| 3.11 | Samevatting  | 54 |
| 4    | 'N VERGELYKING TUSSEN SEUNS WAT VOOR STANDERD 10 DIE SKOOL VERLAAT EN TOT DIE BOERDERY AS BEROEP TOEGETREE HET EN SEUNS WAT VOOR STANDERD TIEN DIE SKOOL VERLAAT EN ANDER BEROEPE AS BOERDERY GEVOLG HET | 57 |
| 4.1  | Inleiding  | 57 |
| 4.2  | Die ondersoekgroepe  | 58 |
| 4.3  | Die kontrolegroepe   | 58 |
| 4.4  | Biografiese en agtergrondgegewens  | 58 |
| 4.5  | Intellektuele vermoë   | 71 |

| HOOFSTUK  | BLADSE |
|---|--------|
| 4.6 Skolastiese bekwaamheid   | 71     |
| 4.7 Aanleg  | 74     |
| 4.8 Belangstelling  | 76     |
| 4.9 Samevatting   | 76     |
| <br>  |        |
| 5 'N VERGELYKING TUSSEN SEUNS WAT NA STANDERD 10 GAAN BOER HET EN SEUNS WAT NA STANDERD 10 ANDER BEROEPE AS BOERDERY GAAN BEOEFEN HET | 81     |
| 5.1 Inleiding   | 81     |
| 5.2 Die ondersoekgroepe   | 81     |
| 5.3 Die kontrolegroepe  | 82     |
| 5.4 Biografiese en agtergrondgegevens   | 82     |
| 5.5 Intellektuele vermoë  | 90     |
| 5.6 Skolastiese bekwaamheid   | 97     |
| 5.7 Aanleg  | 99     |
| 5.8 Belangstelling  | 104    |
| 5.9 Samevatting   | 104    |
| <br>  |        |
| 6 SAMEVATTING   | 105    |
| <br>  |        |
| LITERATUURVERWYSINGS  | 114    |



TABELLE

BLADSY

|      |  |    |
|------|--|----|
| 3.1  | VERDELING VOLGENS HUISTAAL   | 20 |
| 3.2  | VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND  | 22 |
| 3.3  | VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG                                     | 23 |
| 3.4  | VERDELING VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN   | 25 |
| 3.5  | VERDELING VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN  | 27 |
| 3.6  | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUERS NOG LEEF   | 28 |
| 3.7  | VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEë IS                                      | 29 |
| 3.8  | VERDELING VOLGENS SOORT SKOOL  | 31 |
| 3.9  | VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL  | 33 |
| 3.10 | VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON   | 34 |
| 3.11 | VERDELING VOLGENS OPLEIDINGSASPIRASIES OP STANDERD 6-VLAK                              | 36 |
| 3.12 | VERDELING VOLGENS DIE HOOGSTE STANDERD WAT LEERLINGE KAN SLAAG                         | 36 |
| 3.13 | VERDELING VOLGENS YWER MET SKOOLWERK   | 37 |
| 3.14 | VERDELING VOLGENS DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAI                                       | 38 |
| 3.15 | VERDELING VOLGENS DIE VAK OF VAKGEBIED WAARIN LEERLINGE DIE<br>BESTE AANLEG TOON       | 38 |
| 3.16 | GEMIDDELDE IK-PUNT OP STANDERD 6-, 8- EN 10-VLAK VOLGENS DIE<br>NSAG                   | 40 |
| 3.17 | GEMIDDELDE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE OP STANDERD 6-VLAK                         | 41 |
| 3.18 | GEMIDDELDE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE OP STANDERD 10-VLAK                        | 42 |
| 3.19 | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERDS 6, 8 EN 10<br>GESLAAG OF GEDRUIP HET | 44 |
| 3.20 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE TEGNIESE TOETSE OP STANDERD 6-VLAK                      | 45 |
| 3.21 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE TEGNIESE TOETSE OP STANDERD 8-VLAK                      | 46 |
| 3.22 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE JAT OP STANDERD 6-VLAK                                  | 48 |
| 3.23 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE SAT OP STANDERD 8-VLAK                                  | 49 |
| 3.24 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE SAT OP STANDERD 10-VLAK                                 | 50 |
| 3.25 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS OP<br>STANDERD 6-VLAK        | 51 |
| 3.26 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS OP<br>STANDERD 8-VLAK        | 52 |
| 3.27 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS OP<br>STANDERD 10-vlak       | 53 |
| 4.1  | VERDELING VOLGENS HUISTAAL   | 59 |
| 4.2  | VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND  | 60 |
| 4.3  | VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG                                     | 62 |
| 4.4  | VERDELING VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN   | 63 |
| 4.5  | VERDELING VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN  | 64 |
| 4.6  | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUERS NOG LEEF   | 65 |
| 4.7  | VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEë IS                                      | 66 |

|      |  |     |
|------|--|-----|
| 4.8  | VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL  | 67  |
| 4.9  | VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON                                     | 68  |
| 4.10 | VERDELING VOLGENS OPLEIDINGSASPIRASIES                                     | 69  |
| 4.11 | VERDELING VOLGENS GETAL DAE VAN SKOOL AFWESIG                              | 70  |
| 4.12 | GEMIDDELDE IK-PUNTE VOLGENS DIE NSAG                                       | 72  |
| 4.13 | GEMIDDELDE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE                                | 73  |
| 4.14 | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERD 6 GESLAAG OF GEDRUIP HET  | 74  |
| 4.15 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE TEGNIESE TOETSE                             | 75  |
| 4.16 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE JAT   | 77  |
| 4.17 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS                  | 78  |
| 5.1  | VERDELING VOLGENS HUISTAAL   | 83  |
| 5.2  | VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND                                      | 84  |
| 5.3  | VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG                         | 86  |
| 5.4  | VERDELING VOLGENS GETAL KINDEKIS IN DIE GESIN                              | 87  |
| 5.5  | VERDELING VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN                                    | 88  |
| 5.6  | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUIERS NOG LEEF                              | 90  |
| 5.7  | VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEë IS                          | 90  |
| 5.8  | VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL  | 91  |
| 5.9  | VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON                                     | 92  |
| 5.10 | VERDELING VOLGENS NASKOOLSE TOEKOMSPLANNE                                  | 94  |
| 5.11 | VERDELING VOLGENS GETAL DAE VAN SKOOL AFWESIG                              | 95  |
| 5.12 | GEMIDDELDE IK-STANEGES VOLGENS DIE NSAG                                    | 96  |
| 5.13 | GEMIDDELDE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE                                | 98  |
| 5.14 | VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERD 10 GESLAAG OF GEDRUIP HET | 99  |
| 5.15 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE SAT   | 100 |
| 5.16 | GEMIDDELDE STANESEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS                  | 102 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN DOEL

### 1.1 INLEIDING

Vir die jong man wat op die huidige tot die boerderyberoep wil toetree, raak dit relatief al hoe moeiliker. Geskikte landbougrond is deesdae duur en indien die koste wat aangegaan word om 'n boerdery te begin in aanmerking geneem word, begin die jong boer met 'n groot finansiële agterstand of word die potensiële suksesvolle boer deur die finansiële skuld las afgeskrik. 'n Ander moontlikheid is om grond te huur. Sodoende word die kapitale uitleg verminder, maar moet die produksie uit die plaas sodanig wees dat die huur betaal kan word en 'n bestaan daaruit gemaak kan word. Deur erflating kan grond bekom word, maar dit kan ook soms probleme lewer indien die erfgenaam nie wil boer nie, die grond onbewerk laat, verhuur of verkoop. Indien daar meer as een erfgenaam is, word die grond soms onderverdeel wat moontlik onekonomiese eenhede tot gevolg het. Daar bestaan verder die moontlikheid dat 'n seun en sy vader op dieselfde grond kan boer en sodoende moet twee gesinne uit die opbrengs van een plaas lewe.

Weens die feit dat grond duurder en moeiliker bekombaar word, het dit tot gevolg dat beskikbare grond relatief meer intensief en wetenskaplik benut moet word om boerdery ekonomies lonend te maak. Hiervoor is opleiding en voorligting noodsaaklik. Konvensionele boerderymetodes moet dikwels laat vaar word en die meer revolusionêre wetenskaplike metodes moet toegepas word. Weerstand teen verandering is dikwels teenwoordig en mag lei tot onderproduksie van 'n potensiële ekonomiese plaaseenheid.

Afgesien van ekonomiese oorwegings en wetenskaplike boerderymetodes, is die menslike faktor van besondere belang. Faktore soos onder andere aanleg, deursettingsvermoë, belangstelling, bestuursvermoë en selfs aanpassing ten opsigte van die leefwyse van die boer, is van besondere belang vir sukses in boerdery. Indien alle nie-psigologiese faktore soos onder andere voldoende kapitaal, arbeid en natuurelemente gunstig vir die boer sou wees, maar die gemelde psigologiese faktore kortskiet, sal dit moeilik wees om 'n ekonomiese boerdery te handhaaf. Die teenoorgestelde mag ook waar wees, dit wil sê die boer beskik oor al die psigologiese eienskappe om 'n suksesvolle boer te wees, maar die nie-psigologiese faktore is vir hom nie gunstig nie.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Volgens die Kommissie van Onderzoek na die Landbou, blyk dat gedurende die jaar 1964/65, 38,7 persent van die boerderyeenhede in die Republiek slegs 3,5 persent van die bruto landbouproduksie kon lewer (derde verslag, 1972, p. 85). Daar is dus boere wat onekonomies boer, onder andere moontlik as gevolg van die gemelde psigologiese faktore.

In 'n voorlopige indeling van 'n ondersoek deur die Komitee van Onderzoek na Landelike Hervorming, word tentatiewe oplossings aan die hand gedoen om onekonomiese boerdery te bekamp. Oplossings is onder andere konsolidasie van onekonomiese eenhede, aansporings tot onttrekkings en aftrede van ouere boere en omskoling van onsuksesvolle jong en middeljarige boere.

Indien daarin geslaag kon word om die landboubedryf van onekonomiese boerderyeenhede en onsuksesvolle boere te "suiwer", is dit belangrik om te verhoed dat daar weer sodanige tendense plaasvind.

Dit kan dus van besondere belang vir die landboubedryf wees om vas te stel wie die persone is wat hulleself as toekomstige boere sien en wie waarskynlik boere word. Gegewens van Projek Talentopname leen onder andere tot navorsing in dié verband.

## 1.3 PROJEK TALENTOPNAMING

### 1.3.1 Doel met Talentopname

Die breë doelstelling met Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag: WAT IS DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL? en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL.

Uit hierdie breë doelstelling volg onmiddellik twee afsonderlike doelstellings, naamlik

(a) om 'n raming van die Blanke mannekragpotensiaal van Suid-Afrika te verkry, en

(b) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van die mannekragpotensiaal beïnvloed.

Vir 'n breedvoeriger bespreking van die ondergeskikte doelstellings van Projek Talentopname kyk verslag MT-1 (Verhoef en Roos, 1970).

### 1.3.2 Aard en omvang van Projek Talentopname

#### (a) Die 1965-toetsprogram

In 1965 het 69 908 Blanke standaard 6-leerlinge 'n omvattende battery toetse afgelê en vraelyste beantwoord wat saamgestel is deur die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing). Bogenoemde toetsprogram was die begin van Projek Talentopname, een van die grootste langtermyn-navorsingsprojekte wat nog ooit op die gebied van die onderwys in Suid-Afrika onderneem is, in samewerking met die onderwysdepartemente vir Blankes van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en die verenigings van kerk- en privaatskole. Die 69 909 leerlinge wat in standaard 6 getoets is, is nagenoeg al die standaard 6-leerlinge wat in 1965 in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika was en word vir praktiese doeleindes as die universum van 1965 se standaard 6-leerlinge beskou. Die enigste leerlinge wat nie by Talentopname betrek is nie, is subnormale leerlinge in spesiale klasse of skole en leerlinge verbonde aan nywerheids-, verbetering- en ander spesiale skole, aangesien daar gemeen is dat hierdie leerlinge om spesifieke redes reeds van die universum geskei is. Aangesien hierdie leerlinge ook reeds spesiale onderwys in ooreenstemming met hulle vermoëns en behoeftes ontvang, kan hulle vir die doeleindes van Talentopname met reg buite rekening gelaat word. Vir 'n volledige beskrywing van die 1965-toetsprogram vir standaard 6-leerlinge kyk verslag MT-2 (Roos, 1970).

#### (b) Die 1967-toetsprogram

Die 1967-toetsprogram het twee groepe leerlinge betrek, naamlik eerstens die universum van standaard 8-leerlinge in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en tweedens al die standaard 8-leerlinge by 'n kwart van bogenoemde skole.

Aangesien dit onprakties was om in 1967 slegs dié leerlinge wat in 1965 aan Talentopname deelgeneem het, by 'n hertoetsing te betrek weens die feit t'n ontwrigting van die standerd 8-klasse by die betrokke skole tog sou plaasvind, is om organisatoriese redes besluit om al die standerd 8-leerlinge by die 1967-toetsprogram te betrek. Op hierdie wyse sou waardevolle gegewens ten opsigte van die standerd 8-universum vir navorsing beskikbaar raak. Aangesien die standerd 8-universum leerlinge ingesluit het wat nie in 1965 in standerd 6 getoets is nie, byvoorbeeld druipelinge, is besluit om eerstens al die standerd 8-leerlinge in die land by 'n kort toetsprogram te betrek waarin die Biografiese Vraelys en die Nuwe Suid-Afrikaanse groeptoets toegepas is. Die oorblywende toetse en vraelyste van die 1967-toetsprogram is tweedens toegepas op al die leerlinge in 'n kwart van die skole in die land wat oor standerd 8-leerlinge beskik het. Die seleksie van 'n kwart van die skole is ewekansig gedoen op grond van die Talentopnamenommers wat in 1965 aan die skole toegeken is en nadat skole wat nie in 1967 oor standerd 8-leerlinge beskik het nie geëlimineer is en "nuwe" skole (bv. handelsskole) wat nie by die 1965-toetsprogram betrek is nie en in 1967 oor standerd 8-leerlinge beskik het, bygevoeg is en Talentopnamenommers aan die skole toegeken is.

Die totale getal standerd 8-leerlinge, oftewel die universum van standerd 8-leerlinge in gewone skole, wat getoets is, was 55 719, terwyl die getal leerlinge wat in 'n kwart van die skole getoets is, 13 851 was.

Van die 69 908 leerlinge wat in 1965 in standerd 6 getoets is, is 46 711 leerlinge in 1967 in standerd 8 hertoets. Dit wil sê 83,8 persent van die standerd 8-groep is leerlinge van die oorspronklike standerd 6-groep wat in 1965 getoets is. Die ander 23 197 leerlinge van die oorspronklike standerd 6-groep wat nie in 1967 in standerd 8 was nie, het derhalwe òf standerd 6 òf standerd 7 gedruip òf die skool òf die land verlaat òf is oorlede. 'n Groep van 9008 "nuwe" leerlinge is in 1967 in standerd 8 gevind. Hulle is 'n samestelling van druipelinge van vorige jare, leerlinge wat moontlik weens siekte of ander redes nie in 1965 in standerd 6 getoets is nie en leerlinge wat die land sedert 1965 binnegekom het. Vir 'n vollediger bespreking van die 1967-toetsprogram kyk verslag MT-10 (Roos, 1972).

(c) Die 1969-toetsprogram

Een van die doelstellings met die 1969-toetsprogram was om die standerd 6-leerlinge wat in 1965 getoets is en in 1967 in standerd 8 opgevolg is, in 1969 ook in standerd 10 op te volg. Die 1969-toetsprogram het net soos die 1967-toetsprogram, twee groepe leerlinge betrek, naamlik eerstens die universum van standerd 10-leerlinge in gewone skole in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en tweedens al die standerd 10-leerlinge by 'n kwart van bogenoemde skole.

Aangesien dit onprakties was om in 1969 slegs dié leerlinge wat in 1965 en 1967 aan Talentopname deelgeneem het, by 'n hertoetsing te betrek weens die feit dat 'n ontwrigting van die standerd 10-klasse by die betrokke skole sou plaasvind, is om organisatoriese redes besluit om al die standerd 10-leerlinge by die 1969-toetsprogram te betrek. Op hierdie wyse sou waardevolle gegewens ten opsigte van die standerd 10-universum vir navorsing beskikbaar raak. Aangesien die standerd 10-universum leerlinge ingesluit het wat nie in 1965 in standerd 6 of in 1967 in standerd 8 getoets is nie, byvoorbeeld druipele of nuwe leerlinge, is besluit om eerstens al die standerd 10-leerlinge in die land by 'n kort toetsprogram te betrek waartydens die Biografiese Vraelys toegepas is. Die oorblywende toetse en vraelyste van die 1969-toetsprogram is tweedens toegepas op al die leerlinge in 'n kwart van die skole in die land wat oor standerd 10-leerlinge beskik het. Die enigste uitsondering was Suidwes-Afrika. Hier is al die standerd 10-leerlinge in al die skole by die volle toetsprogram betrek. Die seleksie van 'n kwart van die skole is ewekansig gedoen op grond van die Talentopnamenommers wat in 1965 en 1967 aan die skole toegeken is nadat skole wat nie in 1969 oor standerd 10-leerlinge beskik het nie, geëlimineer is en "nuwe" skole wat nie by die 1965- en 1967-toetsprogramme betrek is nie en in 1969 oor standerd 10-leerlinge beskik het, bygevoeg is en Talentopnamenommers aan dié skole toegeken is.

Die totale getal standerd 10-leerlinge, oftewel die universum van standerd 10-leerlinge in gewone skole wat getoets is, was 34 132 terwyl die getal leerlinge wat in 'n kwart van die skole getoets is, 9915 was. Van die 69 908 leerlinge wat in 1965 in standerd 6 getoets is, is 26 660 leerlinge in 1969 in standerd 10 hertoets. Van die oorspronklike standerd 6-groep is 43 248 leerlinge nie in 1969 in standerd 10 hertoets nie. Heelwat van hierdie leerlinge bereik wel moontlik standerd 10 alhoewel 'n jaar of meer later as wat die normale tydsduur is om van standerd 6 tot standerd 10 te vorder.

Die 43 248 leerlinge wat in 1965 in standerd 6 getoets is, maar nie in 1969 in standerd 10 was nie, is dus leerlinge wat van standerd 6 tot 10 gedruip het òf die skool òf die land verlaat het òf wat oorlede is. 'n Groep van 2174 "nuwe" leerlinge is in 1969 in standerd 10 gevind. Hierdie "nuwe" leerlinge is 'n samestelling van druipelinge van vorige jare, leerlinge wat moontlik weens siekte of ander redes nie in standerds 6 of 8 getoets is nie en leerlinge wat die land sedert 1965 of 1967 binnegekom het. Vir 'n volledige bespreking van die 1969-toetsprogram, kyk verslag MT-24 (Roos, 1975).

(d) Skoolverlaters

Een van die doelstellings met Talentopname is om alle leerlinge wat aan Talentopname deelgeneem het vir 'n aantal jare nadat hulle die skool verlaat het op te volg om sodoende te bepaal watter verdere opleiding hulle ontvang en wat van hulle in hulle beroepsloopbane word. Op hierdie wyse kan die moontlike verband tussen graad van opleiding en sukses in die arbeidssituasie bepaal word. Sodanige navorsing kan belangrike implikasies hê met die oog op die beter benutting van die beskikbare mannekrag van die land. Die skoolverlaters word hoofsaaklik in twee groepe verdeel, naamlik skoolverlaters voor standerd 10 en skoolverlaters na standerd 10.

(i) Skoolverlaters voor standerd 10

Naamlyste van persone wat aan Talentopname deelgeneem het, is weer aan elke betrokke skool gestuur met die versoek om aan te dui watter leerlinge na ander skole verskuif het en watter leerlinge die skool vir goed verlaat het. Op grond van die inligting wat verkry is van die skole is vraelyste gestuur aan alle leerlinge wat klaarblyklik die skool vir goed verlaat het. Dit sluit persone in van wie gerapporteer is dat hulle werk, getroud is, geskors is, medies ongeskik vir skool verklaar is asook die wie se rede vir of omstandighede tydens skoolverlating onbekend is. Die skole kon ongelukkig nie al die skoolverlaters se adresse verstrekk nie. Van dié skoolverlaters wat wel opgevolg is, het net 'n gedeelte die ingevulde vraelyste weer teruggestuur. Die getal skoolverlaters wat wel gereageer het, is 3422 leerlinge.



## (ii) Skoolverlaters na standerd 10

Daar is aan al die leerlinge wat aan die 1969-toetsprogram deelneem het 'n vraelys gestuur nadat hulle die skool verlaat het hoofsaaklik om te bepaal watter leerlinge verder gaan studeer en watter leerlinge onmiddellik tot die arbeidsmag toegetree het. Op grond van die inligting wat so verkry is, is die leerlinge in twee breë groepe ingedeel, naamlik studente wat voltyds gaan studeer het en leerlinge wat gaan werk het. 'n Verdere vraelys is aan hierdie leerlinge gestuur om onder andere vas te stel aan watter inrigtings en in watter rigtings die leerlinge gaan studeer het en om te bepaal watter beroepe die leerlinge wat nie gaan studeer het nie beoefen. Ook hier het slegs 'n gedeelte van die leerlinge gereageer en die ingevulde vraelyste teruggestuur. Die getal leerlinge wat wel gereageer het, is 22 518.

### 1.3.3 Gesigspunte ten opsigte van navorsing

Navorsing met behulp van Talentopnamegewens ten opsigte van die mens betrokke by boerdery, kan uit verskillende gesigspunte benader word. Talentopname bied byvoorbeeld gewens met betrekking tot leerlinge wat in boerdery as beroep belangstel ten opsigte van standerds 6, 8 en 10 en die wat verdere opleiding geniet het. Faktore soos plattelandse kinders wat weg van boerdery af beweeg teenoor stedelike kinders wat in boerdery belangstel; leerlinge wie se ouers boere is en nie self in boerdery belangstel nie teenoor leerlinge wie se ouers nie boere is nie en wel in boerdery belangstel; leerlinge in gewone provinsiale skole wat in boerdery belangstel teenoor leerlinge in landbouskole wat in boerdery belangstel en leerlinge in landbou-skole wat uiteindelik nie boere word nie teenoor leerlinge in gewone provinsiale skole wat wel boere word, is faktore wat moontlik ondersoek kan word en mag op sigself weer tot verdere navorsing lei.

Die wenslikste is om op standerd 6-vlak met breë navorsing te begin en na te gaan wie die leerlinge is wat reeds op dié vroeë stadium van hulle skoolloopbaan in boerdery as beroep belangstel en hulle op te volg in standerds 8 en 10. Indien dit blyk dat leerlinge 'n redelike konstante belangstelling in boerdery openbaar, mag dit die moeite loon om reeds op 'n vroeë stadium die voornemende boere uit te ken, te keur en vir die boerderyberoep te skool.

#### 1.4 DOEL MET ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om aspirante boere en leerlinge wat werklik boere geword het te vergelyk met leerlinge wat aspireer na ander beroepe as boerdery en leerlinge wat werklik ander beroepe as boerdery gaan beoefen het ten einde na te gaan watter eienskappe (indien enige) kenmerkend van potensiële boere is met ander woorde of hulle sodanig van ander leerlinge onderskeibaar is dat hulle vroeg reeds vir die boerderyberoep "gekeur" en geskool sou kon word. 'n Verdere doelstelling met hierdie ondersoek is om te bepaal in watter mate leerlinge wat aandui dat hulle wil gaan boer hulle voornemens binne 'n jaar na skoolverlating verwesentlik.

Om bogenoemde doelstellings te bereik, blyk dit logies om die twee groepe leerlinge met mekaar te vergelyk ten opsigte van sekere agtergrondgegewens, onderwysersbeoordeling, intellektuele vermoë, skolastiese prestasie, aanleg en belangstelling.

'n Verdere doelstelling met die ondersoek was aanvanklik om ontledings vir afsonderlike landboustreke te doen maar hiervan moes afgesien word vanweë die relatief klein getal leerlinge in die ondersoekgroepe.

#### 1.5 OMSKRYWING VAN FAKTORE WAT IN HIERDIE ONDERSOEK NAGEGAAN WORD

Dit is wenslik dat die vernaamste begrippe wat in hierdie ondersoek gebruik is, toegelig word. Uit die aard van die saak is daar al baie oor sommige begrippe geskrywe en soms uiteenlopende menings gegee. In wetenskaplike navorsingswerk is dit beslis wenslik dat begrippe wat alledaags gebesig word en ook deur die navorser aangewend word, nader omskryf moet word sodat hul betekenisnuanse in 'n bepaalde gebruiksverband duidelik sal blyk.

##### (a) Agtergrondgegewens

Vir die doel van hierdie ondersoek word met agtergrondgegewens bedoel gegewens wat betrekking het op 'n individu se (i) persoonlike besonderhede soos sy huistaal, gezondheidstoestand, ensovoorts; (ii) gesinsagtergrond soos beroep van vader, grootte van die gesin, ensovoorts; (iii) skool- en studieaangeleenthede soos soort skool, ligging van skool, ensovoorts.

(b) Onderwysersbeoordeling

Met onderwysersbeoordeling word bedoel die siening van die klas= onderwyser ten opsigte van elke leerling. Die mening van die klasonderwyser oor sake soos skoolprestasie, vermoë tot leierskap, afwesigheid van skool, ywer met skoolwerk, ensovoorts, kom hier ter sprake.

(c) Intellektuele vermoë

Die val buite die bestek van hierdie ondersoek om 'n volledige bespreking van definisies en teorieë van intelligensie te gee of die aard daarvan te bespreek. Daarom sal met enkele opmerkings oor die belangrikste beskouings van wat intelligensie is, volstaan word.

Die baie pogings om intelligensie te omskryf, kan geklassifiseer word volgens dié aspek van intelligente handeling wat beklemtoon word. Die teoretiese aard van intelligensie kan, volgens Möller (1966, p. 25), funksioneel en struktureel benader word.

(i) Funksioneel

In die funksionele definisies poog die navorser om intelligensie te verklaar op grond van die waarneming van menslike gedrag. So is daar definisies wat nadruk lê op "aanpassing", andere lê weer nadruk op die leervermoë, terwyl 'n derde groep nadruk lê op abstrakte dinkprosesse. Hierdie verskillende beskouings van intelligensie weerspreek mekaar nie noodwendig nie - die nadruk val net op verskillende aspekte van die geheel wat intelligensie uitmaak. 'n Kombinasie van die drie beskouings is uiteraard moontlik. So sal iemand wat die vermoë besit om nuwe dinge aan te leer en verder in staat is om dit wat hy aangeleer het, deur middel van abstrakte denke toe te pas om probleme op te los, heelwaarskynlik goed by sy omgewing inskakel en met ander mense klaarkom.

(ii) Struktureel

Ander sielkundiges het gepoog om die fundamentele aard en struktuur van intelligensie te verklaar, eerder as om dit funksioneel te benader. Die vernaamste teorieë in hierdie verband is die tweefaktorteorie van Spearman, die veelfaktorteorie van Thorndike en die groeppfaktorteorie van Thurston. Hierdie teorieë wat almal op strukturele definisies neerkom, is basies ook nie absoluut verskillend nie. Al drie erken in 'n mindere of meerdere mate die bestaan van spesifieke faktore. Al drie is dit ook eens dat daar 'n algemene faktor' (groep faktore) moet bestaan. Dit lewer volgens hulle die verklaring

vir die hoë positiewe interkorrelasies tussen verskillende intelligensietoetse. Voorstanders van al drie teorieë stem ook saam dat intellektuele aktiwiteite deur verskillende verbindings van algemene en besondere groepsfaktore plaasvind.

(d) Skolastiese prestasie

Die algemene doel van skolastiese toetse is om die sukses van onderrig te bepaal. Soos Chamberlain (1973, p. 51) dit stel: "... an achievement test is intended to answer the question 'How well has the testee mastered this particular unit of study?'"

(e) Aanleg

Die term "aanleg" word in baie gevalle op losse wyse gebruik. Sommige skakel dit gelyk met algemene bekwaamheid wat 'n hele aantal trekke en vermoëns insluit, andere sien dit weer as potensiaaliteit vir 'n besondere aktiwiteit, terwyl andere oorerwing benadruk. Oor die algemeen veronderstel dit die gemak waarmee 'n persoon iets aanleer en ook die mate van sukses wat hy behaal.

Van die verskillende definisies van aanleg word die een wat voorkom in die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se "Voorlopige handleiding vir die Senior Aanlegtoetse" (1970, p. 11) vir die doel van hierdie ondersoek gebruik. Daarvolgens word aanleg gedefinieer as die potensiele verstandelike vermoëns, aangebore sowel as verworwe, waaroor die individu op 'n sekere stadium beskik en wat hom in staat stel om sekere bekwaamhede te ontwikkel. Die klem val dus by aanleg op potensiele kundigheid of vaardigheid in dien opleiding sou plaasvind.

(f) Belangstelling

Wanneer aan die verskynsel belangstelling aandag gegee word, moet noodwendig ook die verskynsel motivering ter sprake kom. Belangstelling is nie identies met motivering nie, maar dit grens daaraan. Hierdie twee verskynsels is grondliggend aan die totale optrede van 'n persoon. Daar moet egter onderskei word tussen belangstelling en motivering. Eerstens is motivering verbonde aan die bereiking van 'n doel waaraan waarde geheg word (fisies, sosiaal of andersins). Belangstelling is gerig op 'n voorwerp of aktiwiteit wat nie noodwendig met die bereiking van 'n doel verband hou nie.

In die tweede plek verdwyn die motivering meestal nadat die doel bereik is, terwyl belangstelling gewoonlik eerder nog deur sukses versterk word. Dit beteken dat motivering redelik tydelik van aard is, terwyl belangstelling meer voortdurend is.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN ONDERSOEK

#### 2.1 DIE ONDERSOEKSGROEPE

Die ondersoeksgroepe bestaan uit leerlinge wat in die Biografiese Vraelyste aangedui het dat hulle beoog om tot boerdery as beroep toe te tree of uit leerlinge wat werklik gaan boer het. Aangesien die ondersoeksgroepe van hoofstuk tot hoofstuk verskil, sal die samestelling van die ondersoeksgroepe aan die begin van elke hoofstuk uiteengesit word.

#### 2.2 DIE KONTROLEGROEPE

Die kontrolegroepe bestaan uit leerlinge wat in die Biografiese Vraelys aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen of leerlinge wat in die praktyk werklik ander beroepe as boerdery gevolg het. Ook die kontrolegroepe verskil van hoofstuk tot hoofstuk en die samestelling daarvan sal in die begin van elke hoofstuk gemeld word.

#### 2.3 DIE MEETINSTRUMENTE

Die onderstaande meetinstrumente is gebruik om gegewens ten opsigte van agtergrond, onderwysersbeoordeling, intellektuele vermoë, skolastiese prestasie, aanleg en belangstelling te verkry. Hier word volstaan met 'n beknopte beskrywing van die meetinstrumente wat in hierdie ondersoek ter sprake is. 'n Volledige beskrywing van al die vraelyste en toetse wat in Projek Talentopname gebruik is, sowel as die betroubaarheid en metingsfout van die toetse, verskyn in 'n vorige Talentopnameverslag (Verhoef en Roos, 1970).

##### 2.3.1 Biografiese Vraelyste

Die drie Biografiese Vraelyste wat op standaard 6-, 8- en 10-vlak gebruik is, is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlik biografiese en ander agtergrondgegewens van elke leerling te bekom.

Die Biografiese Vraelyste bestaan uit vrae wat onder andere persoonlike besonderhede en gegewens ten opsigte van die leerlinge se gesinsagtergrond, skool- en studieaangeleentheid, houdings en vryetydbesteding verskaf. By elke vraag, afgesien van die oop en identifiserende vrae, word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling dié een moet kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is sodanig dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord.

### 2.3.2 Vraelys aan standerd 6-klasonderwysers

Die doel met hierdie vraelys was om 'n beoordeling deur die standerd 6-klasonderwyser(es) van elke standerd 6-leerling te verkry ten opsigte van onder andere die leerling se gedrag, aanpassing en vermoëns ten opsigte van die skoolsituasie en skoolwerk. Die vraelys bestaan uit 21 vrae.

### 2.3.3 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG)

Die NSAG is opgestel om sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het, te meet, met die doel om gebruik te word as objektiewe hulpmiddel by die klassifikasie, sifting en leiding van leerlinge.

Die NSAG bestaan uit ses subtoetse waarvan drie uit nie-verbale en drie uit verbale items saamgestel is. Elke subtoets bevat dertig items wat almal van die vyfkeusige tipe is. Die leerling moet aandui watter van die vyf moontlike antwoorde wat verstrekk word, die regte een is. Die NSAG lewer drie tellings, naamlik 'n Verbale IK, 'n Nie-verbale IK en 'n Totaal IK.

Die Intermediêre reeks is bedoel vir ouderdomme van 10 jaar tot 14 jaar 11 maande, terwyl die Senior reeks vir ouderdomme van 13 jaar tot 17 jaar 11 maande bedoel is.

### 2.3.4 Skolastiese prestasie

Vir die doel met hierdie verslag is die leerlinge se eksamenpunte aan die einde van elke jaar (standers 6, 8 en 10) beskou as 'n betroubare en objektiewe meting van hulle bekwaamheid in verskillende rigtings.

### 2.3.5 Aanleg

Daar is in hierdie verslag van drie aanlegtoetse, naamlik die Tegnieese Toetse, die Junior Aanlegtoetse en die Senior Aanlegtoetse gebruik gemaak.

#### (a) Tegnieese Toetse (TT)

Die TT is opgestel met die doel om 'n betroubare en objektiewe beeld te gee van die toetspersoon se algemene vermoë in die tegnieese rigting en van sy aanlegte in sekere van die vernaamste vakrigtings of ambagte binne die tegnieese rigting. Die TT bestaan uit vyf toetse, naamlik:

- Toets 1 : Rekenkunde
- Toets 2 : Meganiese Insig
- Toets 3 : Vormwaarneming Deel I
- Toets 4 : Vormwaarneming Deel II
- Toets 5 : Die Gereedskaptoets

Die TT is op standerd 7-peil gegradeer en kan van die einde van die standerd 6-jaar af, tot aan die begin van die standerd 8-jaar toegepas word. Die werklike toetstyd is 1 uur 12 minute.

#### (b) Junior Aanlegtoetse (JAT)

Die JAT gee 'n betroubare en objektiewe meting van die vermoë om kennis en vaardighede in verskeie min of meer spesifieke rigtings te verwerf. Die JAT is geskik vir leerlinge in standerds 4 tot 8 en bestaan uit die volgende 12 toetse:

- Toets 1 : Redenering
- Toets 2 : Klassifikasie
- Toets 3 : Berekeninge
- Toets 4 : Onderdele
- Toets 5 : Sinonieme
- Toets 6 : Vierkante
- Toets 7 : Naamvergelyking
- Toets 8 : Figuurwaarneming
- Toets 9 : Geheue vir Name en Gesigte
- Toets 10 : Woordvlotheid
- Toets 11 : Koördinasie
- Toets 12 : Skryfspoed



### (c) Senior Aanlegtoetse (SAT)

Die Senior Aanlegtoetse is opgestel vir die meting van potensiele verstandsvermoë in terme van 'n aantal breë verstandsfaktore met die oog op die voorspelling van bekwaamhede wat die individu kan ontwikkel.

Die SAT bestaan uit twaalf toetse, naamlik:

- Toets 1 : Verbale Begrip
- Toets 2 : Berekeninge
- Toets 3 : Woordbou
- Toets 4 : Vergelyking
- Toets 5 : Patroonvoltooiing
- Toets 6 : Figuurreeks
- Toets 7 : Ruimtelik 2-D
- Toets 8 : Ruimtelik 3-D
- Toets 9 : Geheue (Paragraaf)
- Toets 10 : Geheue (Simbole)
- Toets 11 : Koördinasie
- Toets 12 : Skryfspood

Die SAT is bedoel vir leerlinge in standerds 8 tot 10, studente en volwassenes. Die werklike toetstyd is 1 uur en 40 minute.

### 2.3.6 Die GSZ-belangstellingsvraelys

Die GSZ-belangstellingsvraelys is opgestel om die beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge en volwassenes in agtien belangstellingsvelde te meet. Elkeen van die agtien belangstellingsvelde word verder op grond van die metode van beantwoording onderverdeel in 'n H- ("hobby" of stokperdjie) en 'n W- (werk) veld. Hierdie verdeling is op standerd 6- en 10-vlak gedoen, maar nie op standerd 8-vlak nie.

Die GSZ bestaan uit 360 vrae wat handel oor 'n verskeidenheid aktiwiteite wat onder die agtien velde gelykop verdeel is, naamlik:

- Veld 1 : Kuns-Waardering
- Veld 2 : Kuns-Ekspressie
- Veld 3 : Taal-Waardering
- Veld 4 : Taal-Ekspressie

Veld 5 : Wetenskap-Navorsing  
Veld 6 : Wetenskap-Teoreties  
Veld 7 : Meganies-Hantering  
Veld 8 : Meganies-Ontwerp  
Veld 9 : Buitenshuis-Natuur  
Veld 10 : Buitenshuis-Sport  
Veld 11 : Handel  
Veld 12 : Bedryfsleiding  
Veld 13 : Sosiaal-Oorreding  
Veld 14 : Sosiaal-Gesellig  
Veld 15 : Persoonlike Diens  
Veld 16 : Maatskaplike Diens  
Veld 17 : Kantoorwerk-Klerklik  
Veld 18 : Kantoorwerk-Numeries

#### 2.3.7 Statistiese verwerkings

In hierdie ondersoek is van erkende statistiese tegnieke gebruik gemaak om te bepaal of die ondersoekgroep beduidend van die kontrolegroep verskil. Die  $X^2$ -tegniek is gebruik ten opsigte van gegewens van die Biografiese en Onderwysersvraelys. Vir alle ander veranderlikes is gebruik gemaak van die t-toets om groepe onderling te vergelyk.

## HOOFSTUK 3

### 'N VERGELYKING OP STANDERD 6-, 8- EN 10-VLAK TUSSEN SEUNS WAT TOT DIE BOEREDERY AS BEROEP WIL TOETREE EN SEUNS WAT TOT ANDER BEROEPE WIL TOETREE

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om te bepaal watter eienskappe of kenmerke (indien enige) kenmerkend is van leerlinge wat aspireer om boere te word. Om 'n duideliker beeld van die aspirant-boer te verkry, word hulle vergelyk met leerlinge wat ander beroepe wil beoefen. Daar sal ook gelet word in watter mate die aspirant-boer se beeld gedurende sy hoërskoolloopbaan (van standerd 6 tot standerd 10) verander.

Dit is belangrik om daarop te let dat die totale getal leerlinge van tabel tot tabel mag verskil. Dit is toe te skryf aan die feit dat sommige leerlinge afwesig was op die bepaalde dag toe die toetse of vraelyste toegepas is. Die persentasies is egter bereken op grond van die werklike getal leerlinge vir wie gegewens beskikbaar is.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word aanvaar dat indien die waarskynlikheidswaarde ( $p$ ) een persent of kleiner is ( $p < 0,01$ ), dit 'n aanduiding is dat die verskille beduidend is.

Die resultate van hierdie ondersoek word in hierdie hoofstuk, slegs ter wille van eenvoud en sistematiese ordening, onder die volgende hoofde bespreek:

- (a) Biografiese en agtergrondgegewens
- (b) Beoordeling deur klasonderwysers
- (c) Verstandelike vermoë
- (d) Skolastiese bekwaamheid
- (e) Aanleg
- (f) Belangstelling

#### 3.2 DIE ONDERSOEGROEPE

Die ondersoekgroepe vir hierdie hoofstuk is op grond van 'n enkele kriterium, naamlik beroepskeuse, geselekteer. Slegs dié seuns wat in die Biografiese Vraelyste aangetoon het dat hulle boere wil word, is in die ondersoekgroepe ingesluit. Op standerd 6- en 10-vlak is die universum ge-

bruik, dit wil sê die leerlinge wat aan Talentopname deelgeneem en aangedui het dat hulle tot boerdery as beroep wil toetree. Op standerd 8-vlak is egter 'n 20-persente-ewekansige steekproef van die aspirant-boere getrek. Dit is bloot om ekonomiese redes gedoen.

Die ondersoekgroepe kon ongelukkig nie 100 persent suiwer verkry word nie, want die beroepsrigtings van leerlinge is in die Talentopnameprogramme sodanig gekodifiseer dat boerdery as beroep saamval met beroepe soos tuiniers, bosbouers en vissers. Hierdie ander beroepe (tuiniers, bosbouers en vissers) maak egter 'n baie klein persentasie van die totale groep uit en hulle aanwesigheid behoort gevolglik nie die beeld van die aspirant-boere, wat in hierdie verslag verkry gaan word, te vertroebel nie. Die ondersoekgroepe bestaan uit 3505 leerlinge op standerd 6-vlak, 424 leerlinge op standerd 8-vlak en 1378 leerlinge op standerd 10-vlak.

### 3.3 DIE KONTROLEGROEPE

Die kontrolegroepe op standerd 6- en 8-vlak bestaan uit 'n 20-persente-ewekansige steekproef van dié seuns wat in die Biografiese Vraelys aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery wil beoefen. Op standerd 10-vlak is egter nie 'n steekproef getrek nie en is al die seuns wat aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery wil beoefen, in die kontrolegroep ingesluit.

Daar is aanvanklik besluit om die kontrolegroepe saam te stel uit 'n 20-persente-ewekansige steekproef van leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil beoefen aangesien hierdie leerlinge baie meer is as die leerlinge wat boere wil word. Die doel daarmee was om te verhoed dat die kontrolegroepe relatief nie baie groter as die ondersoekgroepe moet wees nie. Op standerd 10-vlak is daar egter afgesien van hierdie idee en is die universum van leerlinge wat boerdery as beroep wil beoefen in die kontrolegroep ingesluit. Hierdie kontrolegroepe bestaan uit 6430 leerlinge op standerd 6-vlak, 941 leerlinge op standerd 8-vlak en 15 962 leerlinge op standerd 10-vlak.

### 3.4 OPMERKING

Dit is belangrik om by die interpretering van die resultate in hierdie hoofstuk in gedagte te hou dat:

(a) Sommige leerlinge in al drie ondersoekgroepe/kontrolegroepe ingesluit is. Dit is leerlinge wat van standerd 6 tot standerd 10 nooit gedruip het nie.

(b) Sommige leerlinge in twee van die drie ondersoekgroepe/kontrolegroepe ingesluit is. Dit is leerlinge wat na standerd 8 gedruip het, òf die skool verlaat het, òf druipele van vorige jare wat nie in standerd 6 aan Talentopname deelgeneem het nie, maar wel in standerd 8 en standerd 10.

(c) Sommige leerlinge is in slegs een van die drie ondersoekgroepe/kontrolegroepe ingesluit. Dit is leerlinge wat na standerd 6 gedruip het of die skool verlaat het asook druipele van vorige jare wat nie in standerd 6 aan Talentopname deelgeneem het nie, maar wel in standerd 8 of standerd 10.

### 3.5 BIOGRAFIESE EN AGTERGRONDGEGEWENS

Die agtergrondbeskrywing van seuns wat tot die boerdery as beroep wil toetree in vergelyking met dié wat tot ander beroepe wil toetree, geskied aan die hand van die biografiese gegewens wat deur middel van die Biografiese Vraelys verkry is. Navorsingsresultate wat uit die Biografiese Vraelys verkry is, word vir die doeleindes van hierdie verslag onder die volgende hoofde bespreek:

- (a) Persoonlike besonderhede
- (b) Gesinsagtergrond
- (c) Skool- en studieaangeleenthede

#### 3.5.1 Persoonlike besonderhede

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op die huistaal en die gezondheidstoestand van die leerlinge.

##### (a) Huistaal

Die verdeling van leerlinge volgens huistaal word in tabel 3.1 weergegee.

TABEL 3.1

VERDELING VOLGENS HUISTAAL

| HuiSTAAL            | St. 6-vlak                   |       |                 |       | St. 8-vlak                  |       |                 |       | St. 10-vlak                  |       |                 |       |
|---------------------|------------------------------|-------|-----------------|-------|-----------------------------|-------|-----------------|-------|------------------------------|-------|-----------------|-------|
|                     | Onderzoek= groep             |       | Kontrole= groep |       | Onderzoek= groep            |       | Kontrole= groep |       | Onderzoek= groep             |       | Kontrole= groep |       |
|                     | N                            | %     | N               | %     | N                           | %     | N               | %     | N                            | %     | N               | %     |
| Afrikaans           | 2613                         | 74,5  | 3746            | 58,3  | 312                         | 73,2  | 529             | 56,2  | 984                          | 71,4  | 6344            | 52,3  |
| Engels              | 685                          | 19,6  | 2071            | 32,2  | 82                          | 19,3  | 307             | 32,6  | 298                          | 21,6  | 6055            | 38,0  |
| Afrikaans en Engels | 133                          | 3,8   | 415             | 6,5   | 17                          | 4,0   | 67              | 7,1   | 57                           | 4,1   | 881             | 5,5   |
| Duits               | 46                           | 1,3   | 62              | 1,0   | 4                           | 0,9   | 9               | 1,0   | 31                           | 2,3   | 212             | 1,3   |
| Nederlands          | 12                           | 0,3   | 28              | 0,4   | 3                           | 0,7   | 10              | 1,1   | 0                            | 0,0   | 146             | 0,9   |
| Grieks              | 0                            | 0,0   | 23              | 0,4   | 0                           | 0,0   | 5               | 0,5   | 0                            | 0,0   | 69              | 0,4   |
| Italiaans           | 2                            | 0,1   | 34              | 0,5   | 0                           | 0,0   | 5               | 0,5   | 0                            | 0,0   | 82              | 0,5   |
| Portugees           | 7                            | 0,2   | 26              | 0,4   | 0                           | 0,0   | 5               | 0,5   | 1                            | 0,1   | 72              | 0,5   |
| Ander taal          | 7                            | 0,2   | 25              | 0,3   | 8                           | 1,9   | 4               | 0,5   | 7                            | 0,5   | 91              | 0,6   |
| TOTAAL              | 3505                         | 100,0 | 6430            | 100,0 | 426                         | 100,0 | 941             | 100,0 | 1378                         | 100,0 | 15952           | 100,0 |
| Beduidendheid       | $\chi^2 = 262,097$ p < 0,001 |       |                 |       | $\chi^2 = 37,126$ p < 0,001 |       |                 |       | $\chi^2 = 189,346$ p < 0,001 |       |                 |       |

Volgens tabel 3.1 blyk dat ongeveer 'n driekwart van die leerlinge wat boere wil word Afrikaanssprekend is, terwyl die huistaalverdeling van die kontrolegroep min of meer ooreenstem met die huistaalverdeling van die totale skoolbevolking. Die verskille tussen die twee groepe is beduidend op die 1-persentpeil.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat dit hoofsaaklik Afrikaanssprekende leerlinge is wat in boerdery as beroep belangstel.

(b) Algemene gesondheidstoestand

Besonderhede ten opsigte van leerlinge se beoordeling van hulle gesondheidstoestand verskyn in tabel 3.2.

Volgens tabel 3.2 is 71,9 persent van die ondersoekgroepleerlinge teenoor 69,1 persent van die kontrolegroepleerlinge se gesondheidstoestand op standerd 6-vlak goed. Op standerd 10-vlak is hierdie verskil heelwat kleiner: 91,7 persent teenoor 91,1 persent. Hoewel die verskille nie groot is nie, is die ondersoekgroepleerlinge oor die algemeen gesonder as die kontrolegroepleerlinge. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die algemene verwagting dat leerlinge wat op plase opgroei gesonder sal wees as leerlinge wat in stede opgroei.

### 3.5.2 Gesinsagtergrond

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op faktore soos beroep van vader, grootte van die gesin, posisie van leerling in die gesin en besonderhede of die leerlinge se ouers nog leef.

(a) Beroep van vader/stiefvader/voog

Die verdeling van leerlinge volgens beroep van vader/stiefvader/voog word in tabel 3.3 weergegee.

Volgens tabel 3.3 blyk dat boere daarin slaag om hulle seuns in 'n toenemende mate in boerdery te laat belangstel namate die seuns ouer word. In standerd 6 was 51,9 persent van die leerlinge wat boere wil word se vaders boere teenoor 54,0 persent in standerd 8 en 64,0 persent in standerd 10. Op al drie vlakke (standers 6, 8 en 10) is die ondersoekgroep se vaders in 'n baie groter mate as die kontrolegroep se vaders boere. Hierdie verskille is betekenisvol op die 1-persentpeil. Slegs 7,9 persent op standerd 6-vlak, 8,6 persent op standerd 8-vlak en 9,4 persent op standerd 10-vlak van die kontrolegroep wie se vaders boere is, wil 'n ander beroep as boerdery gaan beoefen. Dit wil dus voorkom asof die boere in 'n groot mate daarin slaag om 'n liefde vir boerdery by hulle seuns aan te kweek.

TABEL 3.2  
VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND

| Gesondheid    | St. 6-vlak                          |                 |      | St. 8-vlak                         |                 |       | St. 10-vlak                   |                 |      |       |       |       |
|---------------|-------------------------------------|-----------------|------|------------------------------------|-----------------|-------|-------------------------------|-----------------|------|-------|-------|-------|
|               | onderzoek= groep                    | Kontrole= groep | %    | onderzoek= groep                   | Kontrole= groep | %     | onderzoek= groep              | Kontrole= groep | %    |       |       |       |
|               | N                                   | %               | N    | %                                  | N               | %     | N                             | %               | N    |       |       |       |
| Goed          | 2515                                | 71,9            | 4416 | 69,1                               | 378             | 87,9  | 814                           | 84,4            | 1262 | 91,7  | 14522 | 91,1  |
| Redelik       | 906                                 | 25,9            | 1842 | 28,8                               | 45              | 10,5  | 126                           | 13,1            | 89   | 6,5   | 1226  | 7,7   |
| Swak          | 78                                  | 2,2             | 133  | 2,1                                | 7               | 1,6   | 24                            | 2,5             | 26   | 1,8   | 203   | 1,2   |
| TOTAAL        | 3499                                | 100,0           | 6391 | 100,0                              | 430             | 100,0 | 964                           | 100,0           | 1377 | 100,0 | 15951 | 100,0 |
| Beduidendheid | $X^2 = 9,707$<br>$0,001 < p < 0,01$ |                 |      | $X^2 = 3,056$<br>$0,20 < p < 0,30$ |                 |       | $X^2 = 24,261$<br>$p < 0,001$ |                 |      |       |       |       |



TABEL 3.3

## VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOGD

| Beroepsgroep                                | St. 6-vlak       |       |      | St. 8-vlak  |                 |       | St. 10-vlak |             |                  |       |       |             |
|---|------------------|-------|------|-------------|-----------------|-------|-------------|-------------|------------------|-------|-------|-------------|
|   | Onderzoek=       |       | N    | Onderzoek=  |                 | N     | Onderzoek=  |             | N                |       |       |             |
|   | groep            | %     |      | groep       | %               |       | groep       | %           |                  |       |       |             |
| Professionele en semi-professionele werkers | 225              | 6,4   | 779  | 12,1        | 31              | 7,2   | 108         | 11,2        | 104              | 7,5   | 2850  | 17,9        |
| Administratieve werkers                     | 304              | 8,7   | 981  | 15,3        | 40              | 9,3   | 160         | 16,6        | 120              | 8,7   | 3416  | 21,4        |
| Klerklike werkers                           | 182              | 5,2   | 695  | 10,8        | 18              | 4,2   | 96          | 9,9         | 49               | 3,5   | 1433  | 9,0         |
| Verkoopswerkers                             | 98               | 2,8   | 334  | 5,2         | 18              | 4,2   | 46          | 4,8         | 29               | 2,1   | 1089  | 6,8         |
| Geskoolde ambagsmanne                       | 296              | 8,5   | 1093 | 17,0        | 31              | 7,2   | 214         | 22,2        | 52               | 3,8   | 1745  | 10,9        |
| Opgeleide buitewerkers                      | 215              | 6,0   | 802  | 12,5        | 20              | 4,7   | 107         | 11,1        | 36               | 2,6   | 1582  | 9,9         |
| Boere, Tuiniers en Visser                   | 1819             | 51,9  | 509  | 7,9         | 232             | 54,0  | 83          | 8,6         | 884              | 64,0  | 1506  | 9,4         |
| Persoonlike en huis-houdelike dienswerkers  | 7                | 0,2   | 34   | 0,5         | 0               | 0,0   | 3           | 0,3         | 2                | 0,2   | 28    | 0,2         |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers         | 217              | 6,2   | 761  | 11,8        | 22              | 5,1   | 89          | 9,2         | 31               | 2,3   | 391   | 6,2         |
| Ongeskoolde werkers                         | 58               | 1,7   | 124  | 1,9         | 2               | 0,5   | 3           | 0,3         | 1                | 0,1   | 20    | 0,1         |
| Pensioentrekkers                            | 59               | 1,7   | 222  | 3,5         | 9               | 2,1   | 38          | 3,9         | 2                | 0,2   | 33    | 0,2         |
| Beroep nie verstrekte                       | 25               | 0,7   | 97   | 1,5         | 7               | 1,5   | 18          | 1,9         | 71               | 5,0   | 1231  | 8,0         |
| TOTAAL                                      | 3505             | 100,0 | 6431 | 100,0       | 430             | 100,0 | 965         | 100,0       | 1381             | 100,0 | 15384 | 100,0       |
| Beduidendheid                               | $X^2 = 2457,453$ |       |      | $p < 0,001$ | $X^2 = 353,889$ |       |             | $p < 0,001$ | $X^2 = 3199,244$ |       |       | $p < 0,001$ |

Op standerd 10-vlak is 64,0 persent van die leerlinge wat wil gaan boer se vaders boere. Die moontlikheid bestaan dus dat hulle saam met hulle vaders kan gaan boer of dat hulle deur erflating grond kan bekom om op te gaan boer. Die 36,0 persent van die ondersoekgroep wie se vaders nie boere is nie, sal heelwaarskynlik heelwat probleme ondervind om hulle beroepsaspirasies te vervul. Vir die jong man wat op die huidige tot die boerderyberoep wil toetree sonder dat hy grond tot sy beskikking het, raak dit relatief al hoe moeiliker. Geskikte landbougrond is deesdae duur en indien die koste wat aangegaan moet word om 'n boerdery te begin in aanmerking geneem word, begin die jong boer met 'n groot finansiële agterstand. Dit mag dan ook die rede wees waarom die leerlinge wat wil gaan boer, maar wie se vaders ander beroepe beoefen, se entoesiasme van standerd 6 tot standerd 10 redelik afneem. In standerd 6 het 48,1 persent van die ondersoekgroep se vaders ander beroepe beoefen teenoor die 46,0 persent in standerd 8 en 36,0 persent in standerd 10. Dit wil dus voorkom asof die leerlinge wat wil gaan boer, maar wat nie grond beskikbaar het nie afgeskrik word namate hulle begin besef wat die finansiële implikasies daarvan is.

(b) Grootte van die gesin

Die verdeling van leerlinge volgens die grootte van die gesin word in tabel 3.4 weergegee.

Volgens tabel 3.4 is daar op standerd 6-vlak 39,7 persent van die ondersoekgroepleerlinge wat verklaar dat hulle gesinne uit 1 tot 3 kinders bestaan. Die ooreenstemmende persentasies op standerd 10-vlak is 46,3 persent teenoor 53,7 persent. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persent-peil. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep uit groot gesinne (vier en meer kinders) kom.

In paragraaf 3.5.2(a) is bevind dat die ondersoekgroep se vaders hoofsaaklik boere is. As in gedagte gehou word dat normaalweg ongeveer die helfte van die kinders in 'n gesin meisies is en dat nie al die seuns in 'n gesin wil gaan boer nie blyk tog dat die seuns wat wil gaan boer 'n redelike kans het om deur erflating 'n plaas of gedeelte van 'n plaas te bekom.

TABEL 3.4  
VERDELING VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN

| Getal         | St.5-vlak                     |       |                 | St.8-vlak                          |     |                 | St.10-vlak                    |       |                 |       |       |       |
|---------------|-------------------------------|-------|-----------------|------------------------------------|-----|-----------------|-------------------------------|-------|-----------------|-------|-------|-------|
|               | Onderzoek= groep              |       | Kontrole= groep | Onderzoek= groep                   |     | Kontrole= groep | Onderzoek= groep              |       | Kontrole= groep |       |       |       |
|               | N                             | %     | N               | %                                  | N   | %               | N                             | %     | N               | %     |       |       |
| Een           | 111                           | 3,2   | 271             | 4,2                                | 16  | 3,7             | 42                            | 4,4   | 33              | 2,4   | 699   | 4,4   |
| Twee          | 452                           | 13,0  | 1152            | 18,1                               | 62  | 14,4            | 170                           | 17,6  | 218             | 15,8  | 3385  | 21,2  |
| Drie          | 819                           | 23,5  | 1528            | 24,0                               | 96  | 22,3            | 243                           | 25,2  | 388             | 28,1  | 4491  | 28,1  |
| Vier          | 817                           | 23,4  | 1230            | 19,3                               | 111 | 25,8            | 222                           | 23,0  | 362             | 26,3  | 3502  | 21,9  |
| Vyf           | 483                           | 13,8  | 788             | 12,4                               | 70  | 16,3            | 112                           | 11,6  | 178             | 12,9  | 1769  | 11,1  |
| Ses           | 320                           | 9,2   | 551             | 8,6                                | 33  | 7,7             | 72                            | 7,4   | 104             | 7,5   | 989   | 6,2   |
| Sewe          | 192                           | 5,5   | 333             | 5,2                                | 20  | 4,7             | 47                            | 4,9   | 40              | 2,9   | 497   | 3,1   |
| Agt           | 114                           | 3,2   | 222             | 3,5                                | 10  | 2,3             | 22                            | 2,3   | 26              | 1,9   | 281   | 1,8   |
| Nege of meer  | 182                           | 5,2   | 304             | 4,7                                | 12  | 2,8             | 35                            | 3,5   | 30              | 2,2   | 347   | 2,2   |
| TOTAAL        | 3490                          | 100,0 | 6379            | 100,0                              | 430 | 100,0           | 965                           | 100,0 | 1379            | 100,0 | 15960 | 100,0 |
| Beduidendheid | $X^2 = 57,768$<br>$p < 0,001$ |       |                 | $X^2 = 9,742$<br>$0,20 < p < 0,30$ |     |                 | $X^2 = 47,953$<br>$p < 0,001$ |       |                 |       |       |       |

(c) Posisie van leerling in die gesin

In tabel 3.5 verskyn die gegewens ten opsigte van die rangorde in die gesin.

By die interpretasie van hierdie tabel moet in gedagte gehou word dat die leerlinge van die kontrolegroep om statistiese redes 'n beter kans staan om hoër in geboorteorde te wees, omdat die gesinne waaruit hulle kom uit minder kinders bestaan, soos in paragraaf 3.5.2(b) bevind is.

Dit blyk dan ook uit tabel 3.5, soos te wagte was, dat die onder=soekgroepleerlinge in 'n mindere mate as die kontrolegroepleerlinge die oudste of tweede oudste kind in die gesin is. Die verskille tussen die twee groepe is nie op standerd 8-vlak beduidend nie, maar op standerd 6-vlak is dit beduidend op die 1-persentpeil en op standerd 10-vlak op die 2-persentpeil. Dit wil dus voorkom asof dit meer die jonger kind in die gesin is wat aspireer om tot boerdery as beroep toe te tree.

(d) Dood van ouers

In tabel 3.6 word leerlinge se antwoord op die vraag of daar van hulle ouers oorlede is, aangetoon.

Dit blyk uit tabel 3.6 dat, wat die dood van hulle ouers betref, daar omtrent geen verskille tussen die groepe is nie. Op st.6-vlak leef 91,7 persent van die ondergroep se ouers nog albei teenoor die 91,1 persent van die kontrolegroep se ouers, terwyl die ooreenstemmende persentasies op st.10-vlak vir albei groepe 89,4 persent is.

### 3.5.3 Skool- en studieaangeleenthede

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op faktore soos provinsie waarin skool geleë is, soort skool en beheer van skool, plek waar skool geleë is, skoolverwisseling, druiing, houding teenoor skoolgaan en huiswerk, opleidingsaspirasies van die leerlinge en die ouers se verwagting van hulle kinders se geleerdheid.

(a) Provinsie waarin skool geleë is

Die verdeling van die leerlinge volgens die provinsie waarin skool geleë is, verskyn in tabel 3.7.

TABEL 3.5  
VERDELING VOLGENS RANGORDE IN GESIN

| Rangorde          | St.6-vlak                     |                  | St.8-vlak                          |                  | St.10-vlak                          |                  |     |       |      |       |       |       |
|-------------------|-------------------------------|------------------|------------------------------------|------------------|-------------------------------------|------------------|-----|-------|------|-------|-------|-------|
|                   | Underzoek= groep              | Kontrolle= groep | Underzoek= groep                   | Kontrolle= groep | Underzoek= groep                    | Kontrolle= groep |     |       |      |       |       |       |
|                   | N                             | %                | N                                  | %                | N                                   | %                |     |       |      |       |       |       |
| Eerste            | 945                           | 27,1             | 1984                               | 31,1             | 124                                 | 28,8             | 310 | 32,1  | 446  | 32,3  | 5839  | 36,5  |
| Tweede            | 960                           | 27,5             | 1822                               | 28,5             | 122                                 | 28,4             | 272 | 28,2  | 419  | 30,5  | 4792  | 30,0  |
| Derde             | 710                           | 20,3             | 1123                               | 17,6             | 96                                  | 22,3             | 185 | 19,2  | 274  | 19,9  | 2738  | 17,1  |
| Vierde            | 383                           | 11,0             | 629                                | 9,8              | 50                                  | 11,7             | 93  | 9,5   | 118  | 8,6   | 1335  | 8,4   |
| Vyfde             | 187                           | 5,4              | 353                                | 5,5              | 19                                  | 4,4              | 46  | 4,8   | 61   | 4,4   | 574   | 3,6   |
| Sesde             | 137                           | 3,9              | 193                                | 3,0              | 13                                  | 3,0              | 31  | 3,2   | 33   | 2,4   | 330   | 2,1   |
| Seiwende          | 65                            | 1,7              | 114                                | 1,8              | 1                                   | 0,2              | 14  | 1,5   | 13   | 0,9   | 156   | 1,0   |
| Akste             | 42                            | 1,2              | 69                                 | 1,1              | 3                                   | 0,7              | 4   | 0,4   | 3    | 0,2   | 95    | 0,6   |
| Negende of daerna | 63                            | 1,9              | 98                                 | 1,6              | 2                                   | 0,5              | 10  | 1,0   | 12   | 0,8   | 116   | 0,7   |
| TOTAAL            | 3492                          | 100,0            | 6385                               | 100,0            | 430                                 | 100,0            | 965 | 100,0 | 1379 | 100,0 | 15975 | 100,0 |
| Eduidendheid      | $X^2 = 32,007$<br>$p < 0,001$ |                  | $X^2 = 5,535$<br>$0,30 < p < 0,50$ |                  | $X^2 = 18,396$<br>$0,01 < p < 0,02$ |                  |     |       |      |       |       |       |

TABEL 3.6  
VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUIERS NOG LEEF

| Beskrywing     | St. 6-vlak                         |                 | St. 8-vlak                         |                 | St. 10-vlak                          |                 |     |       |      |       |       |       |
|----------------|------------------------------------|-----------------|------------------------------------|-----------------|--------------------------------------|-----------------|-----|-------|------|-------|-------|-------|
|                | Onderzoek= groep                   | Kontrole= groep | Onderzoek= groep                   | Kontrole= groep | Onderzoek= groep                     | Kontrole= groep |     |       |      |       |       |       |
|                | N                                  | %               | N                                  | %               | N                                    | %               |     |       |      |       |       |       |
| Albei leef     | 3205                               | 91,7            | 5823                               | 91,1            | 381                                  | 89,9            | 844 | 89,4  | 1233 | 89,4  | 14264 | 89,4  |
| Vader oorlede  | 215                                | 6,2             | 430                                | 6,7             | 33                                   | 7,8             | 72  | 7,6   | 107  | 7,8   | 1265  | 7,9   |
| Moeder oorlede | 54                                 | 1,5             | 111                                | 1,7             | 7                                    | 1,5             | 25  | 2,6   | 30   | 2,2   | 331   | 2,1   |
| Albei oorlede  | 21                                 | 0,6             | 29                                 | 0,5             | 3                                    | 0,7             | 3   | 0,4   | 9    | 0,6   | 96    | 0,6   |
| TOTAAL         | 3495                               | 100,0           | 6393                               | 100,0           | 424                                  | 100,0           | 944 | 100,0 | 1379 | 100,0 | 15956 | 100,0 |
| Beduidendheid  | $X^2 = 2,702$<br>$0,30 < p < 0,50$ |                 | $X^2 = 2,273$<br>$0,50 < p < 0,70$ |                 | $X^2 = 15,533$<br>$0,001 < p < 0,01$ |                 |     |       |      |       |       |       |

TABEL 3.7  
VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEË IS

| Provinsie       | St. 6-vlak                     |                 |      | St. 8-vlak                    |                 |       | St. 10-vlak                    |                 |      |       |       |       |
|-----------------|--------------------------------|-----------------|------|-------------------------------|-----------------|-------|--------------------------------|-----------------|------|-------|-------|-------|
|                 | Onderzoek= groep               | Kontrole= groep | %    | Onderzoek= groep              | Kontrole= groep | %     | Onderzoek= groep               | Kontrole= groep | %    |       |       |       |
|                 | N                              | %               | N    | %                             | N               | %     | N                              | %               | N    |       |       |       |
| Kaapland        | 1299                           | 37,1            | 1800 | 28,1                          | 156             | 38,6  | 272                            | 28,1            | 477  | 34,5  | 4927  | 30,8  |
| Natal           | 355                            | 10,1            | 594  | 10,8                          | 43              | 10,0  | 88                             | 9,1             | 212  | 15,4  | 2028  | 12,7  |
| Oranje-Vrystaat | 487                            | 13,9            | 493  | 7,7                           | 67              | 15,6  | 71                             | 7,4             | 215  | 15,6  | 1221  | 7,6   |
| Transvaal       | 1243                           | 35,5            | 3309 | 51,7                          | 137             | 31,8  | 520                            | 53,9            | 430  | 31,1  | 7552  | 47,3  |
| Suidwes-Afrika  | 118                            | 3,4             | 109  | 1,7                           | 17              | 4,0   | 14                             | 1,5             | 47   | 3,4   | 257   | 1,6   |
| TOTAAL          | 3502                           | 100,0           | 6405 | 100,0                         | 430             | 100,0 | 965                            | 100,0           | 1381 | 100,0 | 15985 | 100,0 |
| Beduidendheid   | $\chi^2 = 304,087$ $p < 0,001$ |                 |      | $\chi^2 = 69,888$ $p < 0,001$ |                 |       | $\chi^2 = 204,479$ $p < 0,001$ |                 |      |       |       |       |

Volgens tabel 3.7 is daar in Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika in standerds 6, 8 en 10 relatief meer leerlinge in die ondersoekgroep as wat volgens die kontrolegroep verwag sou word. In Natal is daar op standerd 6- en standerd 8-vlak omtrent geen verskille nie, maar op standerd 10-vlak is daar persentasiegewys meer leerlinge wat tot boerdery as beroep wil toetree as leerlinge wat tot ander beroepe wil toetree. Dit is slegs in Transvaal waar die persentasie leerlinge wat tot die boerdery as beroep wil toetree kleiner is as die persentasie leerlinge wat tot ander beroepe wil toetree. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Die verklaring vir die relatiewe minder belangstelling van Transvaalse leerlinge in die boerdery as beroep lê moontlik opgesluit in die feit dat daar in Transvaal meer geleenthede vir professionele, semi-professionele, administratiewe en klerklike beroepe is as in enige ander provinsie. Gevolglik beoefen 'n groot persentasie van die inwoners van Transvaal hierdie beroepe. Hulle kinders het dus nie die geleentheid gehad om op 'n plaas groot te word nie en daar is ook nie 'n moontlikheid dat hulle deur erflating 'n plaas kan bekom nie. Dit is ook 'n feit dat kinders dikwels hulle ouers idealiseer en dat seuns dan aspireer na beroepe wat hulle vaders beoefen.

(b) Soort skool

Die verdeling van die leerlinge volgens die soort skool wat hulle bywoon word in tabel 3.8 weergegee.

Volgens tabel 3.8 kom die grootste verskille tussen die groepe in die geval van Landbouskole voor. Op standerd 6-vlak is daar 7,4 persent van die ondersoekgroep in Landbouskole teenoor 0,8 persent van die kontrolegroep; op standerd 8-vlak is daar 18,1 persent van die ondersoekgroep in Landbouskole teenoor 1,8 persent van die kontrolegroep en op standerd 10-vlak is daar 16,4 persent van die ondersoekgroep in Landbouskole teenoor 1,2 persent van die kontrolegroep. Dié verskille is beduidend op die 1-persentpeil.



TABEL 3.8

VERDELING VOLGENS SOORT SKOOL

| Soort skool  | St. 6-vlak                  |      |       | St. 8-vlak                  |       |     | St. 10-vlak                  |      |       |       |       |
|--|-----------------------------|------|-------|-----------------------------|-------|-----|------------------------------|------|-------|-------|-------|
|  | Kontrole= groep             |      | N     | Kontrole= groep             |       | N   | Kontrole= groep              |      | N     |       |       |
|  | %                           | N    |       | %                           | N     |     | %                            | N    |       |       |       |
| Provinsiale skool :<br>gewone skool                  | 82,7                        | 5197 | 81,1  | 290                         | 67,4  | 711 | 73,7                         | 946  | 69,2  | 12212 | 76,6  |
| Provinsiale skool:<br>Landbouskool                   | 7,4                         | 50   | 0,8   | 78                          | 18,1  | 18  | 1,8                          | 224  | 16,4  | 190   | 1,2   |
| Provinsiale skool:<br>Hoër Tegniese skool            | 3,8                         | 673  | 10,5  | 36                          | 8,4   | 164 | 17,0                         | 51   | 4,5   | 1290  | 8,1   |
| Provinsiale skool:<br>Hoër Handelskool               | -                           | -    | -     | -                           | -     | -   | -                            | 14   | 1,0   | 473   | 3,0   |
| Provinsiaal ondersteun=<br>de skool:<br>gewone skool | 0,6                         | 29   | 0,4   | 3                           | 0,7   | 17  | 1,8                          | 9    | 0,7   | 190   | 1,2   |
| Provinsiaal onder=<br>steunde skool:<br>Kerkskool    | 0,5                         | 25   | 0,4   | 7                           | 1,7   | 10  | 1,0                          | 24   | 1,8   | 217   | 1,4   |
| Privaatskool:<br>gewone privaatskool                 | 1,3                         | 131  | 2,1   | 3                           | 0,7   | 15  | 1,6                          | 32   | 2,3   | 476   | 3,0   |
| Privaatskool :<br>Kerkskool                          | 3,7                         | 300  | 4,7   | 13                          | 3,0   | 30  | 3,1                          | 57   | 4,1   | 895   | 5,5   |
| TOTAAL   | 100,0                       | 6405 | 100,0 | 430                         | 100,0 | 965 | 100,0                        | 1337 | 100,0 | 15943 | 100,0 |
| Beduidendheid  | $X^2 = 452,075$ $p < 0,001$ |      |       | $X^2 = 136,420$ $p < 0,001$ |       |     | $X^2 = 1099,788$ $p < 0,001$ |      |       |       |       |

Dit is te verwagte dat leerlinge wat boere wil word in meerdere mate Landbouskole sal bywoon. Die feit dat die persentasie leerlinge wat boere wil word en wat Landbouskole bywoon relatief so laag is, kan moontlik toegeskryf word aan die verspreiding van Landbouskole. Baie ouers voel dat hulle nie hul kinders, veral as dit die enigste seun is, al van standerd 6 af vir lang tydperke (soms vir 'n hele kwartaal) van die huis af wil laat gaan nie. Hulle redeneer dat hulle aandeel in die kind se opvoeding sodoende van hulle ontnem word.

Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat baie van die leerlinge wat wil gaan boer dit mag oorweeg om, nadat hulle die skool verlaat het, 'n diploma of graad in die Landbou te gaan verwerf. Hulle sal dus nie omgee om hulle skoolloopbaan aan 'n gewone skool te voltooi nie.

(c) Ligging van skool

Die gegewens ten opsigte van die verdeling van leerlinge volgens die ligging van skool, verskyn in tabel 3.9.

Dit blyk uit tabel 3.9 dat die ondersoekgroep hoofsaaklik skole bywoon wat op 'n dorp of plaas geleë is, terwyl die kontrolegroep hoofsaaklik skole bywoon wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Die verskille tussen die twee groepe is beduidend op die 1-persentpeil.

Dit dui weer eens daarop dat die leerlinge wat nie die geleentheid gehad het om op 'n plaas groot te word nie en wie se ouers nie 'n plaas besit nie, oor die algemeen nie aspireer om boere te word nie. Die omgekeerde blyk ook waar te wees.

Dit is nie noodwendig so dat die leerlinge wat boere wil word en wat in skole is wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is, se vaders nie boere is nie. Dit is heeltemal moontlik dat van hulle ouers wel boere is en dat hulle plase of plotte naby stede geleë is.

(d) Getal skole besoek

In tabel 3.10 verskyn besonderhede ten opsigte van die getal skole wat deur leerlinge besoek is.

TABEL 3.9  
VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL

| Ligging van skool        | St. 6-vlak                     |       |      | St. 8-vlak                     |     |       | St. 10-vlak                    |       |      |                  |       |       |
|--------------------------|--------------------------------|-------|------|--------------------------------|-----|-------|--------------------------------|-------|------|------------------|-------|-------|
|                          | Kontrole= groep                |       | %    | Ondersoek= groep               |     | %     | Kontrole= groep                |       | %    | Ondersoek= groep |       | %     |
|                          | N                              | %     | N    | %                              | N   | %     | N                              | %     | N    | %                | N     | %     |
| Stad of stedelike gebied | 1004                           | 28,7  | 3863 | 60,3                           | 133 | 30,9  | 624                            | 64,7  | 315  | 22,9             | 8942  | 55,1  |
| Dorp                     | 2209                           | 63,1  | 2404 | 37,5                           | 244 | 56,8  | 326                            | 33,8  | 807  | 58,5             | 6426  | 40,3  |
| Plaas                    | 289                            | 8,2   | 138  | 2,2                            | 53  | 12,3  | 15                             | 1,5   | 256  | 18,5             | 579   | 3,6   |
| TOTAAL                   | 3502                           | 100,0 | 6405 | 100,0                          | 430 | 100,0 | 965                            | 100,0 | 1378 | 100,0            | 15947 | 100,0 |
| Beduidendheid            | $\chi^2 = 974,075$ $p < 0,001$ |       |      | $\chi^2 = 171,554$ $p < 0,001$ |     |       | $\chi^2 = 951,211$ $p < 0,001$ |       |      |                  |       |       |

TABEL 3.10  
VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON

| Getal skole   | St. 6-vlak                     |       |                 | St. 8-vlak                    |     |                 | St. 10-vlak                    |       |                 |       |       |       |
|---------------|--------------------------------|-------|-----------------|-------------------------------|-----|-----------------|--------------------------------|-------|-----------------|-------|-------|-------|
|               | Onderzoek= groep               |       | Kontrole= groep | Onderzoek= groep              |     | Kontrole= groep | Onderzoek= groep               |       | Kontrole= groep |       |       |       |
|               | N                              | %     | N               | %                             | N   | %               | N                              | %     | N               | %     |       |       |
| Een           | 432                            | 12,4  | 371             | 5,8                           | 52  | 12,1            | 45                             | 4,7   | 107             | 7,8   | 885   | 5,6   |
| Twee          | 1493                           | 42,8  | 2163            | 33,9                          | 147 | 34,2            | 294                            | 30,5  | 587             | 42,6  | 5144  | 32,2  |
| Drie          | 835                            | 23,9  | 1848            | 29,0                          | 109 | 25,3            | 282                            | 29,3  | 387             | 27,4  | 4523  | 28,3  |
| Vier          | 392                            | 11,2  | 1007            | 15,8                          | 63  | 14,7            | 167                            | 17,3  | 180             | 13,1  | 2593  | 16,2  |
| Vyf of meer   | 339                            | 9,7   | 990             | 15,5                          | 59  | 13,7            | 175                            | 18,2  | 126             | 9,1   | 2825  | 17,7  |
| TOTAAL        | 3491                           | 100,0 | 6379            | 100,0                         | 430 | 100,0           | 963                            | 100,0 | 1378            | 100,0 | 15970 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2 = 277,881$ $p < 0,001$ |       |                 | $\chi^2 = 31,209$ $p < 0,001$ |     |                 | $\chi^2 = 115,212$ $p < 0,001$ |       |                 |       |       |       |

Dit blyk uit tabel 3.10 dat die ondersoekgroep op al drie vlakke in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het. Hierdie verskille kan moontlik verklaar word deur die feit dat die ondersoekgroep se vaders in 'n groter mate as die kontrolegroep se vaders boere is. Die meeste van die boere besit hulle eie plase en gevolglik verander hulle nie maklik van omgewing nie. Hulle kinders is dus nie genoodsaak om baie van skool te verwissel nie.

Die ondersoekgroepleerlinge is hier dus in 'n gunstiger posisie as die kontrolegroepleerlinge omdat skoolverskuiwings meestal ernstige inbreuk op opvoedkundige geleenthede maak. Wanneer kinders dikwels ontwortel word deur van gemeenskap na gemeenskap en van skool na skool te verskuif, is hierdie heraanpassings nie gunstig vir bevredigende opvoedkundige ondervindinge nie.

(e) Aspirasies ten opsigte van opleiding

Die verdeling van leerlinge volgens opleidingsaspirasies word in tabel 3.11 weergegee. Hierdie gegewens is net op standerd 6-vlak beskikbaar.

Dit blyk uit tabel 3.11 dat die ondersoekgroep laer onderwysaspirasies in vergelyking met die kontrolegroep het. Twee-en-sestig komma een persent van die ondersoekgroep teenoor 48,4 persent van die kontrolegroep beoog om die skool voor standerd 10 te verlaat. Hierteenoor beoog slegs 37,9 persent van die ondersoekgroep teenoor 51,6 persent van die kontrolegroep om verder as standerd 10 te gaan leer.

'n Moontlike verklaring vir hierdie verskille mag wees dat die ondersoekgroepleerlinge verkeerdelik meen dat geleerdheid nie belangrik is vir toetrede tot die boerdery as beroep nie. Daar moet hier egter ook in gedagte gehou word dat dit onwaarskynlik is dat 'n standerd 6-leerling in alle opsigte 'n realistiese opleidingsaspirasie sal hê. Baie van hulle mag dalk nog later in hulle lewe die waarde van geleerdheid insien.

### 3.6 ONDERWYSEERSBEOORDELING

In hierdie afdeling word die ondersoekgroep met die kontrolegroep vergelyk ten opsigte van sekere aspekte soos deur hulle klasonderwysers beoordeel. Die beoordeling is gedoen ooreenkomstig 'n vraelys wat die klasonderwysers ten opsigte van elke standerd 6-leerling wat gedurende 1965 in standerd 6 was, moes invul. Hierdie vraelys is net op standerd 6-vlak toegepas.

TABEL 3.11

VERDELING VOLGENS OPLEIDINGSASPIRASIES OP STANDERD 6-VLAK

| Aspirasie  | Ondersoekgroep                 |       | Kontrolegroep |       |
|--|--------------------------------|-------|---------------|-------|
|  | N                              | %     | N             | %     |
| Gee nie om nie                                   | 114                            | 3,3   | 127           | 2,0   |
| Tot 16 jaar                                      | 109                            | 3,1   | 176           | 2,8   |
| Tot st. 7  | 36                             | 1,0   | 66            | 1,0   |
| Tot st. 8  | 527                            | 15,1  | 805           | 12,7  |
| Tot st. 9  | 18                             | 0,5   | 50            | 0,8   |
| Tot st. 10                                       | 1364                           | 39,1  | 1848          | 29,1  |
| Verder as st. 10<br>(nie universiteitsgraad nie) | 588                            | 16,9  | 776           | 12,2  |
| Universiteitsgraad                               | 733                            | 21,0  | 2506          | 39,4  |
| TOTAAL   | 3489                           | 100,0 | 6354          | 100,0 |
| Beduidendheid                                    | $\chi^2 = 364,707$ $p < 0,001$ |       |               |       |

3.6.1 Hoogste standerd wat leerlinge kan slaag

Die verdeling van die leerlinge volgens die hoogste standerd wat hulle kan slaag, word in tabel 3.12 weergegee.

TABEL 3.12

VERDELING VOLGENS DIE HOOGSTE STANDERD WAT LEERLINGE KAN SLAAG

| Standerd      | Ondersoekgroep                |       | Kontrolegroep |       |
|---------------|-------------------------------|-------|---------------|-------|
|               | N                             | %     | N             | %     |
| 6             | 209                           | 6,0   | 257           | 4,0   |
| 7             | 240                           | 6,9   | 378           | 5,9   |
| 8             | 1040                          | 29,8  | 1652          | 25,9  |
| 9             | 180                           | 5,2   | 343           | 5,4   |
| 10            | 1817                          | 52,1  | 3753          | 58,8  |
| TOTAAL        | 3486                          | 100,0 | 6383          | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2 = 52,744$ $p < 0,001$ |       |               |       |

Volgens die onderwysers se beoordeling is 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep (52,1) as die kontrolegroep (58,8) in staat om standaard 10 te slaag. Dit is in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.3(e) waar bevind is dat die ondersoekgroepleerlinge 'n minder positiewe siening oor skoolopleiding het as die kontrolegroep.

### 3.6.2 Ywer met skoolwerk

In tabel 3.13 word die klasonderwysers se siening ten opsigte van die leerlinge se ywer met skoolwerk weergegee.

TABEL 3.13  
VERDELING VOLGENS YWER MET SKOOLWERK

| Ywer           | Ondersoekgroep                    |       | Kontrolegroep |       |
|----------------|-----------------------------------|-------|---------------|-------|
|                | N                                 | %     | N             | %     |
| Baie swak      | 258                               | 7,4   | 396           | 6,2   |
| Ondergemiddeld | 724                               | 20,8  | 1167          | 18,3  |
| Gemiddeld      | 1704                              | 48,8  | 3008          | 47,1  |
| Bogemiddeld    | 530                               | 15,2  | 1116          | 17,4  |
| Baie goed      | 271                               | 7,8   | 704           | 11,0  |
| TOTAAL         | 3487                              | 100,0 | 6391          | 100,0 |
| Beduidendheid  | $\chi^2 = 45,652 \quad p < 0,001$ |       |               |       |

Volgens tabel 3.13 blyk dat ook wat ywer ten opsigte van skoolwerk betref, die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep beoordeel word. Agt-en-twintig komma twee persent van die ondersoekgroep se ywer word as ondergemiddeld of baie swak beoordeel, terwyl 24,5 persent van die kontrolegroep as sodanig beoordeel word. Daarteenoor word 23,0 persent van die ondersoekgroep as bogemiddeld of baie goed beoordeel in vergelyking met 28,4 persent in die geval van die kontrolegroep.

### 3.6.3 Stokkiesdraai

Die verdeling van leerlinge volgens die feit of hulle stokkies draai, word in tabel 3.14 weergegee.

TABEL 3.14  
VERDELING VOLGENS DIE VOORKOMS VAN STOKKIESDRAAI

| Responsie     | Ondersoekgroep                         |       | Kontrolegroep |       |
|---------------|--|-------|---------------|-------|
|               | N                                      | %     | N             | %     |
| Ja            | 131                                    | 3,7   | 311           | 4,9   |
| Nee           | 3361                                   | 96,3  | 6080          | 95,1  |
| TOTAAL        | 3492                                   | 100,0 | 6391          | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2 = 6,310 \quad 0,01 < p < 0,02$ |       |               |       |

Dit blyk uit tabel 3.14 dat die ondersoekgroep minder as die kontrole= groep (3,7% teenoor 4,9%) stokkies draai. As in gedagte gehou word dat die ondersoekgroepleerlinge se vaders hoofsaaklik boere is, kan aanvaar word dat hulle in 'n groter mate as die kontrolegroepleerlinge in koshuise woon. Die ondersoekgroep het dus minder geleentheid as die kontrolegroep om stok= kies te draai. Dit mag egter ook wees dat die ondersoekgroep 'n groter pligs= besef as die kontrolegroep het en gevolglik nie so maklik van die skool af wegbly nie.

#### 3.6.4 Aanleg vir 'n besondere vak/vakgebied

Die verdeling van leerlinge volgens die vak of vakgebied waarin hulle die sterkste aanleg toon, word in tabel 3.15 weergegee.

TABEL 3.15  
VERDELING VOLGENS DIE VAK OF VAKGEBIED WAARIN LEERLINGE DIE BESTE AANLEG TOON

| Vak/Vakgebied                         | Ondersoekgroep                     |       | Kontrolegroep |       |
|---------------------------------------|------------------------------------|-------|---------------|-------|
|                                       | N                                  | %     | N             | %     |
| Geen aanleg                           | 1893                               | 55,0  | 2985          | 47,6  |
| Wiskunde of Rekenkunde                | 366                                | 10,7  | 869           | 13,8  |
| Algemene Wetenskap                    | 245                                | 7,1   | 517           | 8,3   |
| Tale                                  | 221                                | 16,4  | 520           | 8,3   |
| Kuns                                  | 34                                 | 1,0   | 92            | 1,5   |
| Tegniese Vakke                        | 197                                | 5,7   | 408           | 6,5   |
| Handelsvakke                          | 50                                 | 1,5   | 81            | 1,3   |
| Musiek                                | 8                                  | 0,2   | 17            | 0,3   |
| Geskiedenis, Aardrykskunde/Volkekunde | 334                                | 9,7   | 749           | 11,9  |
| Landbou                               | 94                                 | 2,7   | 34            | 0,5   |
| TOTAAL                                | 3442                               | 100,0 | 6272          | 100,0 |
| Beduidendheid                         | $\chi^2 = 153,649 \quad p < 0,001$ |       |               |       |



Volgens tabel 3.15 toon meer as die helfte van die ondersoekgroep (55,0%) geen besondere aanleg in enige vak of vakgroep nie, terwyl dit in die geval van die kontrolegroep 47,6 persent is. In al die vakke wat ter sprake is, met uitsondering van Handelsvakke en Landbou, toon die ondersoekgroep 'n swakker aanleg as die kontrolegroep.

### 3.7 INTELLEKTUELE VERMOË

Die gemiddelde IK-punte vir die twee groepe verskyn in tabel 3.16.

Volgens die resultate van die NSAG blyk dat die ondersoekgroepleerlinge op al drie vlakke in al die afdelings van die toets swakker as die kontrolegroepleerlinge gepresteer het.

In ooreenstemming met die bevinding wat van die bostaande tabelle gemaak is, is op verskeie plekke in hierdie ondersoek gevolgtrekkings gemaak wat daarop dui dat die ondersoekgroep intellektueel swakker toegerus is as die kontrolegroep. Daar is byvoorbeeld bevind dat die ondersoekgroepleerlinge 'n negatiewer houding teenoor skoolopleiding het as die kontrolegroepleerlinge (paragraaf 3.5.3(e)) en volgens die klasonderwysers se beoordeling het 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep in vergelyking met die kontrolegroep 'n kans om standerd 10 te slaag (paragraaf 3.6.1).

### 3.8 SKOLASTIESE BEKWAAMHEID

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op die leerlinge se skoleindeksamenpunte en slaag/druipgegewens.

#### 3.8.1 Eksamenprestasies

Die leerlinge se gemiddelde prestasies in sekere eksamenvakke word in tabel 3.17 (st.6-vlak) en tabel 3.18 (st. 10-vlak) weergegee.

Die ondersoekgroep het op standerd 6-vlak (tabel 3.17) in al die vakke, met die uitsondering van Afrikaans Laer en Biologie, swakker as die kontrolegroep gepresteer. Ook op standerd 10-vlak (tabel 3.18) het die ondersoekgroep in al die vakke, met die uitsondering van Afrikaans Laer en Algemene Wetenskap, beduidend swakker as die kontrolegroep gepresteer. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

TABEL 3.16  
GEMIDDELDE IK-PUNT OP STANDERD 6-, 8- EN 10-VLAK VOLGENS DIE NSAG

| Telling     | St. 6-vlak       |       |                |       | St. 8-vlak       |        |                |        | St. 10-vlak      |        |                |       |        |       |        |
|-------------|------------------|-------|----------------|-------|------------------|--------|----------------|--------|------------------|--------|----------------|-------|--------|-------|--------|
|             | Onderzoek= groep |       | Kontrol= groep |       | Onderzoek= groep |        | Kontrol= groep |        | Onderzoek= groep |        | Kontrol= groep |       |        |       |        |
|             | $\bar{X}$        | S     | $\bar{X}$      | S     | $\bar{X}$        | S      | $\bar{X}$      | S      | $\bar{X}$        | S      | $\bar{X}$      | S     |        |       |        |
| Nie-verbaal | 99,69            | 14,24 | 103,64         | 15,26 | 12,555*          | 100,15 | 12,77          | 105,24 | 14,45            | 7,851* | 107,72         | 16,35 | 115,37 | 15,74 | 5,342* |
| Verbaal     | 97,41            | 14,50 | 100,87         | 16,11 | 10,536*          | 99,03  | 13,12          | 101,63 | 14,61            | 6,274* | 106,09         | 13,02 | 110,88 | 14,12 | 5,152* |
| Totaal      | 98,21            | 13,46 | 101,91         | 14,76 | 12,248*          | 99,84  | 12,31          | 103,79 | 13,93            | 3,163* | 107,16         | 14,90 | 114,72 | 14,75 | 7,796* |
| N           | 3472             |       | 6358           |       | 430              |        | 965            |        | 250              |        | 3193           |       |        |       |        |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.17  
 GEMIDDELTE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE OP STANDERD 6-VLAK

| Vakke              | Onderzoeksgroep |           | Kontrolegroep |           | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|--------------------|-----------------|-----------|---------------|-----------|--------------------------------------|
|                    | N               | $\bar{X}$ | N             | $\bar{X}$ |                                      |
| Afrikaans Hoër     | 2537            | 47,71     | 3725          | 49,70     | 7,493*                               |
| Afrikaans Laer     | 730             | 43,53     | 2369          | 44,09     | 0,986                                |
| Engels Hoër        | 746             | 45,05     | 2419          | 48,08     | 5,946*                               |
| Engels Laer        | 2521            | 40,58     | 3698          | 44,93     | 12,151*                              |
| Wiskunde           | 1697            | 44,75     | 2811          | 47,35     | 4,197*                               |
| Geskiedenis        | 1427            | 46,69     | 3401          | 49,06     | 4,352*                               |
| Algemene Wetenskap | 2975            | 47,92     | 5057          | 49,28     | 3,386*                               |
| Biologie           | 36              | 40,28     | 62            | 49,52     | 2,249                                |
| Totaalpunt         | 3269            | 45,32     | 6118          | 47,54     | 7,851*                               |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.18  
GEMIDDELTE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE OP STANDERD 10-VLAK

| Vakke              | Ondersoekgroep |           |       |      | Kontrolegroep |       |   |        | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|--------------------|----------------|-----------|-------|------|---------------|-------|---|--------|--------------------------------------|
|                    | N              | $\bar{X}$ | S     | N    | $\bar{X}$     | S     | S |        |                                      |
| Afrikaans Hoër     | 172            | 44,42     | 8,37  | 1718 | 49,32         | 9,43  |   | 6,557* |                                      |
| Afrikaans Laer     | 62             | 43,71     | 10,81 | 1340 | 44,57         | 11,31 |   | 0,613  |                                      |
| Engels Hoër        | 62             | 41,61     | 9,87  | 1378 | 46,65         | 10,21 |   | 3,850* |                                      |
| Engels Laer        | 172            | 38,43     | 10,53 | 1707 | 46,03         | 12,52 |   | 7,688* |                                      |
| Wiskunde           | 146            | 38,29     | 16,85 | 2619 | 42,40         | 16,73 |   | 2,880* |                                      |
| Geskiedenis        | 93             | 44,41     | 12,74 | 1407 | 49,86         | 14,18 |   | 3,642* |                                      |
| Algemene Wetenskap | 26             | 41,92     | 10,01 | 19   | 39,47         | 11,46 |   | 0,730  |                                      |
| Biologie           | 110            | 43,73     | 10,26 | 1329 | 47,78         | 13,82 |   | 3,041* |                                      |
| Totaalpunt         | 234            | 43,50     | 8,30  | 3083 | 47,05         | 10,23 |   | 5,252* |                                      |

\*Beduidend op die 1% $\alpha$ -peil

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.7 waar bevind is dat die onderzoekgroep n laer IK as die kontrolegroep het.

### 3.8.2 Slaag/druipgegewens

In tabel 3.19 word aangedui of die leerlinge standerds 6, 8 en 10 geslaag of gedruip het.

Volgens tabel 3.19 het n groter persentasie onderzoekgroepleerlinge (13,1) as kontrolegroepleerlinge (11,2) standerd 6 gedruip. Op standerd 8-vlak is daar omtrent geen verskil (47,1% teenoor 46,4%) tussen die twee groepe nie. Die standerd 10-uitslae toon dat n kleiner persentasie van die onderzoekgroep (17,8) as die kontrolegroep (19,1) standerd 10 gedruip het. Die verskille op standerd 6- en 10-vlak is beduidend.

Die bevindings in hierdie paragraaf stem dus nie ooreen met die bevindings in paragrawe 3.6.1, 3.7 en 3.8.1 nie, waar onderskeidelik bevind is dat n kleiner persentasie van die onderzoekgroep as die kontrolegroep in staat is (volgens hulle standerd 6-klasonderwysers) om standerd 10 te slaag, die onderzoekgroep n laer algemene intelligensie as die kontrolegroep het en die onderzoekgroep swakker as die kontrolegroep in hulle skoolvakke presteer.

Dit wil dus voorkom asof die onderzoekgroep, namate hulle ouer word, meer pligsgetrou en hardwerkend as die kontrolegroep in hulle skoolwerk is.

## 3.9 AANLEG

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op die Tegniese Toetse en die Junior Aanlegtoetse.

### 3.9.1 Tegniese Toetse

Die tegniese toetse is slegs op standerd 6- en 8-vlak toegepas. Die gemiddelde stanege prestasies van die leerlinge in die Tegniese Toetse, verskyn in tabelle 3.20 (st.6-vlak) en 3.21 (st.8-vlak).

Dit blyk uit tabel 3.20 dat die onderzoekgroep in standerd 6 in al vyf die velde van die Tegniese Toetse swakker as die kontrolegroep gepresteer het. In vier van die velde, naamlik Rekenkunde, Vormwaarneming I, Vormwaarneming II en Gereedskaptoets, is die verskille beduidend op die 1-persentpeil.

TABEL 3.19  
 VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERDS 6, 8 EN 10 GESLAAG OF GEDRUIP HET

| Vordering     | St.6-vlak          |                 |       | St.8-vlak         |                 |     | St.10-vlak         |                 |       |       |       |  |
|---------------|--------------------|-----------------|-------|-------------------|-----------------|-----|--------------------|-----------------|-------|-------|-------|--|
|               | Onderzoek= groep   | Kontrole= groep | %     | Onderzoek= groep  | Kontrole= groep | %   | Onderzoek= groep   | Kontrole= groep | %     |       |       |  |
|               | N                  | N               | %     | N                 | N               | %   | N                  | N               | %     |       |       |  |
| Druip         | 413                | 664             | 11,2  | 192               | 47,1            | 420 | 46,4               | 242             | 17,8  | 3014  | 19,1  |  |
| Slaag         | 2733               | 5241            | 88,8  | 216               | 52,9            | 485 | 53,6               | 1116            | 82,2  | 12796 | 80,9  |  |
| TOTAAL        | 3146               | 5905            | 100,0 | 408               | 100,0           | 905 | 100,0              | 1358            | 100,0 | 15810 | 100,0 |  |
| Beduidendheid | $X^2 = 6,764$      |                 |       | $X^2 = 0,025$     |                 |     | $X^2 = 6,814$      |                 |       |       |       |  |
|               | $0,001 < p < 0,01$ |                 |       | $0,80 < p < 0,90$ |                 |     | $0,001 < p < 0,01$ |                 |       |       |       |  |

TABEL 3.20  
GEMIDDELDE STANEGENPUNTE IN DIE TEGNIESE TOETSE OP STANDERD 6-VLAK

| Toets             | Onderzoeksgroep |                        | Kontrolegroep |                        | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|-------------------|-----------------|------------------------|---------------|------------------------|--------------------------------------|
|                   | Gemiddelde      | Standaard=<br>afwyking | Gemiddelde    | Standaard=<br>afwyking |                                      |
| Rekenkunde        | 4,90            | 1,94                   | 5,17          | 2,05                   | 6,347*                               |
| Meganiese Insig   | 4,96            | 1,89                   | 5,00          | 1,93                   | 0,987                                |
| Vormwaarneming I  | 5,16            | 1,90                   | 5,37          | 1,97                   | 5,105*                               |
| Vormwaarneming II | 5,09            | 2,02                   | 5,22          | 2,02                   | 3,044*                               |
| Gereedskaptoets   | 4,68            | 1,84                   | 5,04          | 1,90                   | 9,062*                               |
| N                 | 3455            |                        | 6350          |                        |                                      |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.21  
GEMIDDELDE STANEGERPUNTE IN DIE TEGNIESE TOETSE OP STANDERD 8-VLAK

| Toets             | Ondersoekgroep |                    | Kontrolegroep |                    | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|-------------------|----------------|--------------------|---------------|--------------------|--------------------------------------|
|                   | Gemiddelde     | Standaard=afwyking | Gemiddelde    | Standaard=afwyking |                                      |
| Vormwaarneming I  | 5,10           | 1,88               | 5,45          | 1,95               | 2,664*                               |
| Vormwaarneming II | 5,09           | 1,94               | 5,43          | 1,95               | 2,548                                |
| Gereedskaptoets   | 4,78           | 1,77               | 5,05          | 1,96               | 2,108                                |
| N                 | 426            |                    | 956           |                    |                                      |

\*Beduidend op die 1%-peil



Ook in standerd 8 (tabel 3.21), waar slegs drie subtoetse van die Tegniese Toetse toegepas is, het die ondersoekgroep in al drie hierdie toetse swakker as die kontrolegroep gepresteer. Die verskille op standerd 8-vlak is egter in slegs een van die velde, naamlik Vormwaarneming I beduidend.

Dit wil dus voorkom asof die ondersoekgroep 'n swakker algemene vermoë in die tegniese rigting as die kontrolegroep het. Dit is miskien in teenstelling van wat van aspirant-boere verwag sou word, aangesien die hantering van herstelwerk van implemente 'n belangrike deel van boerdery uitmaak.

### 3.9.2 Die Junior en Senior Aanlegtoetse

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die Junior Aanlegtoetse behaal het, word in tabel 3.22 (st.6-vlak) weergegee. Die prestasies wat die leerlinge in die Senior Aanlegtoetse behaal het, verskyn in tabelle 3.23 (st.8-vlak) en 3.24 (st.10-vlak).

Die ondersoekgroep het in 7 van die 11 velde van die Junior Aanlegtoetse (st.6-vlak), in 4 van die 10 velde van die Senior Aanlegtoetse (st.8-vlak) en in 9 van die 12 velde van die Senior Aanlegtoetse (st.10-vlak) beduidend swakker as die kontrolegroep gepresteer. Die verskille in die ander velde is gering en nie beduidend nie.

Dit blyk dus dat die aspirant-boere nie in 'n meerdere mate as leerlinge wat ander beroepe wil gaan beoefen, aanleg in 'n besondere rigting openbaar nie.

### 3.10 BELANGSTELLING

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die GSZ-belangstellingsvraelys behaal het, word in tabelle 3.25 (st.6-vlak), 3.26 (st.8-vlak) en 3.27 (st.10-vlak) weergegee.

Dit is opvallend dat die ondersoekgroep in die veld Buitenshuis-Natuur op al drie vlakke (standerds 6, 8 en 10) betekenisvol hoër as die kontrolegroep gepresteer het. Die veld Buitenshuis-Natuur dui op belangstelling in aktiwiteite wat te doen het met landbou, bosbou en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word.

TABEL 3.22  
GEMIDDELTE STANEGERPUNTE IN DIE JAT OP STANDERD 6-VLAK

| Toets                      | Ondersoekgroep |                    | Kontrolegroep |                    | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|----------------------------|----------------|--------------------|---------------|--------------------|--------------------------------------|
|                            | Gemiddelde     | Standaard=afwyking | Gemiddelde    | Standaard=afwyking |                                      |
| Redenering                 | 4,70           | 1,89               | 5,00          | 2,03               | 7,163*                               |
| Klassifikasie              | 5,19           | 2,00               | 5,43          | 1,97               | 5,733*                               |
| Berekeninge.               | 4,41           | 1,92               | 4,80          | 2,06               | 9,173*                               |
| Onderdele                  | 4,92           | 1,99               | 4,91          | 1,99               | 0,238                                |
| Sinonieme                  | 4,63           | 1,80               | 4,82          | 1,90               | 4,820*                               |
| Vierkante                  | 4,94           | 1,93               | 5,24          | 1,98               | 7,233*                               |
| Figuurpersepsie            | 4,44           | 1,75               | 4,75          | 1,91               | 7,907*                               |
| Geheue vir Name en Gesigte | 4,49           | 1,88               | 4,75          | 1,95               | 6,389*                               |
| Woordvlotheid              | 4,63           | 1,84               | 4,57          | 1,85               | 1,537                                |
| Koördinasie                | 4,92           | 1,91               | 4,99          | 1,91               | 1,734                                |
| Skryfspoed                 | 4,42           | 1,82               | 4,50          | 1,87               | 2,043                                |
| N                          | 3465           |                    | 6328          |                    |                                      |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.23  
GEMIDDELTE STANEGEPUNTE IN DIE SAT OP STANDERD 8-VLAK

| Toets              | Onderzoeksgroep |                     | Kontrolegroep |                     | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|--------------------|-----------------|---------------------|---------------|---------------------|--------------------------------------|
|                    | Gemiddelde      | Standaard= afwyking | Gemiddelde    | Standaard= afwyking |                                      |
| Verbale Begrip     | 4,48            | 1,82                | 4,87          | 1,97                | 3,475*                               |
| Berekeninge        | 4,48            | 1,92                | 4,85          | 2,04                | 3,167*                               |
| Woordbou           | 4,74            | 1,87                | 4,76          | 1,95                | 0,178                                |
| Vergelyking        | 4,06            | 1,89                | 4,42          | 1,92                | 3,231*                               |
| Patroonvoltooiing  | 4,55            | 1,94                | 5,00          | 2,04                | 3,840*                               |
| Figuurreekse       | 4,82            | 1,68                | 5,02          | 1,86                | 1,899                                |
| Ruimtelik 2-D      | 5,32            | 1,87                | 5,51          | 1,96                | 1,686                                |
| Ruimtelik 3-C      | 5,64            | 1,71                | 5,71          | 1,89                | 0,654                                |
| Geheue (Paragraaf) | 4,43            | 1,93                | 4,60          | 1,98                | 1,484                                |
| Geheue (Simbole)   | 4,69            | 1,74                | 4,68          | 1,87                | 0,094                                |
| N                  | 426             |                     | 955           |                     |                                      |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.24  
GEMIDDELDE STANEGEPUNTE IN DIE SAT OP STANDERD 10-VLAK

| Toets              | Ondersoekgroep |                     | Kontrolegroep |                     | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|--------------------|----------------|---------------------|---------------|---------------------|--------------------------------------|
|                    | Gemiddelde     | Standaard= afwyking | Gemiddelde    | Standaard= afwyking |                                      |
| Verbale Begrip     | 4,30           | 2,05                | 5,25          | 2,04                | 7,099*                               |
| Berekeninge        | 4,30           | 1,78                | 5,12          | 1,94                | 6,483*                               |
| Woordbou           | 4,04           | 1,90                | 4,83          | 1,96                | 6,160*                               |
| Vergelyking        | 3,70           | 1,81                | 4,42          | 2,01                | 5,501*                               |
| Patroonvoltooiing  | 4,40           | 1,95                | 5,15          | 2,01                | 5,702*                               |
| Figuurreekse       | 4,58           | 1,75                | 5,06          | 1,92                | 3,836*                               |
| Ruimtelik 2-D      | 5,22           | 1,89                | 5,62          | 1,90                | 3,212*                               |
| Ruimtelik 3-D      | 5,45           | 1,84                | 5,73          | 1,80                | 2,368                                |
| Geheue (Paragraaf) | 4,38           | 1,87                | 4,68          | 1,84                | 2,483                                |
| Geheue (Simbole)   | 4,06           | 1,78                | 4,57          | 1,86                | 4,194*                               |
| Koördinasie.       | 5,18           | 2,01                | 5,27          | 2,01                | 0,683                                |
| Skryfspoed         | 4,42           | 1,91                | 4,89          | 2,06                | 3,497*                               |
| N                  |                | 251                 |               | 3190                |                                      |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.25  
GEMIDDELDE STANECEPUNTE IN DIE GSZ-OELANGSTELLINGSVRAELYS OP STANDERD 6-VLAK

| Veld                          |   | Ondersoekgroep |                        | Kontrolegroep |                        | Beduidendheid             |
|-------------------------------|---|----------------|------------------------|---------------|------------------------|---------------------------|
|                               |   | Gemiddelde     | Standaard=<br>afwyking | Gemiddelde    | Standaard=<br>afwyking | van verskille<br>t-waarde |
| Kuns-Waardering               | H | 4,88           | 1,80                   | 5,16          | 1,84                   | 7,247*                    |
|                               | W | 5,70           | 1,12                   | 5,73          | 1,14                   | 1,251                     |
| Kuns-Ekspressie               | H | 4,73           | 1,84                   | 5,11          | 1,85                   | 9,726*                    |
|                               | W | 5,31           | 1,39                   | 5,36          | 1,41                   | 1,684                     |
| Taal-Waardering               | H | 4,70           | 1,84                   | 5,06          | 1,91                   | 9,022*                    |
|                               | W | 5,26           | 1,48                   | 5,32          | 1,48                   | 1,916                     |
| Taal-Ekspressie               | H | 4,53           | 1,88                   | 4,97          | 1,93                   | 10,872*                   |
|                               | W | 5,29           | 1,47                   | 5,39          | 1,46                   | 3,229*                    |
| Wetenskap-Navorsing           | H | 4,95           | 1,79                   | 5,20          | 1,88                   | 6,391*                    |
|                               | W | 4,85           | 1,62                   | 5,09          | 1,74                   | 6,677*                    |
| Wetenskap-Teoreties           | H | 4,64           | 1,79                   | 5,07          | 1,86                   | 11,070*                   |
|                               | W | 5,02           | 1,28                   | 5,29          | 1,44                   | 9,208*                    |
| Meganies-Hantering            | H | 4,84           | 2,00                   | 4,91          | 1,94                   | 1,687                     |
|                               | W | 5,18           | 2,00                   | 4,87          | 1,98                   | 7,373*                    |
| Meganies-Ontwerp              | H | 4,87           | 1,90                   | 4,98          | 1,87                   | 2,764*                    |
|                               | W | 4,98           | 1,77                   | 5,09          | 1,79                   | 2,916*                    |
| Buitenshuis-Natuur            | H | 5,39           | 1,85                   | 5,08          | 1,93                   | 7,702*                    |
|                               | W | 6,19           | 1,66                   | 4,97          | 1,64                   | 35,004*                   |
| Buitenshuis-Sport             | H | 4,96           | 2,00                   | 5,09          | 1,99                   | 3,082*                    |
|                               | W | 5,45           | 1,50                   | 5,25          | 1,46                   | 6,411*                    |
| Besigheid-Handel              | H | 5,04           | 1,74                   | 5,08          | 1,76                   | 1,078                     |
|                               | W | 5,09           | 1,78                   | 4,97          | 1,76                   | 3,209*                    |
| Besigheid-Bedryfslei-<br>ding | H | 5,13           | 1,66                   | 5,27          | 1,68                   | 3,955*                    |
|                               | W | 5,27           | 1,52                   | 5,28          | 1,53                   | 0,310                     |
| Sosiaal-Oorreding             | H | 5,05           | 1,61                   | 5,11          | 1,65                   | 1,733                     |
|                               | W | 5,46           | 1,39                   | 5,35          | 1,43                   | 3,671*                    |
| Sosiaal-Gesellig              | H | 4,86           | 1,88                   | 5,07          | 1,90                   | 5,243*                    |
|                               | W | 5,36           | 1,46                   | 5,31          | 1,42                   | 1,648                     |
| Persoonlike Diens             | H | 4,84           | 1,82                   | 5,06          | 1,86                   | 5,632*                    |
|                               | W | 5,30           | 1,49                   | 5,25          | 1,45                   | 1,614                     |
| Maatskaplike Diens.           | H | 4,82           | 1,85                   | 5,02          | 1,85                   | 5,109*                    |
|                               | W | 5,28           | 1,49                   | 5,37          | 1,49                   | 2,855*                    |
| Kantoorwerk-Klerklik          | H | 4,95           | 1,66                   | 5,11          | 1,71                   | 4,467*                    |
|                               | W | 5,35           | 1,45                   | 5,39          | 1,45                   | 1,304                     |
| Kantoorwerk-Numeries          | H | 5,11           | 1,71                   | 5,24          | 1,73                   | 3,566*                    |
|                               | W | 5,39           | 1,46                   | 5,44          | 1,45                   | 1,626                     |
| N                             |   | 3451           |                        | 6333          |                        |                           |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 3.26

## GEMIDDELTE STANEGEPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAEÏYS OP STANDERD 8-VLAK

| Veld                     | Onderzoekgroep |                     |            | Kontrolegroep |                     |          | Beduidendheid van verskille t-waarde |
|--------------------------|----------------|---------------------|------------|---------------|---------------------|----------|--------------------------------------|
|                          | Gemiddelde     | Standaard= afwyking | Gemiddelde | Gemiddelde    | Standaard= afwyking | t-waarde |                                      |
|                          | 4,42           | 1,84                | 4,93       | 1,95          | 4,552*              |          |                                      |
| Kuns-Waardering          | 4,50           | 1,83                | 5,08       | 1,99          | 5,110*              |          |                                      |
| Kuns-Ekspresie           | 4,30           | 1,84                | 4,98       | 1,96          | 6,047*              |          |                                      |
| Taal-Waardering          | 4,19           | 1,83                | 5,01       | 1,93          | 7,385*              |          |                                      |
| Taal-Ekspresie           | 4,48           | 1,90                | 4,98       | 2,01          | 4,327*              |          |                                      |
| Wetenskap-Navorsing      | 4,19           | 1,79                | 5,05       | 1,98          | 7,739*              |          |                                      |
| Wetenskap-Teoreties      | 5,18           | 1,94                | 5,02       | 1,91          | 1,449               |          |                                      |
| Meganies-Hantering       | 4,59           | 1,92                | 5,10       | 1,97          | 3,529*              |          |                                      |
| Meganies-Ontwerp         | 4,55           | 1,94                | 4,76       | 1,96          | 19,660*             |          |                                      |
| Buitenshuis-Hatwur       | 4,84           | 1,90                | 4,88       | 2,00          | 3,521               |          |                                      |
| Buitenshuis-Boont        | 4,22           | 1,89                | 4,99       | 1,95          | 19,534              |          |                                      |
| Besigheids-Handel        | 4,09           | 1,89                | 4,01       | 1,90          | 3,950*              |          |                                      |
| Besigheids-Bedryfswindig | 4,75           | 1,90                | 5,04       | 1,99          | 2,225               |          |                                      |
| Sosiaal-Gorveding        | 4,58           | 2,01                | 4,98       | 1,95          | 3,511*              |          |                                      |
| Sosiaal-Gesellig         | 4,70           | 1,95                | 4,98       | 1,99          | 2,189               |          |                                      |
| Persoonlike Diens        | 4,57           | 1,90                | 4,90       | 2,00          | 3,521*              |          |                                      |
| Maatskaplike Diens       | 4,58           | 1,92                | 5,01       | 1,93          | 3,511*              |          |                                      |
| Kantoorwerk-Klerklik     | 4,49           | 1,85                | 4,90       | 1,95          | 3,548*              |          |                                      |
| Kantoorwerk-Numeries     |                |                     |            |               |                     |          |                                      |
| N                        | 425            | 944                 |            |               |                     |          |                                      |

\*Beduidendop die 1/2-peil

TABEL 3.27

GEMIDDELDE STANEGERPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS OP STANDERD 10-VLAK

| Veld                          |   | Ondersoekgroep |                        | Kontrolegroep |                        | Beduidendheid<br>van verskille |
|-------------------------------|---|----------------|------------------------|---------------|------------------------|--------------------------------|
|                               |   | Gemiddelde     | Standaard=<br>afwyking | Gemiddelde    | Standaard=<br>afwyking | t-waarde                       |
| Kuns-Waardering               | H | 4,41           | 1,81                   | 5,11          | 1,92                   | 4,050*                         |
|                               | W | 5,52           | 0,96                   | 5,84          | 1,10                   | 3,248*                         |
| Kuns-Ekspressie               | H | 4,41           | 1,58                   | 5,11          | 1,84                   | 4,252*                         |
|                               | W | 4,97           | 1,09                   | 5,44          | 1,48                   | 3,578*                         |
| Taal-Waardering               | H | 4,27           | 1,55                   | 5,11          | 1,87                   | 5,031*                         |
|                               | W | 6,18           | 0,52                   | 6,37          | 0,80                   | 2,689*                         |
| Taal-Ekspressie               | H | 4,53           | 1,45                   | 5,33          | 1,66                   | 5,381*                         |
|                               | W | 5,32           | 0,84                   | 5,73          | 1,19                   | 3,889*                         |
| Wetenskap-Navorsing           | H | 4,96           | 1,73                   | 5,06          | 1,90                   | 0,586                          |
|                               | W | 4,84           | 1,06                   | 5,40          | 1,51                   | 4,187*                         |
| Wetenskap-Teoreties           | H | 4,61           | 1,63                   | 5,15          | 1,76                   | 3,413*                         |
|                               | W | 4,74           | 0,92                   | 5,48          | 1,47                   | 5,707*                         |
| Meganies-Hantering            | H | 4,73           | 1,83                   | 4,99          | 1,79                   | 1,604                          |
|                               | W | 5,92           | 1,55                   | 5,34          | 1,42                   | 4,484*                         |
| Meganies-Ontwerp              | H | 5,07           | 1,66                   | 5,14          | 1,73                   | 0,449                          |
|                               | W | 5,05           | 1,57                   | 5,29          | 1,90                   | 1,415                          |
| Buitenshuis-Natuur            | H | 5,33           | 1,79                   | 4,91          | 1,92                   | 2,432                          |
|                               | W | 7,17           | 1,23                   | 5,22          | 1,40                   | 15,547*                        |
| Buitenshuis-Sport             | H | 4,72           | 1,87                   | 4,95          | 1,93                   | 1,321                          |
|                               | W | 5,68           | 1,59                   | 5,26          | 1,56                   | 2,973*                         |
| Besigheid-Handel              | H | 5,04           | 1,71                   | 5,15          | 1,74                   | 0,700                          |
|                               | W | 5,26           | 1,24                   | 5,38          | 1,51                   | 0,891                          |
| Besigheid-Bedryfs=<br>leiding | H | 5,01           | 1,59                   | 5,26          | 1,65                   | 1,681                          |
|                               | W | 5,15           | 1,16                   | 5,50          | 1,47                   | 2,674*                         |
| Sosiaal-Oorreding             | H | 4,79           | 1,61                   | 5,14          | 1,71                   | 2,274                          |
|                               | W | 5,34           | 1,19                   | 5,44          | 1,49                   | 0,753                          |
| Sosiaal-Gesellig              | H | 4,38           | 1,87                   | 5,03          | 1,94                   | 3,716*                         |
|                               | W | 5,29           | 1,35                   | 5,46          | 1,49                   | 1,271                          |
| Persoonlike Diens             | H | 4,75           | 1,91                   | 5,04          | 1,93                   | 1,663                          |
|                               | W | 5,23           | 1,34                   | 5,42          | 1,48                   | 1,430                          |
| Maatskaplike Diens            | H | 4,84           | 1,50                   | 5,26          | 1,67                   | 2,803*                         |
|                               | W | 5,50           | 0,96                   | 5,83          | 1,14                   | 3,239*                         |
| Kantoorwerk-Klerklik          | H | 5,29           | 1,37                   | 5,44          | 1,42                   | 1,172                          |
|                               | W | 5,57           | 0,80                   | 5,85          | 1,12                   | 2,820*                         |
| Kantoorwerk-Numeries          | H | 5,29           | 1,45                   | 5,37          | 1,52                   | 0,584                          |
|                               | W | 5,49           | 0,81                   | 5,83          | 1,14                   | 3,365*                         |
| N                             |   | 133            |                        | 1549          |                        |                                |

\*Beduidend op die 1%-peil

In nog twee velde naamlik Meganies-Hantering en Buitenshuis-Sport het die ondersoekgroep op standerd 6- en standerd 10-vlak betekenisvol beter as die kontrolegroep gepresteer. Op standerd 8-vlak het die ondersoekgroep wel beter as die kontrolegroep in hierdie twee velde gevaar maar die verskille is nie betekenisvol nie. Die veld Meganies-Hantering dui op belangstelling in die hantering van gereedskap, masjinerie en ander apparaat, terwyl die veld Buitenshuis-Sport dui op belangstelling in fisieke aktiwiteite wat hoofsaaklik in die buitlug beoefen word.

Dit blyk dus dat die ondersoekgroep se belangstelling hoofsaaklik gesentreer is om die boerdery en aspekte wat verband hou met boerdery. Belangstelling in 'n beroep bepaal in 'n groot mate of 'n persoon 'n sukses van daardie beroep sal maak. Dit wil dus voorkom of die ondersoekgroep 'n sukses van boerdery as beroep behoort te maak.

### 3.11 SAMEVATTING

#### 3.11.1 Biografiese en agtergrondgegewens

Die beeld wat van die ondersoekgroepe met behulp van die Biografiese Vraelys verkry is, is saamgevat onder die hoofde persoonlike besonderhede, gesinsagtergrond en skool- en studieaangeleenthede.

##### (a) Persoonlike besonderhede

Dit het geblyk dat die aspirant-boere hoofsaaklik Afrikaanssprekend is en dat hulle oor die algemeen gesonder as die kontrolegroepopleerlinge is.

##### (b) Gesinsagtergrond

Volgens die beroep van vader/stiefvader/voog blyk dat die ondersoekgroepopleerlinge se vaders in hoofsaak boerdery as beroep beoefen. Die ondersoekgroepopleerlinge kom in 'n groter mate as die kontrolegroepopleerlinge uit groot gesinne (vier en meer kinders) en oor die algemeen is dit die jonger kinders in die gesin wat aspireer om boere te word. Die antwoorde van die ondersoekgroepopleerlinge en die kontrolegroepopleerlinge op die vraag of daar van hulle ouers oorlede is, het nie beduidende verskille opgelewer nie.



### (c) Skool- en studieaangeleenthede

Dit het geblyk dat 'n groter persentasie van die ondersoekgroep as kontrolegroep in Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika skoolgegaan het, terwyl 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep as kontrolegroep in Transvaal en Natal skoolgegaan het. Die ondersoekgroep het in 'n groter mate as die kontrolegroep Landbouskole besoek. Wat die ligging van die skool betref, het dit geblyk dat die ondersoekgroep in meerdere mate skole bygewoon het wat in 'n dorp of op 'n plaas geleë is, terwyl die kontrolegroep in meerdere mate skole bygewoon het wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Dit het ook geblyk dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het. Die ondersoekgroep het laer opleidingsaspirasies as die kontrolegroep openbaar.

#### 3.11.2 Onderwysersbeoordeling

Volgens die leerlinge se klasonderwysers (standerd 6-vlak) het 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep as kontrolegroep 'n kans om standerd 10 te slaag. Die klasonderwysers meen ook dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep ywer in hulle skoolwerk openbaar. Dit het geblyk dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep stokkies draai. Volgens die klasonderwysers het meer van die ondersoekgroep in vergelyking met die kontrolegroep nie aanleg vir 'n besondere vak of vakgebied openbaar nie.

#### 3.11.3 Intellektuele vermoë

Dit het geblyk dat die ondersoekgroepe swakker as die kontrolegroepe daaraan toe is wat betref intellektuele vermoë.

#### 3.11.4 Skolastiese prestasies

Die ondersoekgroepe het in die skooleksamens swakker as die kontrolegroepe gepresteer. Wat slaag/druipgegewens betref, het die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep standerd 6 gedruip, op standerd 8-vlak was die druipersentasie van die twee groepe min of meer dieselfde, terwyl die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep standerd 10 gedruip het.

### 3.11.5 Aanleg

Die ondersoekgroep het met enkele uitsonderings swakker as die kontrolegroep in die aanlegtoetse gepresteer.

### 3.11.6 Belangstelling

Die ondersoekgroep het in 'n groter mate as die kontrolegroep belangstelling in die velde Buitenshuis-Natuur van die GSZ-belangstellingsvraelys geopenbaar. Die veld Buitenshuis-Natuur dui op belangstelling in boerdery en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word.

## HOOFSTUK 4

'N VERGELYKING TUSSEN SEUNS WAT VOOR STANDERD 10 DIE SKOOL VERLAAT EN TOT DIE BOERDERY AS BEROEP TOEGETREE HET EN SEUNS WAT VOOR STANDERD 10 DIE SKOOL VERLAAT EN ANDER BEROEPE AS BOERDERY GEVOLG HET

### 4.1 INLEIDING

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, is daar aan alle leerlinge wat die skool sonder 'n standerd 10-kwalifikasie verlaat het en van wie inligting bekom is, 'n vraelys gestuur om onder andere vas te stel watter beroep die leerlinge beoefen. Op grond van die gegewens wat so verkry is, is daar vir hierdie hoofstuk twee ondersoekgroepe saamgestel, naamlik skoolverlaters uit gewone skole wat tot die boerdery toegetree het. Daar is ook twee kontrolegroepe saamgestel, naamlik skoolverlaters uit gewone skole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het en skoolverlaters uit Landbouskole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het. Skoolverlaters uit gewone skole wat gaan boer het, sal hoofsaaklik vergelyk word met skoolverlaters uit gewone skole wat ander beroepe gaan beoefen het, terwyl skoolverlaters uit Landbouskole wat gaan boer het hoofsaaklik vergelyk sal word met skoolverlaters uit Landbouskole wat ander beroepe gaan beoefen het. Daar sal egter ook op gelet word in watter mate daar verskille is tussen skoolverlaters uit gewone skole wat gaan boer het en skoolverlaters uit Landbouskole wat tot die boerdery toegetree het.

Die vraelyste en toetse wat in hierdie hoofstuk gebruik word, is op die leerlinge toegepas terwyl hulle in 1965 in standerd 6 was.

Die resultate van die vraelyste en toetse sal in hierdie hoofstuk onder dieselfde hoofde as die vorige hoofstuk bespreek word. Net soos in die vorige hoofstuk is dit ook hier moontlik dat die totale getal leerlinge van tabel tot tabel mag verskil. Die persentasies is egter bereken op grond van die werklike getal leerlinge vir wie gegewens beskikbaar is.

## 4.2 DIE ONDERSOEKGROEPE

Al die skoolverlaters voor standerd 10, vir wie gegewens beskikbaar is, wat in die Vraelys aan Skoolverlaters aangedui het dat hulle boerdery as beroep beoefen, is geselekteer. Op grond van die gegewens wat hulle in standerd 6 in die Biografiese Vraelys verstreë het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (a) boere uit gewone skole (44 leerlinge) en (b) boere uit Landbouskole (14 leerlinge).

## 4.3 DIE KONTROLEGROEPE

Al die skoolverlaters voor standerd 10, vir wie gegewens beskikbaar is, wat in die Vraelys aan Skoolverlaters aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery beoefen, is geselekteer. Op grond van die gegewens wat hulle in standerd 6 in die Biografiese Vraelys verstreë het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (a) leerlinge wat ander beroepe as boerdery beoefen uit gewone skole (1512 leerlinge) en (b) leerlinge wat ander beroepe as boerdery beoefen uit Landbouskole (32 leerlinge).

Dit blyk dus dat skoolverlaters (voor st.10) uit Landbouskole in 'n hoër mate tot die boerdery as beroep toetree in vergelyking met skoolverlaters uit ander skole, aangesien 14 (30,4%) van die 46 skoolverlaters uit Landbouskole gaan boer het in vergelyking met 44 (2,8%) van die 1556 skoolverlaters uit ander skole.

## 4.4 BIOGRAFIESE EN AGTERGRONDGEGEWENS

Die agtergrondbeskrywing van seuns wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer het in vergelyking met die seuns wat voor standerd 10 die skool verlaat en ander beroepe as boerdery gaan beoefen het, geskied aan die hand van die biografiese gegewens wat die leerlinge, terwyl hulle in standerd 6 was, in die Biografiese Vraelys verstreë het. Navorsingsresultate wat uit die Biografiese Vraelys verkry is, sal onder dieselfde hoofde as in die vorige hoofstuk bespreek word.

### 4.4.1 Persoonlike besonderhede

Onder hierdie opskrif resorteer navorsingsresultate wat betrekking het op die huistaal en die gesondheidstoestand van die leerlinge.

(a) Huistaal

Die verdeling van leerlinge volgens huistaal word in tabel 4.1 weergegee.

TABEL 4.1  
VERDELING VOLGENS HUISTAAL

| Huistaal            | Gewone skole                        |       |                    |       | Landbouskole        |       |                    |       |
|---------------------|-------------------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------|-------|--------------------|-------|
|                     | Ondersoek=<br>groep                 |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                     | N                                   | %     | N                  | %     | N                   | %     | N                  | %     |
| Afrikaans           | 37                                  | 84,0  | 921                | 60,9  | 14                  | 100,0 | 32                 | 100,0 |
| Engels              | 5                                   | 11,4  | 421                | 27,9  | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Afrikaans en Engels | 1                                   | 2,3   | 106                | 7,0   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Duits               | 1                                   | 2,3   | 5                  | 0,3   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Nederlands          | 0                                   | 0,0   | 10                 | 0,7   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Grieks              | 0                                   | 0,0   | 11                 | 0,7   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Italiaans           | 0                                   | 0,0   | 6                  | 0,4   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Portugees           | 0                                   | 0,0   | 29                 | 1,9   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Ander taal          | 0                                   | 0,0   | 3                  | 0,2   | 0                   | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL              | 44                                  | 100,0 | 1512               | 100,0 | 14                  | 100,0 | 32                 | 100,0 |
| Beduidendheid       | $\chi^2 = 9,708$ $0,001 < p < 0,01$ |       |                    |       |                     |       |                    |       |

Dit blyk uit tabel 4.1 dat wat leerlinge uit gewone skole betref die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep (84,0% teenoor 60,9%) Afrikaanssprekend is, terwyl 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep (11,4) as die kontrolegroep (27,9) Engelssprekend is. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat dit hoofsaaklik Afrikaanssprekende seuns is wat die skool voor standerd 10 verlaat wat tot die boerdery as beroep toetree. Hierdie bevinding stem dus ooreen met die bevinding in paragraaf 3.5.1(a), waar bevind is dat die aspirant-boere hoofsaaklik Afrikaanssprekend is.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.1 dat al die ondersoekgroepleerlinge sowel as al die kontrolegroepleerlinge Afrikaanssprekend is. Dit wil dus voorkom asof Engelssprekende leerlinge wat Landbouskole besoek nie die skool voor standerd 10 verlaat nie.

(b) Algemene gezondheidstoestand

Besonderhede ten opsigte van leerlinge se beoordeling van hulle gezondheidstoestand verskyn in tabel 4.2.

TABEL 4.2  
VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND

| Gesondheid    | Gewone skole     |       |                 |       | Landbouskole      |       |                 |       |                                 |  |  |  |
|---------------|------------------|-------|-----------------|-------|-------------------|-------|-----------------|-------|---------------------------------|--|--|--|
|               | Ondersoek groep  |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep  |       | Kontrole= groep |       |                                 |  |  |  |
|               | N                | %     | N               | %     | N                 | %     | N               | %     |                                 |  |  |  |
| Goed          | 40               | 90,9  | 1412            | 93,4  | 13                | 92,9  | 30              | 93,8  |                                 |  |  |  |
| Redelik       | 3                | 6,8   | 91              | 6,0   | 1                 | 7,1   | 2               | 6,2   |                                 |  |  |  |
| Swak          | 1                | 2,3   | 9               | 0,6   | 0                 | 0,0   | 0               | 0,0   |                                 |  |  |  |
| TOTAAL        | 44               | 100,0 | 1512            | 100,0 | 14                | 100,0 | 32              | 100,0 |                                 |  |  |  |
| Beduidendheid | $\chi^2 = 0,117$ |       |                 |       | $0,70 < p < 0,80$ |       |                 |       | $\chi^2$ nie berekenbaar<br>nie |  |  |  |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 4.2 dat 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep (90,9) as die kontrolegroep (93,4) hulle gezondheidstoestand as goed aangegee het, terwyl 'n groter persentasie van die ondersoekgroep (2,3) as die kontrolegroep (0,6) hulle gezondheidstoestand as swak aangegee het. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.1(b), waar bevind is dat die aspirant-boere gesonder as die kontrolegroep leerlinge is nie.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, is daar, volgens tabel 4.2, omtrent geen verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep nie.

Dit wil dus voorkom asof die leerlinge se gezondheidstoestand (ondersoekgroepe sowel as kontrolegroepe) nie 'n rede was vir hulle skoolverlating nie. Dat die ondersoekgroepleerlinge goeie gesondheid geniet (90,9% en 92,9%) dui daarop dat hulle geskik behoort te wees om die pligte van 'n boer suksesvol te verrig.

#### 4.4.2 Gesinsagtergrond

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op faktore soos beroep van vader, grootte van die gesin, posisie van leerling in die gesin en besonderhede of die leerlinge se ouers nog leef.

##### (a) Beroep van vader/stiefvader/voog

Die verdeling van leerlinge volgens beroep van vader/stiefvader/voog word in tabel 4.3 weergegee.

Dit blyk uit tabel 4.3 dat wat die leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep se vaders in 'n baie groter mate as die kontrolegroep se vaders (86,4% teenoor 7,3%) boerdery as beroep beoefen. Die beroep wat die meeste deur die kontrolegroepleerlinge se vaders beoefen word, is geskoolde ambagsmanne (22,5%), terwyl slegs 2,3 persent van die ondersoekgroepleerlinge se vaders geskoolde ambagsmanne is. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.2(a), waar bevind is dat die grootste gedeelte van die aspirant-boere se vaders boere is.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.3 dat al die ondersoekgroepleerlinge se vaders boere is, terwyl 65,5 persent van die kontrolegroepleerlinge se vaders boere is.

Dit wil dus voorkom asof leerlinge wat Landbouskole besoek en na skoolverlating self gaan boer het, se vaders almal boere is. Die teoretiese kennis en praktiese ondervinding wat hulle in die Landbouskole opgedoen het, behoort dus baie waarde te hê in die uitoefening van hulle beroepskeuse.

##### (b) Grootte van die gesin

Die verdeling van die leerlinge volgens die grootte van die gesin word in tabel 4.4 weergegee.

TABEL 4.3  
 VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOGD

| Beroepsgroepe                               | Gewone skole  |       |      |                 |    |       | Landbouskole     |       |   |                 |   |     |
|---|---|-------|------|-----------------|----|-------|------------------|-------|---|-----------------|---|-----|
|   | Onderzoek= groep  |       |      | Kontrole= groep |    |       | Onderzoek= groep |       |   | Kontrole= groep |   |     |
|   | N   | %     | %    | N               | %  | %     | N                | %     | % | N               | % | %   |
| Professionele en semi-professionele werkers | 0   | 0,0   | 87   | 5,7             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   | 0 | 0,0             | 0 | 0,0 |
| Administratiewe werkers                     | 0   | 0,0   | 167  | 11,0            | 0  | 0,0   | 3                | 9,4   |   |                 |   |     |
| Klerklike werkers                           | 1   | 2,3   | 129  | 8,5             | 0  | 0,0   | 1                | 3,1   |   |                 |   |     |
| Verkoopswerkers                             | 1   | 2,3   | 73   | 4,8             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   |   |                 |   |     |
| Geskoolde ambagsmanne                       | 1   | 2,3   | 341  | 22,5            | 0  | 0,0   | 2                | 6,3   |   |                 |   |     |
| Opgeleide buitewerkers                      | 0   | 0,0   | 243  | 16,0            | 0  | 0,0   | 2                | 6,3   |   |                 |   |     |
| Boere                                       | 38  | 86,4  | 110  | 7,3             | 14 | 100,0 | 21               | 65,5  |   |                 |   |     |
| Persoonlike en huishoudelike dienswerkers   | 0   | 0,0   | 7    | 0,5             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   |   |                 |   |     |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers         | 2   | 4,4   | 214  | 14,2            | 0  | 0,0   | 3                | 9,4   |   |                 |   |     |
| Ongeskoolde werkers                         | 1   | 2,3   | 35   | 2,3             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   |   |                 |   |     |
| Pensioentrekkers                            | 0   | 0,0   | 85   | 5,6             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   |   |                 |   |     |
| Beroep nie verstrekkend                     | 0   | 0,0   | 25   | 1,6             | 0  | 0,0   | 0                | 0,0   |   |                 |   |     |
| TOTAAL                                      | 44  | 100,0 | 1516 | 100,0           | 14 | 100,0 | 32               | 100,0 |   |                 |   |     |
| Beduidendheid                               | $\chi^2 = 311,888$ $p < 0,001$ $\chi^2$ Nie berekenbaar nie |       |      |                 |    |       |                  |       |   |                 |   |     |



TABEL 4.4  
VERDELING VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN

| Getal         | Gewone skole                       |       |                    |       | Landbouskole                       |       |                    |       |
|---------------|------------------------------------|-------|--------------------|-------|------------------------------------|-------|--------------------|-------|
|               | Ondersoek=<br>groep                |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep                |       | Kontrole=<br>groep |       |
|               | N                                  | %     | N                  | %     | N                                  | %     | N                  | %     |
| Een           | 2                                  | 4,5   | 53                 | 3,5   | 1                                  | 7,1   | 0                  | 0,0   |
| Twee          | 5                                  | 11,4  | 192                | 12,7  | 3                                  | 21,5  | 2                  | 6,3   |
| Drie          | 13                                 | 29,6  | 284                | 18,8  | 3                                  | 21,5  | 7                  | 21,8  |
| Vier          | 8                                  | 18,2  | 295                | 19,5  | 2                                  | 14,2  | 5                  | 15,6  |
| Vyf           | 4                                  | 9,1   | 214                | 14,1  | 3                                  | 21,5  | 6                  | 18,8  |
| Ses           | 4                                  | 9,1   | 167                | 11,0  | 2                                  | 14,2  | 2                  | 6,3   |
| Sewe          | 2                                  | 4,5   | 114                | 7,5   | 0                                  | 0,0   | 4                  | 12,5  |
| Agt           | 3                                  | 6,8   | 77                 | 5,1   | 0                                  | 0,0   | 1                  | 3,1   |
| Nege of meer  | 3                                  | 6,8   | 118                | 7,8   | 0                                  | 0,0   | 5                  | 15,6  |
| TOTAAL        | 44                                 | 100,0 | 1514               | 100,0 | 14                                 | 100,0 | 32                 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2 = 3,639$ $0,30 < p < 0,50$ |       |                    |       | $\chi^2 = 1,203$ $0,20 < p < 0,30$ |       |                    |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 4.4 dat 45,5 persent van die ondersoekgroep verklaar het dat hulle uit huisgesinne kom wat uit 1 tot 3 kinders bestaan, teenoor die 35,0 persent in die geval van die kontrolegroep. Die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (29,6%) se huisgesinne bestaan uit 3 kinders, terwyl die grootste gedeelte van die kontrolegroep (19,5%) se huisgesinne uit 4 kinders bestaan. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.2(b), waar bevind is dat die aspirant-boere in 'n groter mate as die kontrolegroep uit groot huisgesinne kom nie.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.4 dat 50,1 persent van die ondersoekgroep uit huisgesinne kom wat uit 1 tot 3 kinders bestaan, terwyl die ooreenstemmende persentasie vir die kontrolegroep 28,1 persent is. Dit is opmerklik dat 31,2 persent van die kontrolegroep uit huisgesinne kom wat uit sewe of meer kinders bestaan, terwyl die ooreenstemmende persentasie by die ondersoekgroep nul persent is.

Dit is dus duidelik dat die ondersoekgroepleerlinge in 'n groter mate as die kontrolegroepleerlinge uit relatief klein gesinne afkomstig is.

(c) Posisie van leerling in die gesin

In tabel 4.5 verskyn die gegewens ten opsigte van rangorde in die gesin.

TABEL 4.5  
VERDELING VOLGENS RANGORDE IN GESIN

| Rangorde          | Gewone skole                     |       |                    |       | Landbou-skole                    |       |                    |       |
|-------------------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|
|                   | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                   | N                                | %     | N                  | %     | N                                | %     | N                  | %     |
| Eerste            | 11                               | 25,0  | 385                | 25,5  | 3                                | 21,4  | 3                  | 9,4   |
| Tweede            | 9                                | 20,5  | 406                | 26,8  | 7                                | 50,0  | 13                 | 40,6  |
| Derde             | 12                               | 27,3  | 276                | 18,3  | 3                                | 21,4  | 5                  | 15,6  |
| Vierde            | 3                                | 6,8   | 170                | 11,3  | 1                                | 7,2   | 6                  | 18,8  |
| Vyfde             | 6                                | 13,6  | 108                | 7,1   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,1   |
| Sesde             | 2                                | 4,5   | 65                 | 4,3   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,1   |
| Sewende           | 0                                | 0,0   | 42                 | 2,8   | 0                                | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Agste             | 0                                | 0,0   | 30                 | 2,0   | 0                                | 0,0   | 2                  | 6,3   |
| Negende of daarna | 1                                | 2,3   | 29                 | 1,9   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,1   |
| TOTAAL            | 44                               | 100,0 | 1511               | 100,0 | 14                               | 100,0 | 32                 | 100,0 |
| Beduidendheid     | $\chi^2=2,601$ $0,30 < p < 0,50$ |       |                    |       | $\chi^2=1,052$ $0,30 < p < 0,50$ |       |                    |       |

By die interpretasie van hierdie tabel moet in gedagte gehou word dat leerlinge van die ondersoekgroepe om statistiese redes 'n beter kans staan om hoër in geboorteorde te wees, omdat die gesinne waaruit hulle kom uit minder kinders bestaan, soos in paragraaf 4.4.2(b) gevind is.

Wat die leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 4.5 dat 72,8 persent van die ondersoekgroep eerste, tweede of derde kinders is, terwyl dit in die geval van die kontrolegroep 70,6 persent is. Die verskille is dus nie so groot as wat verwag sou word nie en is ook nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Wat die leerlinge uit Landboukole betref, blyk uit tabel 4.5 dat 92,8 persent van die ondersoekgroep eerste, tweede of derde kinders is, terwyl dit in die geval van die kontrolegroep 65,6 persent is. Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met wat verwag sou word op grond van die bevinding in paragraaf 4.4.2(b).

(d) Dood van ouers

In tabel 4.6 word leerlinge se antwoorde op die vraag of daar van hulle ouers oorlede is, aangetoon.

TABEL 4.6  
VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUERS NOG LEEF

| Beskrywing     | Gewone skole                     |       |                    |       | Landboukole                  |       |                    |       |
|----------------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|------------------------------|-------|--------------------|-------|
|                | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep          |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                | N                                | %     | N                  | %     | N                            | %     | N                  | %     |
| Albei leef     | 39                               | 90,7  | 1343               | 89,0  | 14                           | 100,0 | 31                 | 96,9  |
| Vader oorlede  | 3                                | 7,0   | 123                | 8,2   | 0                            | 0,0   | 1                  | 3,1   |
| Moeder oorlede | 1                                | 2,3   | 29                 | 1,9   | 0                            | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Albei oorlede  | 0                                | 0,0   | 13                 | 0,9   | 0                            | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL         | 43                               | 100,0 | 1508               | 100,0 | 14                           | 100,0 | 32                 | 100,0 |
| Beduidendheid  | $\chi^2=0,008$ $0,90 < p < 0,95$ |       |                    |       | $\chi^2$ nie berekenbaar nie |       |                    |       |

Dit blyk uit tabel 4.6 dat wat die dood van ouers betref daar omtrent geen verskil tussen die ondersoekgroepe en die kontrolegroepe is nie. Wat leerlinge uit gewone skole betref, leef albei ouers van die ondersoekgroepleerlinge in 90,7 persent van die gevalle teenoor die 89,0 persent van die kontrolegroepleerlinge. Wat die leerlinge uit Landboukole betref, leef albei ouers van al die ondersoekgroepleerlinge teenoor 96,9 persent in die geval van die kontrolegroep. Die verskille is nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

4.4.3 Skool- en studieaangeleenthede

Order hierdie opskrif rersorteer navorsingsresultate wat betrekking het op faktore soos provinsie waarin skool geleë is, ligging van die skool, skoolverwisseling, afwesigheid en opleidingsaspirasies van die leerlinge.

(a) Provinsie waarin skool geleë is

Die verdeling van leerlinge volgens provinsie waarin skool geleë is, verskyn in tabel 4.7.

TABEL 4.7

VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEË IS

| Provinsie       | Gewone skole     |       |                 |       | Landbou-skole    |       |                   |       |
|-----------------|------------------|-------|-----------------|-------|------------------|-------|-------------------|-------|
|                 | Ondersoek= groep |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep |       | Kontrole= groep   |       |
|                 | N                | %     | N               | %     | N                | %     | N                 | %     |
| Kaapland        | 19               | 43,3  | 476             | 30,8  | 9                | 64,3  | 11                | 34,4  |
| Natal           | 0                | 0,0   | 137             | 9,0   | 0                | 0,0   | 0                 | 0,0   |
| Oranje-Vrystaat | 13               | 29,5  | 200             | 13,2  | 3                | 21,4  | 8                 | 25,0  |
| Transvaal       | 10               | 22,7  | 693             | 45,7  | 2                | 14,3  | 13                | 40,6  |
| Suidwes-Afrika  | 2                | 4,5   | 19              | 1,3   | 0                | 0,0   | 0                 | 0,0   |
| TOTAAL          | 44               | 100,0 | 1516            | 100,0 | 14               | 100,0 | 32                | 100,0 |
| Beduidendheid   | $\chi^2=13,878$  |       | $p < 0,001$     |       | $\chi^2=4,128$   |       | $0,10 < p < 0,20$ |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (43,3) uit die Kaapprovinsie afkomstig is, terwyl die grootste enkele persentasie van die kontrolegroep (45,7) uit Transvaal afkomstig is. Die grootste verkil (23,0%) kom voor by Transvaal. Dit is opmerklik dat geeneen van die ondersoekgroepleerlinge uit Natal afkomstig is nie teenoor die 9,0 persent van die kontrolegroepleerlinge. Die verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Die bevinding is dus in 'n mate in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.3(a), waar bevind is dat die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep uit Kaapland afkomstig is en in 'n kleiner mate as die kontrolegroep uit Transvaal afkomstig is.

Wat leerlinge uit Landbou-skole betref, is daar min of meer dieselfde tendens merkbaar as by die leerlinge uit gewone skole. Die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (64,3%) is uit Kaapland afkomstig terwyl die grootste enkele persentasie van die kontrolegroepleerlinge (40,6) uit Transvaal afkomstig is. Ook hier is daar geen leerlinge in die ondersoekgroep of die kontrolegroep uit Natal afkomstig nie.

(b) Ligging van skool

Die gegewens ten opsigte van ligging van skool, verskyn in tabel 4.8.

TABEL 4.8  
VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL

| Ligging                  | Gewone skole                |       |                 |       | Landbouskole                     |       |                 |       |
|--------------------------|-----------------------------|-------|-----------------|-------|----------------------------------|-------|-----------------|-------|
|                          | Ondersoek= groep            |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep                 |       | Kontrole= groep |       |
|                          | N                           | %     | N               | %     | N                                | %     | N               | %     |
| Stad of stedelike gebied | 7                           | 17,1  | 1001            | 66,0  | 0                                | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Dorp                     | 34                          | 82,9  | 509             | 33,6  | 2                                | 14,3  | 12              | 37,5  |
| Plaas                    | 0                           | 0,0   | 6               | 0,4   | 12                               | 85,7  | 20              | 62,5  |
| TOTAAL                   | 41                          | 100,0 | 1516            | 100,0 | 14                               | 100,0 | 32              | 100,0 |
| Beduidendheid            | $\chi^2=40,362$ $p < 0,001$ |       |                 |       | $\chi^2=1,504$ $0,20 < p < 0,30$ |       |                 |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (82,9%) se skole op 'n dorp geleë is, terwyl die grootste gedeelte van die kontrolegroep (66,0%) se skole in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Die verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.3(c), waar bevind is dat die aspirant-boere hoofsaaklik skole bywoon wat op 'n dorp of plaas geleë is.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.8 dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (85,7%) sowel as die grootste gedeelte van die kontrolegroep (62,5%) skole bygewoon het wat op 'n plaas geleë is.

(c) Getal skole bygewoon

In tabel 4.9 verskyn besonderhede ten opsigte van die getal skole wat besoek is.

TABEL 4.9  
VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON

| Getal skole   | Gewone skole                |       |                 |       | Landbouskole                     |       |                 |       |
|---------------|-----------------------------|-------|-----------------|-------|----------------------------------|-------|-----------------|-------|
|               | Ondersoek= groep            |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep                 |       | Kontrole= groep |       |
|               | N                           | %     | N               | %     | N                                | %     | N               | %     |
| Een           | 9                           | 20,5  | 76              | 5,0   | 0                                | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Twee          | 20                          | 45,5  | 468             | 31,0  | 11                               | 78,6  | 13              | 40,6  |
| Drie          | 10                          | 22,7  | 430             | 28,5  | 3                                | 21,4  | 10              | 31,3  |
| Vier          | 3                           | 6,8   | 266             | 17,6  | 0                                | 0,0   | 7               | 21,8  |
| Vyf of meer   | 2                           | 4,5   | 271             | 17,9  | 0                                | 0,0   | 2               | 6,3   |
| TOTAAL        | 44                          | 100,0 | 1511            | 100,0 | 14                               | 100,0 | 32              | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=29,132$ $p < 0,001$ |       |                 |       | $\chi^2=4,202$ $0,02 < p < 0,05$ |       |                 |       |

Dit blyk uit tabel 4.9 dat wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het. Twintig komma vyf persent van die ondersoekgroep het slegs een skool bygewoon teenoor 5,0 persent in die geval van die kontrolegroep. Slegs 4,5 persent ondersoekgroepleerlinge het vyf of meer skole bygewoon terwyl 17,9 persent van die kontrolegroep vyf of meer skole bygewoon het. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.3(d), waar bevind is dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het.

Dit is logies dat leerlinge in Landbouskole nie slegs een skool kon bygewoon het nie. Dit blyk dan ook uit tabel 4.9 dat die ondersoekgroep so-wel as die kontrolegroep meer as een skool bygewoon het. Dieselfde tendens as by die leerlinge uit gewone skole word hier aangetref, naamlik dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het. Agt-en-sewentig komma ses persent van die ondersoekgroep het twee skole bygewoon teenoor 40,6 persent in die geval van die kontrolegroep. Geeneen van die ondersoekgroep het vier of meer skole bygewoon nie, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die kontrolegroep 28,1 persent is.

(d) Aspirasies ten opsigte van opleiding

Die verdeling van leerlinge volgens opleidingsaspirasies word in tabel 4.10 weergegee.

TABEL 4.10  
VERDELING VOLGENS OPLEIDINGSASPIRASIES

| Aspirasies                                   | Gewone skole                     |       |                  |       | Landbou-skole                    |       |                  |       |
|--|----------------------------------|-------|------------------|-------|----------------------------------|-------|------------------|-------|
|  | Ondersoek= groep                 |       | Kontrolle= groep |       | Ondersoek= groep                 |       | Kontrolle= groep |       |
|  | N                                | %     | N                | %     | N                                | %     | N                | %     |
| Gee nie om nie                               | 0                                | 0,0   | 66               | 4,4   | 0                                | 0,0   | 3                | 9,4   |
| Tot 16 jaar                                  | 2                                | 4,5   | 77               | 5,2   | 0                                | 0,0   | 2                | 6,3   |
| Tot st. 7                                    | 6                                | 13,6  | 157              | 10,4  | 0                                | 0,0   | 6                | 18,8  |
| Tot st. 8                                    | 15                               | 34,1  | 398              | 26,5  | 9                                | 64,3  | 6                | 15,6  |
| Tot st. 9                                    | 3                                | 6,8   | 106              | 7,0   | 0                                | 0,0   | 2                | 6,3   |
| Tot st. 10                                   | 9                                | 20,5  | 468              | 31,1  | 3                                | 21,4  | 9                | 28,1  |
| Verder as st.10 (nie universiteitsgraad nie) | 4                                | 9,1   | 95               | 6,3   | 0                                | 0,0   | 4                | 12,4  |
| Universiteitsgraad                           | 5                                | 11,4  | 137              | 9,1   | 2                                | 14,3  | 1                | 3,1   |
| TOTAAL                                       | 44                               | 100,0 | 1504             | 100,0 | 14                               | 100,0 | 32               | 100,0 |
| Beduidendheid                                | $\chi^2=3,033$ $0,30 < p < 0,50$ |       |                  |       | $\chi^2=0,329$ $0,50 < p < 0,70$ |       |                  |       |

Dit blyk uit tabel 4.10 dat wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep se opleidingsaspirasies oor die algemeen hoër is as dié van die kontrolegroep. Twintig komma vyf persent van die ondersoekgroep aspireer om 'n kwalifikasie hoër as standerd 10 te behaal teenoor die 15,4 persent in die geval van die kontrolegroep. Geeneen van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle nie omgee hoe ver hulle leer nie, terwyl die ooreenstemmende persentasie by die kontrolegroep 4,4 persent is. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.3(e) nie, waar bevind is dat die aspirant-boere laer onderwysaspirasies as die kontrolegroep het.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.10 dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (64,3%) beoog het om die skool na standaard 8 te verlaat. Dit wil dus voorkom asof leerlinge in Landbouskole wat werklik tot die boerdery toetree nie hoë opleidingsaspirasies het nie.

(e) Dae afwesig

Die verdeling van leerlinge volgens die getal dae wat hulle gedurende die jaar van die skool afwesig was, word in tabel 4.11 weergegee.

TABEL 4.11  
VERDELING VOLGENS GETAL DAE VAN SKOOL AFWESIG

| Dae afwesig   | Gewone skole                     |       |                    |       | Landbouskole                     |       |                    |       |
|---------------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|
|               | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       |
|               | N                                | %     | N                  | %     | N                                | %     | N                  | %     |
| 1 tot 2       | 27                               | 62,8  | 952                | 63,7  | 11                               | 78,6  | 19                 | 61,3  |
| 3 tot 4       | 5                                | 11,6  | 268                | 17,9  | 2                                | 14,3  | 7                  | 22,6  |
| 5 tot 6       | 8                                | 18,6  | 127                | 8,5   | 1                                | 7,1   | 2                  | 6,5   |
| 7 tot 8       | 1                                | 2,3   | 51                 | 3,4   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,2   |
| 9 tot 10      | 2                                | 4,7   | 69                 | 4,6   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,2   |
| 11 tot 12     | 0                                | 0,0   | 7                  | 0,5   | 0                                | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| 13 tot 14     | 0                                | 0,0   | 4                  | 0,3   | 0                                | 0,0   | 1                  | 3,2   |
| 15 of meer    | 0                                | 0,0   | 17                 | 1,1   | 0                                | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL        | 43                               | 100,0 | 1495               | 100,0 | 14                               | 100,0 | 31                 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=6,170$ $0,10 < p < 0,20$ |       |                    |       | $\chi^2=0,635$ $0,30 < p < 0,50$ |       |                    |       |

Dit blyk uit tabel 4.11 dat wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in 'n geringer mate as die kontrolegroep van die skool afwesig was. Nie een van die ondersoekgroep was meer as 10 dae van die skool afwesig nie, terwyl 1,9 persent van die kontrolegroep meer as 10 dae afwesig was. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van die skool afwesig was. Agt-en-sewentig komma ses persent van die ondersoekgroep was slegs 1 tot 2 dae afwesig, terwyl 61,3 persent van die kontrolegroep 1 tot 2 dae afwesig was. Nie een



leerling uit die ondersoekgroep was meer as 6 dae afwesig nie, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die kontrolegroep 9,6 persent is.

#### 4.5 INTELLEKTUELE VERMOË

Die gemiddelde IK-punte van die leerlinge verskyn in tabel 4.12.

Dit blyk uit tabel 4.12 dat wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep se gemiddelde Nie-verbale IK beduidend swakker as dié van die kontrolegroep is. Die ondersoekgroep se Verbale sowel as die Totale IK is ook laer as dié van die kontrolegroep, hoewel nie beduidend nie.

Hierdie bevinding is dus nie heeltemal in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.7, waar bevind is dat die aspirant-boere se gemiddelde Nie-verbale, Verbale sowel as Totale IK beduidend laer is as die van die kontrolegroep, nie.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 4.12 dat daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en kontrolegroep is wat intellektuele vermoë betref nie.

#### 4.6 SKOLASTIESE BEKWAAMHEID

Onder hierdie opskrif ressorteer gegewens wat betrekking het op die leerlinge se skoolindeksamenpunte en slaag/druipgegewens.

##### 4.6.1 Eksamenprestasies

Die leerlinge se gemiddelde prestasies in sekere eksamenvakke word in tabel 4.13 weergegee.

Dit blyk uit tabel 4.13 dat daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep is wat betref leerlinge uit gewone skole sowel as leerlinge uit Landbouskole ten opsigte van die vakke wat in tabel 4.13 aangetoon word nie.

Dit is in teenstelling met die bevinding in paragraaf 3.8.1 waar bevind is dat die aspirant-boere in bykans al hulle vakke swakker as die kontrolegroep geprester het.

TABEL 4.12  
GEMIDDELTE IK-PUNTE VOLGENS DIE NSAG

| IK-punt     | Gewone skole     |       |                 |       | Landbouskole     |       |                 |       |
|-------------|------------------|-------|-----------------|-------|------------------|-------|-----------------|-------|
|             | Onderzoek= groep |       | Kontrole= groep |       | Onderzoek= groep |       | Kontrole= groep |       |
|             | $\bar{X}$        | S     | $\bar{X}$       | S     | $\bar{X}$        | S     | $\bar{X}$       | S     |
| Nie-verbaal | 88,18            | 13,97 | 94,20           | 12,50 | 88,15            | 14,10 | 89,29           | 10,82 |
| Verbaal     | 88,85            | 15,18 | 88,97           | 12,32 | 89,31            | 10,67 | 84,63           | 9,97  |
| Totaa1      | 87,82            | 12,67 | 91,17           | 11,33 | 86,54            | 12,38 | 86,42           | 9,39  |
| N           | 34               |       | 1238            |       | 13               |       | 24              |       |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 4.13  
GEMIDDELDE PRESTASIE IN SEKERE EKSA:ENVAKKE

| Vakke              | Gewone skole   |           |       |               |           |       | Landbouskole   |           |       |               |           |       | Bedui-<br>dendheid<br>van ver=<br>skille<br>t-waarde |
|--------------------|----------------|-----------|-------|---------------|-----------|-------|----------------|-----------|-------|---------------|-----------|-------|--|
|                    | Onderzoekgroep |           |       | Kontrolegroep |           |       | Onderzoekgroep |           |       | Kontrolegroep |           |       |  |
|                    | N              | $\bar{X}$ | S     | N             | $\bar{X}$ | S     | N              | $\bar{X}$ | S     | N             | $\bar{X}$ | S     |  |
| Afrikaans Hoër     | 29             | 42,07     | 10,63 | 785           | 43,01     | 9,57  | 13             | 44,62     | 10,82 | 23            | 44,78     | 8,27  | 0,060  |
| Afrikaans Laer     | 3              | 50,00     | 8,16  | 434           | 35,41     | 15,18 | -              | -         | -     | -             | -         | -     | -  |
| Engels Hoër        | 3              | 40,00     | 0,00  | 439           | 39,57     | 12,08 | -              | -         | -     | -             | -         | -     | -  |
| Engels Laer        | 29             | 35,52     | 13,28 | 784           | 37,70     | 11,82 | 13             | 32,31     | 11,20 | 23            | 35,65     | 12,10 | 0,808  |
| Wiskunde           | 20             | 29,00     | 13,00 | 593           | 35,45     | 16,94 | 8              | 33,75     | 24,46 | 9             | 42,22     | 10,30 | 0,884  |
| Geskiedenis        | 7              | 44,29     | 18,41 | 563           | 37,98     | 14,46 | 2              | 45,00     | 15,00 | 9             | 31,11     | 5,67  | 1,962  |
| Algemene Wetenskap | 29             | 43,10     | 13,92 | 916           | 39,38     | 14,54 | 13             | 35,38     | 15,00 | 23            | 38,26     | 12,39 | 0,607  |
| Totaalpunt         | 32             | 38,13     | 11,02 | 1223          | 38,95     | 10,03 | 13             | 37,67     | 11,20 | 23            | 37,83     | 7,20  | 0,032  |

#### 4.6.2 Slaag/Druipgegewens

In tabel 4.14 word aangetoon of die leerlinge standerd 6 geslaag of gedruip het.

Dit blyk uit tabel 4.14 dat wat leerlinge uit gewone skole sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep standerd 6 gedruip het. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.6.1, waar bevind is dat daar nie beduidende verskille tussen die twee groepe is wat betref hulle prestasies in sekere eksamenvakke nie.

TABEL 4.14

VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERD 6 GESLAAG OF GEDRUIP HET

| Vordering     | Gewone skole                     |       |                    |       | Landbouskole                     |       |                    |       |
|---------------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|----------------------------------|-------|--------------------|-------|
|               | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep              |       | Kontrole=<br>groep |       |
|               | N                                | %     | N                  | %     | N                                | %     | N                  | %     |
| Druip         | 10                               | 25,0  | 229                | 17,0  | 5                                | 35,7  | 7                  | 22,6  |
| Slaag         | 30                               | 75,0  | 1120               | 83,0  | 9                                | 64,3  | 24                 | 77,4  |
| TOTAAL        | 40                               | 100,0 | 1349               | 100,0 | 14                               | 100,0 | 31                 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=0,023$ $0,80 < p < 0,90$ |       |                    |       | $\chi^2=0,312$ $0,50 < p < 0,70$ |       |                    |       |

#### 4.7 AANLEG

Onder hierdie opskrif ressorteer gegewens wat betrekking het op die Tegniiese en die Junior Aanlegtoetse.

##### 4.7.1 Tegniiese Toetse

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die Tegniiese Toetse behaal het, word in tabel 4.15 weergegee.

Dit blyk uit tabel 4.15 dat wat leerlinge uit gewone skole sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep in die Tegniiese Toetse is nie.

TABEL 4.15  
 GE'IDDELDE STANEGEPUJTE IN DIE TEGNIESE TOETSE

| Toets             | Gewone skole        |      |                    |      | Landbouskole        |      |                    |      | Bedui=<br>dendheid<br>van ver=<br>skille<br>t-waarde |       |    |
|-------------------|---------------------|------|--------------------|------|---------------------|------|--------------------|------|--|-------|----|
|                   | Ondersoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      | Ondersoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      |  |       |    |
|                   | X                   | S    | X                  | S    | X                   | S    | X                  | S    |  |       |    |
| Rekenkunde        | 3,97                | 1,98 | 4,01               | 1,74 | 0,132               | 3,85 | 1,96               | 3,79 | 1,68   | 0,095 |    |
| Meganiese Insig   | 4,47                | 1,90 | 4,24               | 1,77 | 0,745               | 3,85 | 2,14               | 3,33 | 1,83   | 0,044 |    |
| Vormwaarneming I  | 4,74                | 1,93 | 4,87               | 1,93 | 0,387               | 4,31 | 1,44               | 4,33 | 1,70   | 0,035 |    |
| Vormwaarneming II | 4,41                | 1,72 | 4,78               | 1,98 | 1,078               | 4,08 | 2,37               | 4,45 | 1,63   | 0,558 |    |
| Gereedskaptoets   | 4,59                | 1,82 | 4,92               | 2,07 | 0,919               | 3,77 | 2,29               | 3,71 | 1,65   | 0,089 |    |
| N                 | 34                  |      |                    |      | 1235                |      |                    |      | 13   |       | 24 |

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.9.1, waar bevind is dat die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep in die Tegniese Toetse geprester het nie.

#### 4.7.2 Die Junior Aanlegtoetse

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die Junior Aanlegtoetse behaal het, word in tabel 4.16 weergegee.

Dit blyk uit tabel 4.16 dat wat leerlinge uit gewone skole, sowel as wat leerlinge uit Landbou-skole betref, daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep in die Junior Aanlegtoetse is nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.9.2, waar bevind is dat die aspirant-boere oor die algemeen swakker as die kontrolegroep in die Junior en Senior Aanlegtoetse geprester het nie.

#### 4.8 BELANGSTELLING

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die GSZ-belangstellingsvraelys behaal het, word in tabel 4.17 weergegee.

Dit blyk uit tabel 4.17 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in twee velde, naamlik Buitenshuis-Natuur (W) en Buitenshuis-Sport (W), beduidend beter as die kontrolegroep geprester het.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.10, waar bevind is dat die ondersoekgroep beter as die kontrolegroep in onder andere die velde Buitenshuis-Natuur en Buitenshuis-Sport geprester het.

Wat leerlinge uit Landbou-skole betref, blyk uit tabel 4.17 dat daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en kontrolegroep in die GSZ-belangstellingsvraelys is nie.

#### 4.9 SAMEVATTING

##### 4.9.1 Biografiese en agtergrondgegewens

Navorsingsresultate wat uit die Biografiese Vraelys verkry is, is onder die volgende hoofde ingedeel: persoonlike besonderhede, gesinsagtergrond en skool- en studieaangeleenthede.

TABEL 4. 16

GEMIDDELDE STANEGERPUNTE IN DIE JAT

| Toets                      | Gewone skole        |      |                    |      | Landbouskole        |      |                    |      | Bedui=<br>denchheid<br>van ver=<br>skille |
|----------------------------|---------------------|------|--------------------|------|---------------------|------|--------------------|------|---|
|                            | Onderzoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      | Onderzoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      |   |
|                            | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    |   |
| Redenering                 | 4,06                | 1,77 | 3,82               | 1,64 | 3,39                | 1,69 | 3,50               | 1,38 | 0,208                                     |
| Klassifikasie              | 4,65                | 1,92 | 4,81               | 1,99 | 3,46                | 1,74 | 4,29               | 1,84 | 1,298                                     |
| Berekeninge                | 4,09                | 1,84 | 3,76               | 1,74 | 2,92                | 1,44 | 3,38               | 1,73 | 0,795                                     |
| Onderdele                  | 4,56                | 1,83 | 4,93               | 2,01 | 4,31                | 2,45 | 4,50               | 2,12 | 0,239                                     |
| Sinonieme                  | 3,65                | 1,71 | 3,78               | 1,62 | 3,77                | 1,42 | 3,04               | 1,40 | 1,455                                     |
| Vierkante                  | 3,97                | 1,92 | 4,65               | 1,87 | 3,69                | 2,23 | 4,33               | 1,40 | 1,040                                     |
| Figuurpersepsie            | 3,82                | 1,66 | 4,04               | 1,71 | 3,46                | 1,34 | 3,50               | 1,47 | 0,079                                     |
| Geheue vir Name en Gesigte | 3,91                | 1,84 | 4,01               | 1,83 | 3,46                | 1,28 | 3,25               | 1,59 | 0,398                                     |
| Woordvlotheid              | 4,50                | 1,93 | 4,07               | 1,89 | 5,08                | 1,69 | 4,17               | 1,77 | 1,475                                     |
| Koördinasie                | 4,94                | 1,88 | 4,90               | 1,97 | 4,46                | 1,74 | 3,92               | 1,50 | 0,950                                     |
| Skryfspoed                 | 4,79                | 1,83 | 4,37               | 1,92 | 4,39                | 1,94 | 3,75               | 1,71 | 1,007                                     |
| N                          | 34                  |      | 1236               |      | 13                  |      | 24                 |      |   |

TABEL 4.17

## GEMIDDELDE STANEGEPUNT IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS

| Veld                         | Gewone skole        |      |                    |      | Bedui-<br>denheid<br>van ver-<br>skille<br>t-waarde | Landbouskole        |      |                    |      | Bedui-<br>denheid<br>van ver-<br>skille<br>t-waarde |       |
|------------------------------|---------------------|------|--------------------|------|---|---------------------|------|--------------------|------|---|-------|
|                              | Onderzoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      |   | Onderzoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      |   |       |
|                              | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    |   | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    |   |       |
| Kuns-Waardering              | H                   | 5,12 | 1,75               | 4,99 | 1,75  | 0,427               | 4,08 | 1,82               | 4,92 | 1,75  | 1,337 |
|                              | W                   | 6,03 | 1,36               | 5,92 | 1,25  | 0,505               | 5,77 | 1,19               | 5,67 | 0,85  | 0,287 |
| Kuns-<br>Ekspresie           | H                   | 4,44 | 1,70               | 4,92 | 1,84  | 1,502               | 3,46 | 1,39               | 4,58 | 2,22  | 1,607 |
|                              | W                   | 5,68 | 1,55               | 5,58 | 1,47  | 0,390               | 5,46 | 1,60               | 5,25 | 1,36  | 0,409 |
| Taal-<br>Waardering          | H                   | 4,56 | 1,70               | 4,86 | 1,83  | 0,944               | 3,92 | 1,77               | 4,42 | 1,80  | 0,789 |
|                              | W                   | 5,79 | 1,75               | 5,69 | 1,56  | 0,367               | 5,08 | 1,49               | 5,25 | 1,23  | 0,362 |
| Taal-<br>Ekspresie           | H                   | 4,59 | 1,73               | 4,79 | 1,85  | 0,622               | 3,69 | 1,64               | 4,25 | 2,09  | 0,814 |
|                              | W                   | 5,79 | 1,66               | 5,62 | 1,53  | 0,637               | 5,46 | 1,60               | 4,96 | 1,09  | 1,093 |
| Wetenskap-<br>Navorsing      | H                   | 4,91 | 1,52               | 4,88 | 1,81  | 0,096               | 4,08 | 1,86               | 4,96 | 2,03  | 1,260 |
|                              | W                   | 5,21 | 1,71               | 4,94 | 1,64  | 0,945               | 4,54 | 2,02               | 4,17 | 0,99  | 0,726 |
| Wetenskap-<br>Teoreties      | H                   | 4,77 | 1,61               | 4,75 | 1,75  | 0,066               | 3,92 | 1,27               | 4,33 | 1,91  | 0,676 |
|                              | W                   | 5,29 | 1,38               | 5,23 | 1,33  | 0,259               | 5,08 | 1,44               | 4,58 | 0,70  | 1,380 |
| Meganies-<br>Hantering       | H                   | 4,15 | 1,56               | 4,59 | 1,83  | 1,387               | 4,85 | 2,18               | 4,38 | 2,38  | 0,574 |
|                              | W                   | 5,77 | 1,99               | 5,36 | 1,82  | 1,291               | 5,08 | 2,12               | 5,83 | 1,80  | 1,104 |
| Meganies -<br>Ontwerp        | H                   | 5,03 | 1,69               | 4,82 | 1,69  | 0,714               | 4,54 | 1,87               | 4,54 | 2,00  | 0,000 |
|                              | W                   | 5,32 | 1,68               | 5,20 | 1,65  | 0,418               | 4,69 | 1,54               | 5,00 | 1,58  | 0,559 |
| Buitenshuis-<br>Natuur       | H                   | 5,15 | 1,61               | 4,77 | 1,84  | 1,191               | 5,15 | 2,25               | 4,79 | 2,04  | 0,480 |
|                              | W                   | 6,47 | 1,50               | 5,31 | 1,69  | 3,956*              | 5,69 | 1,37               | 6,25 | 1,45  | 1,112 |
| Buitenshuis-<br>Sport        | H                   | 4,65 | 1,73               | 4,44 | 1,89  | 0,640               | 4,39 | 1,86               | 4,21 | 2,08  | 0,253 |
|                              | W                   | 6,32 | 1,47               | 5,54 | 1,52  | 2,952*              | 5,23 | 1,96               | 5,83 | 1,70  | 0,944 |
| Besigheid-<br>Handel         | H                   | 5,24 | 1,72               | 5,18 | 1,72  | 0,200               | 4,85 | 1,41               | 4,88 | 1,64  | 0,054 |
|                              | W                   | 5,56 | 1,82               | 5,26 | 1,74  | 0,990               | 5,00 | 1,65               | 5,17 | 1,52  | 0,306 |
| Besigheid-<br>Bedryfsleiding | H                   | 5,44 | 1,85               | 5,33 | 1,66  | 0,380               | 4,69 | 1,59               | 5,04 | 1,62  | 0,614 |
|                              | W                   | 5,77 | 1,70               | 5,57 | 1,58  | 0,726               | 5,54 | 1,68               | 5,25 | 1,27  | 0,574 |
| Sosiaal-<br>Oorreding        | H                   | 5,27 | 1,65               | 5,14 | 1,65  | 0,453               | 4,92 | 1,54               | 5,00 | 1,71  | 0,137 |
|                              | W                   | 6,03 | 1,56               | 5,62 | 1,50  | 1,569               | 5,31 | 1,91               | 5,21 | 1,19  | 0,190 |
| Sosiaal-<br>Gesellig         | H                   | 5,35 | 1,78               | 4,76 | 1,79  | 1,895               | 4,15 | 1,35               | 4,67 | 1,97  | 0,826 |
|                              | W                   | 5,88 | 1,66               | 5,60 | 1,51  | 1,063               | 5,46 | 1,49               | 5,54 | 1,35  | 0,161 |
| Persoonlike<br>Diens         | H                   | 5,44 | 1,94               | 4,84 | 1,82  | 1,891               | 4,08 | 1,73               | 5,00 | 1,61  | 1,572 |
|                              | W                   | 5,88 | 1,57               | 5,55 | 1,59  | 1,193               | 5,08 | 1,80               | 5,29 | 1,21  | 0,410 |
| Maatskaplike<br>Diens        | H                   | 5,27 | 1,60               | 4,89 | 1,76  | 1,244               | 4,31 | 1,49               | 4,96 | 1,70  | 1,127 |
|                              | W                   | 5,88 | 1,49               | 5,55 | 1,55  | 1,225               | 5,23 | 1,51               | 5,25 | 1,09  | 0,045 |
| Kantoorwerk-<br>Klerklik     | H                   | 5,32 | 1,69               | 5,21 | 1,71  | 0,370               | 4,23 | 1,31               | 5,04 | 1,84  | 1,367 |
|                              | W                   | 5,85 | 1,54               | 5,64 | 1,47  | 0,820               | 5,15 | 1,64               | 5,46 | 1,19  | 0,641 |
| Kantoorwerk-<br>Numeries     | H                   | 5,62 | 1,99               | 5,25 | 1,71  | 1,238               | 4,69 | 1,68               | 5,04 | 1,77  | 0,568 |
|                              | W                   | 5,65 | 1,41               | 5,63 | 1,45  | 0,079               | 5,39 | 1,75               | 5,08 | 1,08  | 0,647 |
| N                            |                     | 34   |                    | 1229 |   |                     | 13   |                    | 24   |   |       |

\*Beduidend op die 1%-peil



(a) Persoonlike besonderhede

Wat huistaal betref, blyk dat die ondersoekgroep uit gewone skole in 'n groter mate as die kontrolegroep uit gewone skole Afrikaanssprekend is. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk dat al die ondersoekgroep=leerlinge sowel as al die kontrolegroep=leerlinge Afrikaanssprekend is. Wat die leerlinge se gesondheidstoestand betref het dit geblyk dat die geringe verskille wat tussen die ondersoekgroepe en die kontrolegroepe uit gewone sowel as uit Landbouskole, voorkom, nie beduidend is nie.

(b) Gesinsagtergrond

Volgens die beroep van vader/stiefvader/voog, blyk dat die ondersoek=groep=leerlinge, uit gewone sowel as uit Landbouskole, se vaders in hoofsaak boerdery as beroep beoefen. Die verskille in grootte van gesin tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep, uit gewone sowel as uit Landbouskole, is nie beduidend op die 1-persentpeil nie. Dieselfde geld vir die posisie van die leerlinge in die gesin asook vir die feit of van hulle ouers oorlede is.

(c) Skool- en studieaangeleenthede

Wat leerlinge uit gewone skole betref, sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep in Kaapland skoolgegaan het, terwyl die grootste gedeelte van die kontrole=groep in Transvaal skoolgegaan het. Die ondersoekgroep=leerlinge uit gewone skole het hoofsaaklik skole bygewoon wat in 'n dorp geleë is, terwyl die kontrolegroep=leerlinge uit gewone skole hoofsaaklik skole bygewoon het wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, het die ondersoekgroep sowel as die kontrolegroep hoofsaaklik skole bygewoon wat in 'n dorp of op 'n plaas geleë is. Wat skoolverwisseling betref, blyk dat die ondersoekgroep=leerlinge uit gewone sowel as uit Landbouskole, in 'n mindere mate as die kontrolegroep=leerlinge van skool verwissel het. Die verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep, uit gewone sowel as uit Landbouskole, ten opsigte van opleidingsaspirasies en afwesig=heid is nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

#### 4.9.2 Intellektuele vermoë

Wat leerlinge uit gewone skole betref, is die ondersoekgroep se prestasies daaraan hoër as die kontrolegroep wat die Landbouskole IK betref. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, is daar egter geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep nie.

#### 4.9.3 Skolastiese prestasies

Dit blyk dat daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep, wat betref leerlinge uit gewone skole, sowel as leerlinge uit Landbouskole ten opsigte van prestasies in skoolvakke sowel as drippersentasie is nie.

#### 4.9.4 Aanleg

Dit blyk dat wat leerlinge uit gewone skole, sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en kontrolegroep se prestasies in die aanlegtoetse is nie.

#### 4.9.5 Belangstelling

Wat leerlinge uit gewone skole betref, het die ondersoekgroep se prestasies op die velde van die GSZ-belangstellingsvraelys, naamlik Buitenshuis-Natuur en Buitenshuis-Sport (W), beduidend beter as die kontrolegroep gevestig. Hierdie twee velde dui op belangstelling in boerdery en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep ten opsigte van belangstelling gevind nie.

## HOOFSTUK 5

### 'N VERGELYKING TUSSEN SEUNS WAT NA STANDERD 10 GAAN BOER HET EN SEUNS WAT NA STANDERD 10 ANDER BEROEPE AS BOERDERY GAAN BEOEFEN HET

#### 5.1 INLEIDING

Soos reeds in hoofstuk 1 gemeld, is daar aan alle Talentopnameleerlinge wat die skool na standerd 10 verlaat het, 'n vraelys gestuur om onder andere vas te stel watter beroepe hulle beoefen. Op grond van die inligting wat so verkry is, is daar vir hierdie hoofstuk twee ondersoekgroepe saamgestel, naamlik leerlinge uit gewone skole wat na standerd 10 gaan boer het en leerlinge uit Landbouskole wat na standerd 10 tot die boerdery as beroep toegetree het. Daar is ook twee kontrolegroepe saamgestel, naamlik leerlinge uit gewone skole wat na standerd 10 ander beroepe as boerdery gaan beoefen het en leerlinge uit Landbouskole wat na standerd 10 ander beroepe as boerdery gaan beoefen het. Die leerlinge uit gewone skole wat gaan boer het, sal hoofsaaklik vergelyk word met leerlinge uit gewone skole wat nie gaan boer het nie, terwyl leerlinge uit Landbouskole wat gaan boer het hoofsaaklik vergelyk sal word met leerlinge uit Landbouskole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het. Daar sal egter ook op gelet word in watter mate daar verskille voorkom tussen boere uit gewone skole en boere uit Landbouskole.

Die vraelyste en toetse wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is op die leerlinge toegepas terwyl hulle in 1969 in standerd 10 was.

Die resultate van die vraelyste en toetse sal in hierdie hoofstuk onder dieselfde hoofde as in hoofstukke 3 en 4 bespreek word. Net soos in hoofstukke 3 en 4 is dit ook hier moontlik dat die totale getal leerlinge van tabel tot tabel mag verskil. Die persentasies is egter bereken op grond van die werklike getal leerlinge vir wie gegewens beskikbaar is.

#### 5.2 DIE ONDERSOEGGROEPE

Al die leerlinge wat in die Vraelys aan Skoolverlaters na standerd 10 aangedui het dat hulle gaan boer het, is geselekteer. Op grond van die inligting wat hulle in standerd 10 in die Biografiese Vraelys verstrekket het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (a) boere uit gewone skole (158 leerlinge) en (b) boere uit Landbouskole (54 leerlinge).

### 5.3 DIE KONTROLEGROEPE

Al die leerlinge wat in die Vraelys na standaard 10 aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery beoefen, is geselekteer. Op grond van die inligting wat hulle in 1969 in die Biografiese Vraelys verstrekket het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (a) leerlinge uit gewone skole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het (4361 leerlinge) en (b) leerlinge uit Landbouskole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het (44 leerlinge).

Dit blyk dus dat skoolverlaters (na st.10) uit Landbouskole in 'n hoër mate tot die boerdery as beroep toetree in vergelyking met skoolverlaters uit ander skole aangesien 54 (55,1%) van die 98 skoolverlaters uit Landbouskole gaan boer het in vergelyking met 158 (3,5%) van die 4519 skoolverlaters uit ander skole.

### 5.4 BIOGRAFIESE EN AGTERGRONDGEGEWENS

Die agtergrondbeskrywing van seuns wat na standaard 10 gaan boer het in vergelyking met seuns wat na standaard 10 ander beroepe as boerdery gaan beoefen het, geskied aan die hand van die biografiese en agtergrondgegewens wat die leerlinge, terwyl hulle in standaard 10 was in die Biografiese Vraelys verstrekket het. Navorsingsresultate wat uit die Biografiese Vraelys verkry is, sal onder dieselfde hoofde as in hoofstukke 3 en 4 bespreek word.

#### 5.4.1 Persoonlike besonderhede

Onder hierdie opskrif ressorteer navorsingsresultate wat betrekking het op die huistaal en die gesondheidstoestand van die leerlinge.

##### (a) Huistaal

Die verdeling van leerlinge volgens huistaal word in tabel 5.1 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.1 dat wat leerlinge uit gewone skole betref, 'n groter persentasie van die ondersoekgroep (70,3) as wat volgens die kontrolegroepverdeling (50,5) verwag sou word, Afrikaanssprekend is terwyl 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep as die kontrolegroep (19,0 teenoor 38,2) Engelssprekend is. Wat die ander taalgroepe betref, blyk dat die Duitssprekendes in 'n groter mate tot boerdery (5,7%) as beroep toetree as tot ander beroepe as boerdery (1,6%). Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

TABEL 5.1  
VERDELING VOLGENS HUISTAAL

| Huistaal            | Gewone skole               |       |                    |       | Landbouskole              |       |                    |       |
|---------------------|----------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------------|-------|--------------------|-------|
|                     | Ondersoek=<br>groep        |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                     | N                          | %     | N                  | %     | N                         | %     | N                  | %     |
| Afrikaans           | 111                        | 70,3  | 2204               | 50,5  | 52                        | 96,2  | 41                 | 93,2  |
| Engels              | 30                         | 19,0  | 1668               | 38,2  | 1                         | 1,9   | 2                  | 4,5   |
| Afrikaans en Engels | 7                          | 4,4   | 295                | 6,8   | 1                         | 1,9   | 1                  | 2,3   |
| Duits               | 9                          | 5,7   | 69                 | 1,6   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Nederlands          | 0                          | 0,0   | 40                 | 0,9   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Grieks              | 0                          | 0,0   | 24                 | 0,6   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Italiaans           | 0                          | 0,0   | 21                 | 0,5   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Portugees           | 0                          | 0,0   | 12                 | 0,3   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Ander taal          | 1                          | 0,6   | 28                 | 0,6   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL              | 158                        | 100,0 | 4361               | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid       | $\chi^2=34,876$ $p < 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=0,055$ $p > 0,01$ |       |                    |       |

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragrawe 3.5.1(a) en 4.4.1(a) waar onderskeidelik bevind is dat die aspirant-beere sowel as die leerlinge wat sonder 'n standerd 10-kwalifikasie gaan boer het, hoofsaaklik Afrikaanssprekend is.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 5.1 dat die ondersoekgroep (96,2%) sowel as die kontrolegroep (93,2%) hoofsaaklik Afrikaanssprekend is. Die geringe verskille wat voorkom is nie beduidend op die 1-persentepeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.1(a), waar bevind is dat al die leerlinge uit Landbouskole wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer het, sowel as al die leerlinge wat nie gaan boer het nie Afrikaanssprekend is.

(b) Algemene gesondheidstoestand

Besonderhede ten opsigte van leerlinge se beoordeling van hulle gesondheidstoestand verskyn in tabel 5.2.

TABEL 5.2  
VERDELING VOLGENS GESONDHEIDSTOESTAND

| Gesondheidstoestand | Gewone skole               |       |                 |       | Landboukskole             |       |                 |       |
|---------------------|----------------------------|-------|-----------------|-------|---------------------------|-------|-----------------|-------|
|                     | Ondersoek= groep           |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep          |       | Kontrole= groep |       |
|                     | N                          | %     | N               | %     | N                         | %     | N               | %     |
| Uitstekend          | 84                         | 53,1  | 1782            | 40,9  | 28                        | 48,1  | 15              | 34,1  |
| Goed                | 60                         | 38,0  | 1873            | 43,0  | 22                        | 40,7  | 24              | 54,5  |
| Redelik goed        | 12                         | 7,6   | 600             | 13,8  | 5                         | 9,3   | 5               | 11,4  |
| Taamlik swak        | 2                          | 1,3   | 91              | 2,1   | 1                         | 1,9   | 0               | 0,0   |
| Baie swak           | 0                          | 0,0   | 10              | 0,2   | 0                         | 0,0   | 0               | 0,0   |
| TOTAAL              | 158                        | 100,0 | 4356            | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44              | 100,0 |
| Beduidendheid       | $\chi^2=11,473$ $p < 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2=2,131$ $p > 0,01$ |       |                 |       |

Dit blyk uit tabel 5.2 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep (53,1% teenoor 40,9%) hulle gesondheid as uitstekend aangegee het. Geeneen van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle gesondheid baie swak is nie teenoor die 0,2 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.1(b), waar bevind is dat die aspirant-boere oor die algemeen gesonder as die kontrolegroep is. Dit is egter in teenstelling met die bevinding in paragraaf 4.4.1(b), waar bevind is dat leerlinge wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer het se gesondheidstoestand swakker is as dié leerlinge wat voor standerd 10 die skool verlaat en ander beroepe as boerdery gaan beoefen het.

Wat die leerlinge uit Landboukskole betref, blyk uit tabel 5.2 dat ook hier die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep (48,1% teenoor 34,1%) aangedui het dat hulle gesondheid uitstekend is. 'n Heelwat kleiner persentasie van die ondersoekgroep (40,7) as die kontrolegroep (54,5) het egter aangedui dat hulle gesondheid goed is. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.1(b), waar bevind is dat die verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep wat hulle gesondheidstoestand betref, nie beduidend is nie.

#### 5.4.2 Gesinsagtergrond

Onder hierdie opskrif ressorteer gegewens wat betrekking het op faktore soos beroep van vader, grootte van die gesin, posisie van leerling in die gesin en besonderhede of die leerlinge se ouers nog leef.

##### (a) Beroep van vader/stiefvader/voog

Die verdeling van leerlinge volgens beroep van vader/stiefvader/voog word in tabel 5.3 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.3 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep se vaders in 'n groter mate as die kontrolegroep se vaders (77,2% teenoor 14,1%) boerdery as beroep beoefen. Al die ander beroepe wat in tabel 5.3 aangetoon word, word in 'n groter mate deur die kontrolegroep se vaders as die ondersoekgroep se vaders beoefen. Dié verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevindings in paragrawe 3.5.2(a) en 4.4.2(a) waar onderskeidelik bevind is dat die aspirant-boere, sowel as dié leerlinge wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer het, se vaders hoofsaaklik boerdery as beroep beoefen.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 5.3 dat die ondersoekgroep se vaders in 'n groter mate as die kontrolegroep se vaders (75,9% teenoor 38,6%) boere is. Ook hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.2(a), waar bevind is dat leerlinge uit Landbouskole wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer se vaders hoofsaaklik boerdery as beroep beoefen.

##### (b) Grootte van die gesin

Die verdeling van leerlinge volgens gesinsgrootte word in tabel 5.4 weergegee.

TABEL 5.3

VERDELING VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG

| Beroepsgroepe                             | Gewone skole                  |       |                 |       | Landbouskole                 |       |                 |       |
|---|-------------------------------|-------|-----------------|-------|------------------------------|-------|-----------------|-------|
|   | Onderzoek= groep              |       | Kontrole= groep |       | Onderzoek= groep             |       | Kontrole= groep |       |
|   | N                             | %     | N               | %     | N                            | %     | N               | %     |
| Professioneel en semi-professioneel       | 10                            | 6,3   | 504             | 11,6  | 6                            | 11,1  | 3               | 6,8   |
| Administratief                            | 10                            | 6,3   | 889             | 20,4  | 3                            | 5,5   | 9               | 20,5  |
| Klerklik                                  | 1                             | 0,7   | 398             | 9,1   | 1                            | 1,9   | 3               | 6,8   |
| Verkoopswerkers                           | 4                             | 2,5   | 303             | 6,9   | 0                            | 0,0   | 2               | 4,5   |
| Geskoolde ambagsmanne                     | 2                             | 1,3   | 471             | 10,8  | 0                            | 0,0   | 5               | 11,4  |
| Opgeleide buitewerkers                    | 1                             | 0,7   | 494             | 11,3  | 1                            | 1,9   | 0               | 0,0   |
| Boere, Tuiniers, Bosbouers, Visser        | 122                           | 77,2  | 616             | 14,1  | 41                           | 75,9  | 17              | 38,6  |
| Persoonlike en huishoudelike dienswerkers | 0                             | 0,0   | 15              | 0,4   | 0                            | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers       | 0                             | 0,0   | 272             | 6,2   | 0                            | 0,0   | 1               | 2,3   |
| Ongeskoolde werkers                       | 0                             | 0,0   | 3               | 0,1   | 0                            | 0,0   | 1               | 2,3   |
| Pensioentrekkers                          | 0                             | 0,0   | 10              | 0,2   | 0                            | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Beroep nie verstrek nie                   | 8                             | 5,0   | 390             | 8,9   | 2                            | 3,7   | 3               | 6,8   |
| TOTAAL                                    | 158                           | 100,0 | 4365            | 100,0 | 54                           | 100,0 | 44              | 100,0 |
| Beduidendheid                             | $\chi^2 = 440,067$ $p < 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2 = 12,455$ $p < 0,01$ |       |                 |       |



TABEL 5.4

## VERDELING VOLGENS GETAL KINDERS IN DIE GESIN

| Getal kinders | Gewone skole              |       |                    |       | Landbouskole              |       |                    |       |
|---------------|---------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------------|-------|--------------------|-------|
|               | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       |
|               | N                         | %     | N                  | %     | N                         | %     | N                  | %     |
| Een           | 10                        | 6,3   | 182                | 4,2   | 0                         | 0,0   | 2                  | 4,5   |
| Twee          | 29                        | 18,4  | 918                | 21,1  | 4                         | 7,4   | 5                  | 11,4  |
| Drie          | 37                        | 23,4  | 1114               | 25,6  | 21                        | 38,9  | 16                 | 36,4  |
| Vier          | 41                        | 25,9  | 933                | 21,4  | 12                        | 22,2  | 10                 | 22,7  |
| Vyf           | 22                        | 13,9  | 531                | 12,2  | 11                        | 20,4  | 5                  | 11,4  |
| Ses           | 11                        | 7,0   | 307                | 7,0   | 3                         | 5,6   | 2                  | 4,5   |
| Sewe          | 4                         | 2,5   | 144                | 3,3   | 1                         | 1,8   | 0                  | 0,0   |
| Agt           | 3                         | 2,0   | 94                 | 2,1   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Nege of meer  | 1                         | 0,6   | 136                | 3,1   | 2                         | 3,7   | 4                  | 9,1   |
| TOTAAL        | 158                       | 100,0 | 4359               | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=6,540$ $p > 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=2,936$ $p > 0,01$ |       |                    |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 5.4 dat 48,1 persent van die ondersoekgroep verklaar het dat hulle uit huisgesinne kom wat bestaan uit 1 tot 3 kinders, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die kontrolegroep 50,9 persent is. Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (25,9) kom uit huisgesinne met vier kinders, terwyl die grootste enkele persentasie van die kontrolegroep (25,6) uit huisgesinne kom met drie kinders. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.5.2(b), waar bevind is dat die aspirant-boere in 'n groter mate as die kontrolegroep uit groot huisgesinne kom nie. Dit is wel in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.2(b), waar bevind is dat daar nie beduidende verskille tussen die ondersoekgroepleerlinge en kontrolegroepleerlinge wat betref gesinsgrootte is nie.

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 5.4 dat 46,3 persent van die ondersoekgroep verklaar het dat hulle uit huisgesinne kom met 1 tot 3 kinders, teeny die ooreenstemmende persent van die kontrolegroep 52,3 persent is. Die grootste enkele persentasie by die ondersoekgroep, sowel as by die kontrolegroep kom voor by huisgesinne met drie kinders. Dié verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus nie in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.2(b), waar bevind is dat leerlinge uit Landbouskole wat voor standerd 10 die skool verlaat en gaan boer uit kleiner gesinne kom as die kontrolegroep, nie.

(c) Posisie van leerling in die gesin

In tabel 5.5 verskyn die gegewens ten opsigte van rangorde in die gesin.

TABEL 5.5  
VERDELING VOLGENS RANGORDE IN DIE GESIN

| Rangorde          | Gewone skole              |       |                    |       | Landbouskole              |       |                    |       |
|-------------------|---------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------------|-------|--------------------|-------|
|                   | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                   | N                         | %     | N                  | %     | N                         | %     | N                  | %     |
| Eerste            | 59                        | 37,3  | 1504               | 34,5  | 16                        | 29,6  | 15                 | 34,1  |
| Tweede            | 42                        | 26,6  | 1292               | 29,6  | 17                        | 31,4  | 11                 | 25,0  |
| Derde             | 31                        | 19,6  | 777                | 17,8  | 14                        | 25,9  | 8                  | 18,2  |
| Vierde            | 14                        | 8,9   | 382                | 8,8   | 4                         | 7,4   | 4                  | 9,1   |
| Vyfde             | 8                         | 5,1   | 203                | 4,6   | 1                         | 1,9   | 0                  | 0,0   |
| Sesde             | 0                         | 0,0   | 82                 | 1,9   | 1                         | 1,9   | 3                  | 6,8   |
| Sewende           | 3                         | 1,9   | 48                 | 1,1   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Agste             | 0                         | 0,0   | 29                 | 0,7   | 0                         | 0,0   | 1                  | 2,3   |
| Negende of daarna | 1                         | 0,6   | 44                 | 1,0   | 1                         | 1,9   | 2                  | 4,5   |
| TOTAAL            | 158                       | 100,0 | 4361               | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid     | $\chi^2=2,672$ $p > 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=2,965$ $p > 0,01$ |       |                    |       |

Dit blyk uit tabel 5.5 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, 83,5 persent van die ondersoekgroep eerste, tweede of derde kinders is, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die kontrolegroep 81,9 persent is. Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (37,3), sowel as van die kontrolegroep (34,5), is die oudste kinders in die gesin. Die verskille wat voorkom is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.2(c), waar bevind is dat daar nie beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep wat betref rangorde in die gesin is nie.

Wat betref leerlinge uit Landbouskole blyk uit tabel 5.5 dat 86,9 persent van die ondersoekgroep eerste, tweede of derde kinders in die gesin is, terwyl die ooreenstemmende persentasie by die kontrolegroep 77,3 persent is. Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (31,4) is tweede in rangorde, terwyl die grootste enkele persentasie van die kontrolegroep (34,1) oudste kinders in die gesin is. Die verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.2(c), waar bevind is dat die skoolverlaters wat gaan boer het en wat ander beroepe gaan beoefen het nie beduidend van mekaar verskil wat betref rangorde in die gesin nie.

(d) Dood van ouers

In tabel 5.6 word leerlinge se antwoord op die vraag of daar van hulle ouers oorlede is, aangetoon.

Dit blyk uit tabel 5.6 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, daar nie veel verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep is wat betref die dood van ouers nie. Die verskille wat wel voorkom is nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die bevindings in paragrafe 3.5.2(d) en 4.4.2(d).

TABEL 5.6

VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF OUIERS NOG LEEF

| Beskrywing           | Gewone skole              |       |                    |       | Landbouskole              |       |                    |       |
|----------------------|---------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------------|-------|--------------------|-------|
|                      | Onderzoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       | Onderzoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                      | N                         | %     | N                  | %     | N                         | %     | N                  | %     |
| Vader en moeder leef | 146                       | 92,4  | 3851               | 88,4  | 48                        | 88,9  | 38                 | 86,4  |
| Vader oorlede        | 10                        | 6,3   | 395                | 9,0   | 4                         | 7,4   | 5                  | 11,4  |
| Moeder oorlede       | 2                         | 1,3   | 91                 | 2,1   | 2                         | 3,7   | 1                  | 2,2   |
| Albei oorlede        | 0                         | 0,0   | 21                 | 0,5   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL               | 158                       | 100,0 | 4358               | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid        | $\chi^2=2,064$ $p > 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=0,005$ $p > 0,01$ |       |                    |       |

5.4.3 Skool- en studieaangeleenthede

Onder hierdie opskrif ressorteer gegewens wat betrekking het op faktore soos provinsie waarin skool geleë is, ligging van die skool, skoolverwisseling, afwesigheid en opleidingsaspirasies van leerlinge.

(a) Provinsie waarin skool geleë is

Die verdeling van leerlinge volgens provinsie waarin skool geleë is, verskyn in tabel 5.7.

TABEL 5.7

VERDELING VOLGENS PROVINSIE WAARIN SKOOL GELEË IS

| Provinsie       | Gewone skole               |       |                    |       | Landbouskole               |       |                    |       |
|-----------------|----------------------------|-------|--------------------|-------|----------------------------|-------|--------------------|-------|
|                 | Onderzoek=<br>groep        |       | Kontrole=<br>groep |       | Onderzoek=<br>groep        |       | Kontrole=<br>groep |       |
|                 | N                          | %     | N                  | %     | N                          | %     | N                  | %     |
| Kaapland        | 64                         | 40,5  | 1351               | 31,0  | 25                         | 46,3  | 3                  | 6,8   |
| Natal           | 18                         | 11,4  | 596                | 13,6  | 1                          | 1,8   | 2                  | 4,5   |
| Oranje-Vrystaat | 20                         | 12,6  | 352                | 8,1   | 19                         | 35,2  | 7                  | 15,9  |
| Transvaal       | 45                         | 28,5  | 1974               | 45,2  | 9                          | 16,7  | 31                 | 70,5  |
| Suidwes-Afrika  | 11                         | 7,0   | 91                 | 2,1   | 0                          | 0,0   | 1                  | 2,3   |
| TOTAAL          | 158                        | 100,0 | 4358               | 100,0 | 54                         | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid   | $\chi^2=34,589$ $p < 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=33,945$ $p < 0,01$ |       |                    |       |

Dit blyk uit tabel 5.7 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, 'n groter persentasie van die onderoekgroep as die kontrolegroep uit Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika afkomstig is. Die enkele groot-

ste persentasie ondersoekgroepleerlinge is uit Kaapland (40,5) afkomstig, terwyl die enkele grootste persentasie kontrolegroepleerlinge uit Transvaal (45,2) afkomstig is. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in 'n mate in ooreenstemming met die bevindings in paragrawe 3.5.3(a) en 4.4.3(a).

Wat die leerlinge uit Landbou-skole betref, blyk uit tabel 5.7 dat die tendens min of meer dieselfde is as by die leerlinge uit gewone skole. Ongeveer die helfte (46,3%) van die ondersoekgroep is uit Kaapland afkomstig, terwyl byna 'n driekwart (70,5%) van die kontrolegroep uit Transvaal afkomstig is. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.3(a).

(b) Ligging van skool

Die verdeling van leerlinge volgens ligging van skool, word in tabel 5.8 weergegee.

TABEL 5.8  
VERDELING VOLGENS LIGGING VAN SKOOL

| Ligging                  | Gewone skole               |       |                 |       | Landbou-skole             |       |                 |       |
|--------------------------|----------------------------|-------|-----------------|-------|---------------------------|-------|-----------------|-------|
|                          | Ondersoek= groep           |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep          |       | Kontrole= groep |       |
|                          | N                          | %     | N               | %     | N                         | %     | N               | %     |
| Stad of stedelike gebied | 30                         | 19,0  | 2409            | 55,3  | 1                         | 1,8   | 2               | 4,5   |
| Dorp                     | 117                        | 74,0  | 1872            | 42,9  | 7                         | 13,0  | 12              | 27,3  |
| Plaas                    | 11                         | 7,0   | 79              | 1,8   | 46                        | 85,2  | 30              | 68,2  |
| TOTAAL                   | 158                        | 100,0 | 4360            | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44              | 100,0 |
| Beduidendheid            | $\chi^2=90,978$ $p < 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2=2,563$ $p > 0,01$ |       |                 |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 5.8, dat 'n groter persentasie van die ondersoekgroep as die kontrolegroep skole bygewoon het wat in 'n dorp geleë is, terwyl 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep as die kontrolegroep skole bygewoon het wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevindings in paragrawe 3.5.3(c) en 4.4.3(b).

Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 5.8 dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep, sowel as die kontrolegroep skole bygewoon het wat op 'n plaas geleë is. Die verskille wat voorkom, is nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.4.3(b).

(c) Getal skole bygewoon

Die verdeling van leerlinge volgens die getal skole wat hulle bygewoon het, verskyn in tabel 5.9.

TABEL 5.9  
VERDELING VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON

| Getal skole   | Gewone skole               |       |                    |       | Landbouskole              |       |                    |       |
|---------------|----------------------------|-------|--------------------|-------|---------------------------|-------|--------------------|-------|
|               | Ondersoek=<br>groep        |       | Kontrole=<br>groep |       | Ondersoek=<br>groep       |       | Kontrole=<br>groep |       |
|               | N                          | %     | N                  | %     | N                         | %     | N                  | %     |
| Een           | 21                         | 13,3  | 329                | 7,6   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Twee          | 83                         | 52,5  | 1315               | 30,2  | 29                        | 53,7  | 17                 | 38,7  |
| Drie          | 36                         | 22,8  | 1232               | 28,3  | 13                        | 24,0  | 11                 | 25,0  |
| Vier          | 12                         | 7,6   | 742                | 16,3  | 7                         | 12,9  | 10                 | 22,7  |
| Vyf           | 4                          | 2,5   | 399                | 9,2   | 1                         | 1,9   | 3                  | 6,8   |
| Ses           | 0                          | 0,0   | 181                | 4,2   | 2                         | 3,7   | 3                  | 6,8   |
| Sewe          | 0                          | 0,0   | 102                | 2,3   | 1                         | 1,9   | 0                  | 0,0   |
| Agt           | 0                          | 0,0   | 41                 | 0,9   | 0                         | 0,0   | 0                  | 0,0   |
| Nege of meer  | 2                          | 1,3   | 45                 | 1,0   | 1                         | 1,9   | 0                  | 0,0   |
| TOTAAL        | 158                        | 100,0 | 4356               | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44                 | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=56,988$ $p < 0,01$ |       |                    |       | $\chi^2=2,927$ $p > 0,01$ |       |                    |       |

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk uit tabel 5.9 dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel het. Vyf-en-sestig komma agt persent van die ondersoekgroep het net een of twee skole bygewoon, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die geval van die kontrolegroep 37,8 persent is. Slegs 3,8 persent van die ondersoekgroep het vyf of meer skole bygewoon teenoor die 17,6 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevindings in paragrawe 3.5.3(d) en 4.4.3(c).

Wat die leerlinge uit Landbou-skole betref, moet in gedagte gehou word dat hierdie leerlinge genoodsaak was om minstens een keer van skool te verwissel, aangesien Landbou-skole slegs sekondêre skole is. Dit blyk uit tabel 5.9 dat 53,7 persent van die ondersoekgroep twee skole besoek het teenoor die 38,7 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

(d) Aspirasies ten opsigte van opleiding

Die verdeling van leerlinge volgens opleidingsaspirasies word in tabel 5.10 weergegee.

Wat die leerlinge uit gewone skole betref, is dit opvallend dat slegs 31 van die 158 (19,6%) ondersoekgroepleerlinge aangedui het dat hulle voltyds gaan boer nadat hulle die skool verlaat het. Die grootste gedeelte van die ondersoekgroep (69,6%) het aangedui dat hulle nadat hulle die skool verlaat het, verder wil gaan studeer teenoor die 42,3 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

Wat die leerlinge uit Landbou-skole betref, blyk uit tabel 5.10, dat ongeveer 'n kwart (27,8%) van die ondersoekgroep aangedui het dat hulle boere wil word nadat hulle die skool verlaat het teenoor 2,3 persent in die geval van die kontrolegroep. Byna die helfte (48,1%) van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle voltyds aan 'n ander inrigting as 'n universiteit wil gaan studeer teenoor die 20,5 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

(e) Dae afwesig

Die verdeling van leerlinge volgens die getal dae wat hulle gedurende die jaar van die skool afwesig was, word in tabel 5.11 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.11 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep van die skool afwesig was. Een-en-veertig komma een persent van die ondersoekgroepleerlinge was nooit afwesig nie teenoor 31,3 persent in die geval van die kontrolegroepleerlinge. Slegs 2,5 persent van die ondersoekgroep was meer as 10 dae afwesig teenoor 5,4 persent in die geval van die kontrolegroep. Hierdie verskille is beduidend op die 1-persentpeil.

TABEL 5.10  
VERDELING VOLGENS NASKOOLSE TOEKOMSPLANNE

| Toekomsplanne  | Gewone skole                 |       |                 |       | Landbouuskole                |       |                 |       |
|--|------------------------------|-------|-----------------|-------|------------------------------|-------|-----------------|-------|
|  | Onderzoek= groep             |       | Kontrole= groep |       | Onderzoek= groep             |       | Kontrole= groep |       |
|  | N                            | %     | N               | %     | N                            | %     | N               | %     |
| Voltyds aan 'n universiteit studeer                    | 35                           | 22,2  | 472             | 10,8  | 4                            | 7,4   | 8               | 18,2  |
| Voltyds aan 'n onderwyskollege studeer                 | 3                            | 1,9   | 331             | 7,6   | 3                            | 5,5   | 9               | 20,5  |
| Voltyds aan 'n onderwyskollege en universiteit studeer | 1                            | 0,6   | 56              | 1,3   | 0                            | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Voltyds aan 'n ander inrigting studeer                 | 71                           | 44,9  | 986             | 22,6  | 26                           | 48,1  | 9               | 20,5  |
| Werk en deelyds studeer                                | 7                            | 4,4   | 737             | 16,9  | 2                            | 3,7   | 7               | 15,9  |
| Gaan nie verder studeer nie                            | 3                            | 1,9   | 1333            | 30,6  | 1                            | 1,9   | 6               | 13,6  |
| By Weermag of Polisie aansluit                         | 2                            | 1,3   | 60              | 1,4   | 1                            | 1,9   | 2               | 4,5   |
| Voltyds boer   | 31                           | 19,6  | 3               | 0,1   | 15                           | 27,8  | 1               | 2,3   |
| Trou en huisvrou word                                  | 0                            | 0,0   | 0               | 0,0   | 0                            | 0,0   | 0               | 0,0   |
| Geen toekomsplanne nie                                 | 5                            | 3,2   | 279             | 8,7   | 2                            | 3,7   | 2               | 4,5   |
| TOTAAL   | 158                          | 100,0 | 4357            | 100,0 | 54                           | 100,0 | 42              | 100,0 |
| Beduidendheid  | $\chi^2 = 55,665$ $p < 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2 = 11,757$ $p < 0,01$ |       |                 |       |



TABEL 5.11  
VERDELING VOLGENS GETAL DAE VAN SKOOL AFWESIG

| Getal dae afwesig | Gewone skole               |       |                 |       | Landbouskole              |       |                 |       |
|-------------------|----------------------------|-------|-----------------|-------|---------------------------|-------|-----------------|-------|
|                   | Ondersoek= groep           |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep          |       | Kontrole= groep |       |
|                   | N                          | %     | N               | %     | N                         | %     | N               | %     |
| Nooit             | 65                         | 41,1  | 1364            | 31,3  | 16                        | 30,2  | 21              | 47,7  |
| 1 tot 2           | 51                         | 32,3  | 1225            | 28,1  | 16                        | 30,2  | 13              | 29,6  |
| 3 tot 4           | 24                         | 15,2  | 734             | 16,9  | 12                        | 22,6  | 5               | 11,4  |
| 5 tot 6           | 8                          | 5,1   | 435             | 10,0  | 2                         | 3,8   | 3               | 6,8   |
| 7 tot 8           | 5                          | 3,2   | 204             | 4,7   | 4                         | 7,5   | 0               | 0,0   |
| 9 tot 10          | 1                          | 0,6   | 156             | 3,6   | 2                         | 3,8   | 0               | 0,0   |
| 11 tot 12         | 0                          | 0,0   | 63              | 1,4   | 0                         | 0,0   | 0               | 0,0   |
| 13 tot 14         | 0                          | 0,0   | 59              | 1,4   | 0                         | 0,0   | 0               | 0,0   |
| 15 of meer        | 4                          | 2,5   | 115             | 2,6   | 1                         | 1,9   | 2               | 4,5   |
| TOTAAL            | 158                        | 100,0 | 4355            | 100,0 | 53                        | 100,0 | 44              | 100,0 |
| Beduidendheid     | $\chi^2=16,287$ $p < 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2=4,212$ $p > 0,01$ |       |                 |       |

Hierdie bevinding is dus in 'n mate in ooreenstemming met die tendens wat in paragraaf 4.4.3(e) waargeneem is.

Wat leerlinge uit Landbouskole betref, blyk uit tabel 5.11 dat die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep van die skool afwesig was. Dertig komma twee persent van die ondersoekgroep was nooit afwesig nie teenoor 47,7 persent in die geval van die kontrolegroep. Die verskille is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie tendens is dus in teenstelling met die tendens wat in paragraaf 4.4.3(e) waargeneem is.

## 5.5 INTELEKTUELE VERMOË

Die gemiddelde IK-staneges van die leerlinge verskyn in tabel 5.12.

TABEL 5. 12  
 GEMIDDELTE IK-STANEGES VOLGENS DIE NSAG

| Velde       | Gewone skole     |      |          |                 |       |          | Landbouskole     |      |          |                 |   |          |
|-------------|------------------|------|----------|-----------------|-------|----------|------------------|------|----------|-----------------|---|----------|
|             | Onderzoek= groep |      |          | Kontrole= groep |       |          | Onderzoek= groep |      |          | Kontrole= groep |   |          |
|             | $\bar{X}$        | S    | t-waarde | $\bar{X}$       | S     | t-waarde | $\bar{X}$        | S    | t-waarde | $\bar{X}$       | S | t-waarde |
| Nie-verbaal | 6,03             | 1,90 | 6,25     | 1,80            | 0,738 | 5,33     | 2,21             | 6,00 | 1,58     | 0,818           |   |          |
| Verbaal     | 5,50             | 1,93 | 5,79     | 1,69            | 1,029 | 5,33     | 1,65             | 5,00 | 1,29     | 0,522           |   |          |
| Totaal      | 5,97             | 1,87 | 6,15     | 1,70            | 0,636 | 5,25     | 1,83             | 5,67 | 1,18     | 0,640           |   |          |
| N           | 38               |      |          | 948             |       |          | 12               |      |          | 12              |   |          |

Dit blyk uit tabel 5.12 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, sowel as wat leerlinge uit Landbou-skole betref, daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en kontrolegroep is ten opsigte van intellektuele vermoë nie.

Hierdie bevinding is dus in teenstelling met die bevinding in paragraaf 3.7, maar is in 'n mate in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.5.

## 5.6 SKOLASTIESE BEKWAAMHEID

Onder hierdie opskrif ressorteer gegewens wat betrekking het op die leerlinge se skoleindeksamenpunte en slaag/druipgegewens.

### 5.6.1 Eksamenprestasies

Die leerlinge se gemiddelde prestasies in sekere eksamenvakke word in tabel 5.13 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.13 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep beduidend swakker as die kontrolegroep in Afrikaans Hoër, Engels Hoër, Engels Laer, sowel as in die gemiddelde totaalpunt geprester het.

Hierdie bevinding is in 'n mate in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 3.8.1, maar is in teenstelling met die bevinding in paragraaf 4.6.1.

### 5.6.2 Slaag/Druipgegewens

In tabel 5.14 word aangetoon of die leerlinge standerd 10 geslaag of gedruip het.

Dit blyk uit tabel 5.14 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep standerd 10 gedruip het. Wat leerlinge uit Landbou-skole betref, blyk uit tabel 5.14, dat die ondersoekgroep in 'n groter mate as die kontrolegroep standerd 10 geslaag het. Die verskille wat voorkom, is egter nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

Hierdie bevinding is dus in ooreenstemming met die bevinding in paragraaf 4.6.2.

TABEL 5.13  
GEMIDDELTE PRESTASIE IN SEKERE EKSAMENVAKKE

| Vakke              | Gewone skole   |           |       |      |           |               |    |           |       |          | Landbouskole   |           |       |       |           |               |          |  |  |  |
|--------------------|----------------|-----------|-------|------|-----------|---------------|----|-----------|-------|----------|----------------|-----------|-------|-------|-----------|---------------|----------|--|--|--|
|                    | Ondersoekgroep |           |       |      |           | Kontrolegroep |    |           |       |          | Ondersoekgroep |           |       |       |           | Kontrolegroep |          |  |  |  |
|                    | N              | $\bar{X}$ | S     | N    | $\bar{X}$ | S             | N  | $\bar{X}$ | S     | t-waarde | N              | $\bar{X}$ | S     | N     | $\bar{X}$ | S             | t-waarde |  |  |  |
| Afrikaans Hoër     | 115            | 45,0      | 9,27  | 2373 | 49,8      | 8,90          | 53 | 42,3      | 10,03 | 5,635*   | 42             | 45,2      | 7,53  | 1,535 |           |               |          |  |  |  |
| Afrikaans Laer     | 42             | 47,9      | 13,01 | 1935 | 45,3      | 11,61         | 1  | 40,0      | 0,00  | 1,431    | 2              | 35,0      | 5,60  | 0,577 |           |               |          |  |  |  |
| Engels Hoër        | 42             | 41,4      | 9,40  | 1980 | 47,3      | 9,01          | 1  | 40,0      | 0,00  | 4,194*   | 2              | 45,0      | 5,00  | 0,577 |           |               |          |  |  |  |
| Engels Laer        | 115            | 36,3      | 9,09  | 2351 | 44,6      | 11,75         | 53 | 34,2      | 10,89 | 7,464*   | 42             | 33,3      | 5,43  | 0,420 |           |               |          |  |  |  |
| Wiskunde           | 112            | 36,6      | 15,90 | 1337 | 37,1      | 14,50         | 11 | 30,0      | 14,77 | 0,348    | 14             | 30,7      | 6,84  | 0,141 |           |               |          |  |  |  |
| Geskiedenis        | 77             | 43,5      | 11,48 | 1461 | 44,8      | 14,28         | 0  | -         | -     | 0,785    | 9              | 34,4      | 10,56 | -     |           |               |          |  |  |  |
| Algemene Wetenskap | 0              | -         | -     | 2    | 30,0      | 20,00         | 25 | 44,4      | 11,34 | -        | 3              | 40,0      | 15,33 | 0,580 |           |               |          |  |  |  |
| Biologie           | 79             | 43,7      | 12,94 | 2456 | 44,9      | 12,93         | 19 | 41,6      | 13,48 | 0,812    | 35             | 42,0      | 10,54 | 0,118 |           |               |          |  |  |  |
| Totaalpunt         | 157            | 42,9      | 8,83  | 4331 | 46,0      | 9,37          | 54 | 43,9      | 8,91  | 4,079*   | 44             | 41,8      | 5,33  | 1,272 |           |               |          |  |  |  |

\*Beduidend op die 1%-peil

TABEL 5.14

VERDELING VOLGENS DIE FEIT OF LEERLINGE STANDERD 10 GESLAAG OF GEDRUIP HET

| Vordering     | Gewone skole              |       |                 |       | Landbou-skole             |       |                 |       |
|---------------|---------------------------|-------|-----------------|-------|---------------------------|-------|-----------------|-------|
|               | Ondersoek= groep          |       | Kontrole= groep |       | Ondersoek= groep          |       | Kontrole= groep |       |
|               | N                         | %     | N               | %     | N                         | %     | N               | %     |
| Slaag         | 131                       | 84,0  | 3761            | 86,7  | 47                        | 87,0  | 36              | 81,8  |
| Druip         | 25                        | 16,0  | 576             | 13,3  | 7                         | 13,0  | 8               | 18,2  |
| TOTAAL        | 156                       | 100,0 | 4337            | 100,0 | 54                        | 100,0 | 44              | 100,0 |
| Beduidendheid | $\chi^2=0,756$ $p > 0,01$ |       |                 |       | $\chi^2=0,044$ $p > 0,01$ |       |                 |       |

## 5.7 AANLEG

Die gemiddelde stasgepunte wat die leerlinge in die Senior Aanleg-toetse behaal het, word in tabel 5.15 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.15 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, die ondersoekgroep beduidend beter as die kontrolegroep in die velde Ruimtelik 2-D, Ruimtelik 3-D en Koördinasie geprester het. Die velde Ruimtelik 2-D en Ruimtelik 3-D meet aanleg vir tweedimensionele en driedimensionele visualisering, terwyl die veld Koördinasie 'n psigo-motoriese koördinasiefaktor meet. Die ondersoek het egter beduidend swakker as die kontrolegroep in die veld Geheue (Simbole) geprester. Die velde Geheue (Simbole) is gerig op die meet van korttermyngeheue.

Dit wil dus voorkom asof die ondersoekgroep in vergelyking met die kontrolegroep 'n minder goeie geheue het, maar dat hulle 'n goeie verbeelding het en handig is met hulle hande.

Hierdie bevinding is dus in teenstelling met die bevindings in paragrawe 3.9.2 en 4.7.2.

Wat die leerlinge uit Landbou-skole betref, blyk uit tabel 5.15 dat die ondersoekgroep beduidend swakker as die kontrolegroep in die velde Patroonvoltooiing en Koördinasie geprester het. Die veld Patroonvoltooiing meet redeneringsvermoë.

Dit wil dus voorkom asof die ondersoekgroep 'n swakker redeneringsvermoë, sowel as 'n swakker psigo-motoriese koördinasievermoë as die kontrolegroep het.

TABEL 5.15  
GEMIDDELDE STANEGERPUNT IN DIE SAT

| Veld               | Gewone skole     |      |           |                 |      |           | Landbou skole    |      |           |                 |        |           |
|--------------------|------------------|------|-----------|-----------------|------|-----------|------------------|------|-----------|-----------------|--------|-----------|
|                    | Onderzoek= groep |      |           | Kontrole= groep |      |           | Onderzoek= groep |      |           | Kontrole= groep |        |           |
|                    | $\bar{X}$        | S    | t- waarde | $\bar{X}$       | S    | t- waarde | $\bar{X}$        | S    | t- waarde | $\bar{X}$       | S      | t- waarde |
| Verbale Begrip     | 4,45             | 2,31 | 1,90      | 4,79            | 1,90 | 1,072     | 3,55             | 1,67 | 3,42      | 1,12            | 0,211  |           |
| Berekeninge        | 4,37             | 1,72 | 1,88      | 4,62            | 1,88 | 0,805     | 3,73             | 1,54 | 4,33      | 1,03            | 1,057  |           |
| Woordbou           | 4,55             | 1,89 | 1,76      | 4,83            | 1,76 | 0,957     | 4,27             | 1,91 | 3,50      | 1,19            | 1,118  |           |
| Vergelyking        | 4,55             | 1,89 | 2,07      | 5,08            | 2,07 | 1,553     | 3,46             | 2,06 | 3,58      | 1,61            | 0,150  |           |
| Patroonvoltooiing  | 4,84             | 2,16 | 1,89      | 4,76            | 1,89 | 0,255     | 3,36             | 1,49 | 5,25      | 1,23            | 3,172* |           |
| Figuurreekse       | 5,08             | 1,80 | 1,83      | 4,71            | 1,83 | 1,220     | 4,00             | 1,28 | 4,33      | 1,37            | 0,568  |           |
| Ruimtelik 2-D      | 5,74             | 1,85 | 1,91      | 4,55            | 1,91 | 3,773*    | 4,36             | 1,72 | 4,83      | 1,52            | 0,665  |           |
| Ruimtelik 3-D      | 5,79             | 1,77 | 1,84      | 4,57            | 1,84 | 4,018*    | 5,46             | 1,92 | 3,75      | 1,88            | 2,061  |           |
| Geheue (Paragraaf) | 4,63             | 1,72 | 1,76      | 5,17            | 1,76 | 1,852     | 4,00             | 1,41 | 4,58      | 1,32            | 0,972  |           |
| Geheue (Simbole)   | 4,11             | 1,79 | 1,75      | 4,86            | 1,75 | 2,580*    | 4,00             | 2,13 | 4,00      | 1,35            | 0,000  |           |
| Koördinasie        | 5,71             | 1,97 | 1,86      | 4,78            | 1,86 | 2,989*    | 4,09             | 1,93 | 5,92      | 0,76            | 2,906* |           |
| Skryfspoed         | 4,92             | 1,51 | 1,92      | 5,01            | 1,92 | 0,285     | 4,00             | 2,05 | 4,75      | 1,74            | 0,908  |           |
| N                  | 38               |      | 950       |                 |      | 11        |                  |      | 12        |                 |        |           |

\*Beduidend op die 1%-peil

Dit is opmerklik dat wat die veld Koördinasie betref, die ondersoekgroep uit gewone skole beduidend beter as die kontrolegroep uit gewone skole geprester het, terwyl die ondersoekgroep uit Landbouskole beduidend swakker as die kontrolegroep uit Landbouskole geprester het. Dit val te betwyfel of die soort skool, as sodanig, enige bydrae tot hierdie verskynsel gelewer het.

## 5.8 BELANGSTELLING

Die gemiddelde stanegepunte wat die leerlinge in die GSZ-belangstellingsvraelys behaal het, word in tabel 5.16 weergegee.

Dit blyk uit tabel 5.16 dat, wat leerlinge uit gewone skole betref, sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, die ondersoekgroep beduidend beter as die kontrolegroep in die veld Buitenshuis-Natuur geprester het. Die ondersoekgroep uit gewone skole het in die W- en H-rigting, terwyl die ondersoekgroep uit Landbouskole net in die W-rigting beduidend beter as die kontrolegroep geprester het. Die veld Euitenshuis-Natuur meet belangstelling in aktiwiteite wat te doen het met landbou, bosbou en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word.

Dit wil dus voorkom asof die ondersoekgroep se belangstelling in ooreenstemming is met hulle beroepsbeoefening.

## 5.9 SAMEVATTING

### 5.9.1 Biografiese en agtergrondgegewens

Biografiese en agtergrondgegewens wat uit die Biografiese Vraelys verkry is, is onder die volgende hoofde ingedeel: persoonlike besonderhede, gesinsagtergrond en skool- en studieaangeleenthede.

#### (a) Persoonlike besonderhede

Wat leerlinge uit gewone skole betref, blyk dat die ondersoekgroep hoofsaaklik Afrikaanssprekend is. Wat leerlinge uit Landbouskole betref, is die ondersoekgroep, sowel as die kontrolegroep hoofsaaklik Afrikaanssprekend. Die ondersoekgroep uit gewone skole is oor die algemeen gesonder as die kontrolegroep uit gewone skole. Wat leerlinge uit Landbouskole betref, is die verskille tussen die ondersoekgroep ten opsigte van hulle gesondheidstoestand nie beduidend op die 1-persentpeil nie.

TABEL 5.16  
GEMIDDELTE STANEGERPUNTE IN DIE GSZ-BELANGSTELLINGSVRAELYS

| Velde                    |   | Gewone skole        |      |                    |      |              | Landbouskole        |      |                    |      |              |
|--------------------------|---|---------------------|------|--------------------|------|--------------|---------------------|------|--------------------|------|--------------|
|                          |   | Ondersoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      | t-<br>waarde | Ondersoek=<br>groep |      | Kontrole=<br>groep |      | t-<br>waarde |
|                          |   | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    |              | $\bar{X}$           | S    | $\bar{X}$          | S    |              |
| Kuns-Waardering          | W | 4,92                | 1,66 | 5,11               | 1,73 | 0,665        | 4,91                | 1,44 | 4,58               | 0,76 | 0,663        |
|                          | H | 4,52                | 1,99 | 4,69               | 1,87 | 0,406        | 4,38                | 1,65 | 4,70               | 2,37 | 0,306        |
| Kuns-Ekspressie          | W | 4,63                | 1,66 | 4,96               | 1,83 | 1,093        | 4,91                | 1,68 | 4,33               | 0,94 | 0,988        |
|                          | H | 4,38                | 1,43 | 4,87               | 1,84 | 1,201        | 4,38                | 1,80 | 3,80               | 2,18 | 0,571        |
| Taal-Waardering          | W | 5,47                | 1,83 | 5,01               | 1,75 | 1,586        | 5,46                | 1,74 | 5,58               | 1,04 | 0,195        |
|                          | H | 4,57                | 1,65 | 4,61               | 1,84 | 0,098        | 4,00                | 1,12 | 4,30               | 1,68 | 0,410        |
| Taal-Ekspressie          | W | 5,13                | 1,77 | 5,18               | 1,66 | 0,182        | 5,00                | 1,21 | 5,42               | 0,86 | 0,924        |
|                          | H | 4,57                | 1,33 | 4,77               | 1,74 | 0,578        | 4,88                | 1,69 | 4,60               | 2,06 | 0,292        |
| Wetenskap-Navorsing      | W | 5,00                | 1,88 | 4,81               | 1,71 | 0,668        | 5,09                | 1,78 | 4,67               | 1,18 | 0,642        |
|                          | H | 4,91                | 1,57 | 4,79               | 1,72 | 0,313        | 5,38                | 1,65 | 4,20               | 1,47 | 1,509        |
| Wetenskap-Teoreties      | W | 4,92                | 1,80 | 5,05               | 1,61 | 0,486        | 4,64                | 1,23 | 4,92               | 0,95 | 0,587        |
|                          | H | 5,05                | 1,81 | 5,10               | 1,35 | 0,162        | 4,88                | 2,10 | 4,80               | 1,25 | 0,095        |
| Meganies-Hantering       | W | 5,95                | 1,79 | 5,67               | 1,69 | 1,000        | 6,36                | 1,50 | 5,42               | 0,95 | 1,733        |
|                          | H | 6,05                | 1,81 | 5,43               | 1,49 | 1,841        | 4,38                | 1,87 | 4,70               | 1,27 | 0,407        |
| Meganies-Ontwerp         | W | 5,18                | 1,92 | 5,58               | 1,62 | 1,483        | 5,54                | 1,78 | 5,17               | 1,14 | 0,588        |
|                          | H | 5,17                | 1,83 | 5,65               | 1,27 | 0,207        | 5,00                | 1,73 | 5,30               | 1,62 | 0,357        |
| Buitenshuis-Natuur       | W | 6,76                | 1,39 | 5,23               | 1,77 | 5,256*       | 7,82                | 0,94 | 6,08               | 1,38 | 3,348*       |
|                          | H | 6,24                | 1,15 | 4,99               | 1,86 | 3,052*       | 4,38                | 1,93 | 5,20               | 2,27 | 0,766        |
| Buitenshuis-Sport        | W | 5,37                | 1,72 | 5,22               | 1,79 | 0,507        | 5,09                | 1,44 | 5,25               | 1,10 | 0,288        |
|                          | H | 4,48                | 2,02 | 4,84               | 1,85 | 0,865        | 5,38                | 2,12 | 5,10               | 1,81 | 0,285        |
| Besigheid-Handel         | W | 5,24                | 1,83 | 5,45               | 1,73 | 0,732        | 5,00                | 1,13 | 4,92               | 1,12 | 0,163        |
|                          | H | 5,29                | 1,96 | 5,18               | 1,67 | 0,293        | 5,38                | 1,73 | 5,30               | 1,61 | 0,095        |
| Besigheid-Bedryfsleiding | W | 5,05                | 1,86 | 5,30               | 1,78 | 0,881        | 5,00                | 0,85 | 5,25               | 1,30 | 0,516        |
|                          | H | 5,00                | 1,57 | 4,84               | 1,66 | 0,433        | 5,25                | 1,85 | 4,70               | 1,49 | 0,658        |
| Sosiaal-Oorreding        | W | 5,37                | 1,94 | 5,30               | 1,73 | 0,243        | 6,00                | 1,13 | 5,50               | 1,04 | 1,056        |
|                          | H | 5,29                | 1,64 | 4,84               | 1,79 | 1,127        | 5,13                | 1,62 | 5,10               | 1,30 | 0,041        |
| Sosiaal-Gesellig         | W | 5,13                | 1,78 | 5,11               | 1,91 | 0,063        | 5,00                | 1,48 | 4,83               | 1,52 | 0,260        |
|                          | H | 4,91                | 2,00 | 4,73               | 1,86 | 0,431        | 5,25                | 1,79 | 4,10               | 1,51 | 1,394        |
| Persoonlike Diens        | W | 5,08                | 2,10 | 5,26               | 1,90 | 0,570        | 5,64                | 1,43 | 5,00               | 1,35 | 1,053        |
|                          | H | 4,95                | 1,79 | 4,91               | 1,82 | 0,098        | 5,50                | 1,94 | 3,70               | 1,62 | 2,027        |
| Maatskaplike Diens       | W | 5,03                | 1,78 | 4,96               | 1,83 | 0,232        | 5,46                | 0,78 | 4,92               | 0,86 | 1,499        |
|                          | H | 4,48                | 1,22 | 4,93               | 1,76 | 1,157        | 5,13                | 1,45 | 4,90               | 1,14 | 0,355        |
| Kantoorwerk-Klerklik     | W | 5,24                | 1,71 | 5,83               | 1,79 | 1,999        | 5,27                | 1,29 | 5,42               | 0,76 | 0,329        |
|                          | H | 5,24                | 0,81 | 5,47               | 1,47 | 0,690        | 5,25                | 1,64 | 5,40               | 1,28 | 0,205        |
| Kantoorwerk-Numeries     | W | 5,16                | 1,84 | 5,77               | 1,63 | 2,244        | 5,36                | 1,37 | 5,50               | 0,65 | 0,304        |
|                          | H | 5,52                | 1,30 | 5,44               | 1,51 | 0,238        | 4,86                | 1,36 | 5,10               | 1,38 | 0,319        |
| N                        |   | 21                  |      | 443                |      |              | 8                   |      | 10                 |      |              |

\*Beduidend op die 1%-peil



### (b) Gesinsagtergrond

Wat beroep van vader/stiefvader/voog betref, blyk dat die ondersoek= groep uit gewone skole sowel as uit Landbouskole hoofsaaklik boerdery as be= roep beoefen. Wat betref die grootte van die gesin, die posisie van die leer= ling in die gesin sowel as die feit of van die leerlinge se ouers oorlede is, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrole= groep uit gewone sowel as uit Landbouskole gevind nie.

### (c) Skool- en studieaangeleenthede

Die grootste gedeelte van die ondersoekgroep uit gewone sowel as uit Landbouskole het in Kaapland skoolgegaan, terwyl die grootste gedeelte van die kontrolegroep, uit gewone sowel as uit Landbouskole, in Transvaal skoolgegaan het. Wat die ligging van die skool betref, blyk dat die grootste gedeelte van die ondersoekgroep uit gewone skole, skole bygewoon het wat in dorpe ge= leë is, terwyl die grootste gedeelte van die kontrolegroep uit gewone skole, in skole was wat in 'n stad of stedelike gebied geleë is. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, blyk dat die ondersoekgroep sowel as die kontrole= groep hoofsaaklik in skole was wat in 'n dorp of op 'n plaas geleë is. Die ondersoekgroepleerlinge uit gewone, sowel as uit Landbouskole het in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel. Die ondersoekgroepleerlinge uit gewone sowel as uit Landbouskole, is positiewer ten opsigte van opleidings= aspirasies as die kontrolegroep. Die ondersoekgroepleerlinge uit gewone skole was in 'n mindere mate as die kontrolegroep uit gewone skole afwesig. Die ondersoekgroepleerlinge uit Landbouskole was egter in 'n groter mate as die kontrolegroep uit Landbouskole afwesig.

### 5.9.2 Intellektuele vermoë

Wat leerlinge uit gewone skole betref, sowel as wat leerlinge uit Landbouskole betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoek= groep en die kontrolegroep ten opsigte van intellektuele vermoë nie.

### 5.9.3 Skolastiese prestasies

Wat leerlinge uit gewone skole betref, het die ondersoekgroep be= duidend swakker as die kontrolegroep in die vakke Afrikaans Hoër, Engels Hoër, Engels Laer, sowel as in die gemiddelde totaalpunt gepresteer. Wat die leerlinge uit Landbouskole betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die kontrolegroep ten opsigte van eksamenpres= tasies nie.

Wat slaag/druipgegewens betref, is daar nie beduidende verskille tussen die ondersoekgroep en kontrolegroep uit gewone, sowel as uit Landbou-skole nie.

#### 5.9.4 Aanleg

Wat leerlinge uit gewone skole betref, het die ondersoekgroep beter as die kontrolegroep in die velde Ruimtelik 2-D, Ruimtelik 3-D en Koördinasie van die Senior Aanlegtoetse gepresteer, terwyl die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep in die veld Geheue (Simbole) gepresteer het. Wat leerlinge uit Landbou-skole betref, het die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep in die velde Patroonvoltooiing en Koördinasie gepresteer.

#### 5.9.5 Belangstelling

Wat leerlinge uit gewone skole, sowel as wat leerlinge uit Landbou-skole betref, het die ondersoekgroep beduidend beter as die kontrolegroep in die veld Buitenshuis-Natuur van die GSZ-belangstellingsvraelys gepresteer. Die veld Buitenshuis-Natuur dui op belangstelling in boerdery en soortgelyke aktiwiteite wat buitenshuis verrig word.

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING

#### 6.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek ten opsigte van seuns wat in boerdery as beroep belangstel, sowel as seuns wat werklik tot boerdery as beroep toegetree het nadat hulle die skool verlaat het, is uitgevoer met behulp van gegewens wat deur middel van Projek Talentopname verkry is. Die algemene breë doelstelling met Projek Talentopname, wat in 1965 'n aanvang geneem het, is om te bepaal wat die Republiek van Suid-Afrika se Blanke mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel om die potensiële mannekrag maksimaal te laat ontwikkel.

Uit bogenoemde breë doelstelling vloei 'n aantal afsonderlike doelstellings waarvan een die raming van mannekrag in 'n bepaalde rigting is. Laasgenoemde doelstelling het meer spesifiek betrekking op die huidige ondersoek.

#### 6.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met die ondersoek was om te bepaal watter eienskappe kenmerkend van potensiële sowel as werklike boere is. Met ander woorde of hulle sodanig van ander leerlinge onderskeibaar is dat hulle vroeg reeds vir die boerderyberoep "gekeur" en geskool sou kon word. 'n Verdere doelstelling met hierdie projek was om te bepaal of Landbouskole na verhouding meer potensiële boere oplei en boere lewer as ander skole.

'n Verdere aanvanklike doelstelling van die ondersoek was om ontledings vir afsonderlike landboustreke te doen maar hiervan moes afgesien word vanweë die relatief klein getal leerlinge in die ondersoekgroepe.

#### 6.3 METODE VAN ONDERSOEK

##### 6.3.1 Die ondersoekgroepe

Die ondersoekgroepe is verskillend saamgestel vir hoofstukke 3, 4 en 5.

(a) Hoofstuk 3

In hoofstuk 3 is van drie ondersoekgroepe gebruik gemaak, naamlik 'n ondersoekgroep op standerd 6-vlak, 'n ondersoekgroep op standerd 8-vlak en 'n ondersoekgroep op standerd 10-vlak. Al drie dié ondersoekgroepe is op grond van 'n enkele kriterium, naamlik beroepskeuse, geselekteer. Slegs dié seuns wat in die Biografiese Vraelyste aangetoon het dat hulle boere wil word, is in die ondersoekgroepe ingesluit. Op standerd 6- en standerd 10-vlak is die ondersoekgroepe uit die universum geselekteer, maar op standerd 8-vlak is van 'n 20-persent-ewekansige steekproef gebruik gemaak. Die ondersoekgroepe bestaan uit 3505 leerlinge op standerd 6-vlak, 424 leerlinge op standerd 8-vlak en 1378 leerlinge op standerd 10-vlak.

(b) Hoofstuk 4

In hoofstuk 4 is daar twee ondersoekgroepe. Al die skoolverlaters voor standerd 10 vir wie gegewens beskikbaar is, wat in die Vraelys aan Skoolverlaters voor standerd 10 aangedui het dat hulle boerdery as beroep beoefen, is geselekteer. Op grond van die gegewens wat hulle in standerd 6 in die Biografiese Vraelys verstrek het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (i) boere uit gewone skole (44 leerlinge) en (ii) boere uit Landbou-skole (14 leerlinge).

(c) Hoofstuk 5

In hoofstuk 5 is ook van twee ondersoekgroepe gebruik gemaak. Al die leerlinge wat in die Vraelys aan Skoolverlaters na standerd 10 aangedui het dat hulle gaan boer het, is geselekteer. Op grond van die inligting wat hulle in standerd 10 in die Biografiese Vraelys verstrek het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (i) boere uit gewone skole (158 leerlinge) en (ii) boere uit Landbouskole (54 leerlinge).

6.3.2 Die kontrolegroepe

Die kontrolegroepe is verskillend saamgestel vir hoofstukke 3, 4 en 5.

(a) Hoofstuk 3

In hoofstuk 3 is van drie kontrolegroepe gebruik gemaak, naamlik 'n kontrolegroep op standerd 6-vlak, 'n kontrolegroep op standerd 8-vlak en 'n kontrolegroep op standerd 10-vlak. Die kontrolegroepe op standerd 6- en standerd 8-vlak bestaan uit 'n 20-persent-ewekansige steekproef van dié seuns wat in die Biografiese Vraelys aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery wil beoefen. Op standerd 10-vlak is egter nie 'n steekproef getrek nie en al die seuns wat aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery

wil beoefen, is in die kontrolegroep ingesluit. Die kontrolegroepe bestaan op standerd 6-vlak uit 6430 leerlinge, op standerd 8-vlak uit 941 leerlinge en op standerd 10-vlak uit 15 962 leerlinge.

(b) Hoofstuk 4

In hoofstuk 4 is daar twee kontrolegroepe. Al die skoolverlaters voor standerd 10 vir wie gegewens beskikbaar is, wat in die Vraelys aan Skoolverlaters voor standerd 10 aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery wil beoefen, is geselekteer. Op grond van die gegewens wat hulle in standerd 6 in die Biografiese Vraelys verstrek het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (i) leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil beoefen uit gewone skole (1512 leerlinge) en (ii) leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil beoefen uit Landbou-skole (32 leerlinge).

(c) Hoofstuk 5

In hoofstuk 5 is daar ook twee kontrolegroepe. Al die leerlinge wat in die Vraelys aan Skoolverlaters na standerd 10 aangedui het dat hulle ander beroepe as boerdery beoefen, is geselekteer. Op grond van die inligting wat hulle in 1969 in die Biografiese Vraelys verstrek het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik (i) leerlinge uit gewone skole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het (4356 leerlinge) en (ii) leerlinge uit Landbou-skole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het (44 leerlinge).

6.3.3 Meetinstrumente

Die ondersoekgroepe is met die kontrolegroepe aan die hand van die volgende meetinstrumente vergelyk:

- (a) Biografiese Vraelyste
- (b) Onderwysersvraelys
- (c) Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG)
- (d) Skolastiese Toetse
- (e) Tegniiese Toetse (TT)
- (f) Junior Aanlegtoetse (JAT)
- (g) Senior Aanlegtoetse (SAT)
- (h) GSZ-belangstellingsvraelys

## 6.4 BEVINDINGE

### 6.4.1 Agtergrond en verbandhoudende aspekte

Die beeld wat van die onderzoekgroepe verkry is met behulp van die Biografiese Vraelys, is saamgevat onder die hoofde persoonlike besonderhede, gesinsagtergrond en skool- en studieaangeleenthede.

#### (a) Persoonlike besonderhede

Dit het uit hierdie ondersoek geblyk dat boerdery as beroep hoofsaaklik bedryf word deur die Afrikaanssprekende deel van die bevolking. Dit het verder geblyk dat die onderzoekgroep oor die algemeen in 'n geringe mate beter gesondheid as die kontrolegroep geniet.

#### (b) Gesinsagtergrond

Wat die beroep van vader/stiefvader/voog betref, blyk dat die ondersoekgroep se vaders in hoofsaak boerdery as beroep beoefen. Dit wil verder voorkom of daar nie 'n verband tussen boerdery as beroep aan die een kant en gesinsgrootte, posisie van die leerling in die gesin en die feit of van die leerlinge se ouers oorlede is aan die ander kant is nie.

#### (c) Skool- en studieaangeleenthede

Dit het geblyk dat daar oor die algemeen 'n groter persentasie boere skole besoek het wat in Kaapland en die Oranje-Vrystaat geleë is as leerlinge wat ander beroepe beoefen, terwyl 'n kleiner persentasie boere as leerlinge wat ander beroepe beoefen uit Transvaal en Natal afkomstig is. Wat die ligging van die skole betref, het geblyk dat die leerlinge wat boere wil word of boere geword het, hoofsaaklik skole besoek het wat in 'n dorp of op 'n plaas geleë is, terwyl die leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen of beoefen, hoofsaaklik skole bygewoon het wat in stede of stedelike gebiede geleë is. Die ondersoekgroep was minder van die skool afwesig en hulle het ook in 'n mindere mate as die kontrolegroep van skool verwissel.

### 6.4.2 Onderwysersbeoordeling

Volgens die leerlinge se klasonderwysers (standerd 6-vlak) het 'n kleiner persentasie van die aspirant-boere as die leerlinge wat ander beroepe wil gaan beoefen 'n kans om standerd 10 te slaag. Die klasonderwysers is verder van mening dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep ywer in hulle skoolwerk openbaar. Die aspirant-boere toon, volgens die klasonderwysers, in 'n mindere mate aanleg vir 'n besondere vak of vakgebied. Dit het verder geblyk dat die ondersoekgroep in 'n mindere mate as die kontrolegroep stukkies draai.

#### 6.4.3 Intellektuele vermoë

Dit het in hierdie ondersoek geblyk dat die aspirant-boere op standerd 6-, 8- en 10-vlak intellektueel swakker daaraan toe is as die leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen. Die skoolverlaters voor standerd 10 uit gewone skole wat gaan boer het, is ook intellektueel swakker daaraan toe as die skoolverlaters voor standerd 10 uit gewone skole wat ander beroepe as boerdery gaan beoefen het. Wat die skoolverlaters voor standerd 10 uit Landbou-skole, sowel as die skoolverlaters na standerd 10 uit gewone en Landbou-skole betref, is die verskille tussen die ondersoekgroepe en kontrolegroepe nie beduidend op die 1-persentepeil nie.

#### 6.4.4 Skolastiese prestasies

Die aspirant-boere op standerd 6-, 8- en 10-vlak, sowel as die skoolverlaters na standerd 10 uit gewone skole wat gaan boer het, het swakker as die kontrolegroepe in hulle skoolvakke gepresteer. Wat die skoolverlaters voor standerd 10, sowel as die skoolverlaters na standerd 10 uit Landbou-skole betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroepe en die kontrolegroepe gevind ten opsigte van hul prestasies in skoolvakke nie.

Die aspirant-boere het in 'n groter mate as die leerlinge wat ander beroepe wil gaan beoefen standerd 6 gedruip; op standerd 8-vlak was die druipersentasie van die twee groepe min of meer dieselfde, terwyl die aspirant-boere in 'n mindere mate as die leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen standerd 10 gedruip het. Wat die skoolverlaters voor standerd 10, sowel as die skoolverlaters na standerd 10 betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroepe en kontrolegroepe ten opsigte van slaag/druip gevind nie.

#### 6.4.5 Aanleg

##### (a) Tegniese Toetse

Die aspirant-boere het op standerd 6- en standerd 8-vlak swakker as die leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen in al die velde van die Tegniese Toetse gepresteer. Wat die skoolverlaters voor standerd 10 betref, is die verskille tussen die ondersoekgroepe en kontrolegroepe nie beduidend op die 1-persentepeil nie. Die Tegniese Toetse is slegs op standerd 6- en standerd 8-vlak toegepas.

(b) Junior en Senior Aanlegtoetse

Die aspirant-boere het in al die velde van die Junior Aanlegtoetse (standerd 5-vlak) en Senior Aanlegtoetse (standerd 8- en standerd 10-vlak) swakker gepresteer as die leerlinge wat ander beroepe as boerdery wil gaan beoefen. Wat skoolverlaters voor standerd 10 betref, is daar geen beduidende verskille tussen die ondersoekgroepe en kontrolegroepe ten opsigte van aanleg gevind nie. Wat skoolverlaters na standerd 10 uit gewone skole betref, het die ondersoekgroep beter as die kontrolegroep in die velde Ruimtelik 2-D, Ruimtelik 3-D en Koördinasie van die Senior Aanlegtoetse gepresteer, terwyl die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep in die veld Geheue (Simbole) gepresteer het. Wat die skoolverlaters na standerd 10 uit Landbouskole betref, het die ondersoekgroep swakker as die kontrolegroep in die velde Patroonvoltooiing en Koördinasie gepresteer.

6.4.6 Belangstelling

Dit het geblyk dat die ondersoekgroepleerlinge deurgaans in 'n groter mate as die kontrolegroep belangstelling geopenbaar het wat verband hou met boerdery.

6.5 SLOT

Miskien is die belangrikste bevinding van die ondersoek dat die oogmerk met Landbouskole blykbaar bereik word, aangesien 'n aansienlik hoër persentasie leerlinge uit Landbouskole tot die boerdery as beroep toetree as leerlinge uit ander skole.



## LITERATUURVERWYSINGS

- 1 CHAMBERLAIN, J.C. The development of a proficiency test battery in  
Arithmetic, English and Afrikaans for post-form III Bantu pupils.  
Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1973, (M.Ed.-verhandeling.)
- 2 MÖLLER, N.J. Intellektuele vermoëns. In : Sielkunde I-Studiegids.  
Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1966.
- 3 RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Voorlopige handleiding vir  
die Senior Aanlegtoetse. Pretoria, Instituut vir Psigometriese  
Navorsing, 1970.
- 4 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Derde (finale) verslag van die kommissie  
van ondersoek na die landbou. Pretoria, Staatsdrukker, 1972.
- 5 ROOS, W.L. Die 1965-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir  
Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 6 ROOS, W.L. Die 1967-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir  
Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.
- 7 ROOS, W.L. Die 1969-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir  
Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975.
- 8 VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die doel en eksperimentele opset van  
Projek Talentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike  
Navorsing, 1970.

Doc 59196  
191 20 Feb



